

University of Pretoria etd – Kotze, J (2004)

**Graad sewe-leerders van die Wolmer-gemeenskap se persepsies oor  
hulle toekomsverwagting**

**Deur**

**JEANNE KOTZE**

**Graad sewe-leerders van die Wolmer-gemeenskap se persepsies oor  
hulle toekomsverwagting**

**Deur**

**JEANNE KOTZE**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK): SPELTERAPIE**

**In die Departement Maatskaplike Werk  
Fakulteit Geesteswetenskappe**

**aan die  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: DR J MC JOUBERT**

## DANKBETUIGINGS

Dank aan my hemelse Vader vir die genade wat ek daagliks ontvang en vir my toekoms wat seker is in Sy hande. My opregte dank en waardering aan die volgende persone sonder wie se leiding, begrip, geduld en motivering die voltooiing van hierdie navorsing nie moontlik sou gewees het nie.

- Dr Kotie Joubert wat gestalte gegee het aan die begrip verdraagsaamheid en sonder wie die afhandeling van hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie;
- My talentvolle en pragtige adolessente, Celesti en Jannes, wat my elke dag opnuut laat kennis neem van die opwindende geleentheid van die huidige generasie adolessente;
- “Behuising se kinders” wat in die ekonomiese wooneenhede in Wolmer woonagtig is en wat aan die studie deelgeneem het sowel as die wat nie deelgeneem het nie, maar by wie ek, werksaam in hierdie gebied die afgelope 13 jaar, onbeskryflik baie geleer het;
- Mevrou Louise Serfontein vir die taalversorging van die navorsingsverslag;
- Personeel aan die Akademiese Inligtingsdiens by die Universiteit van Pretoria vir hulle hulp.

**OPSOMMING**

**GRAAD SEWE-LEERDERS VAN DIE WOLMER-GEMEENSKAP SE  
PERSEPSIES OOR HULLE TOEKOMSVERWAGTING**

Deur

JEANNE KOTZE

STUDIELEIER: DR JMC JOUBERT

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK

MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK) : SPELTERAPIE

Daar is ondersoek gedoen na wie die adolessent in Wolmer is en waar die adolessent hom bevind in terme van ingrepe deur hulpbronne. Daar is vasgestel dat die gemeenskap 'n lang geskiedenis van agtergeblewenheid het en dat 'n baie groot persentasie van die gesinne gekenmerk word deur multi-probleme. Daar is ook bevestig dat maatskaplike werk dienste voortdurend hier gelewer word deur verskillende welsynsorganisasies.

Uit die literatuur is daar bevestig dat die benutting van hierdie hulpprogramme, dit wil sê die hulpbronne as sosiale ondersteuning wat hoofsaaklik voorsiening maak vir dienslewering aan gesinne en voorskoolse, laerskool- en vroeë hoërskoolleerders 'n impak behoort te hê op die toekomsverwagtings van die leerders wat hierby betrokke is.

Die doel van hierdie studie was om vas te stel wat die graad sewe leerders se persepsies van hulle toekomsverwagting is en vanuit hierdie bevindinge kon aanbevelings gemaak word met die oog op maatskaplike werk programme vir ouers en kinders in die Wolmergemeenskap.

Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat. Vroeë skoolverlating lei weer tot konflik met die polisie, gevangenisstraf en alkohol- en dwelmmisbruik. Hierdie aspekte blyk deel te wees van die lewe in Wolmer en het uiteindelik weer 'n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die

lewe en sy toekomspektief en sal deur programme aangespreek moet word.

Die navorser se kennis van die Wolmer gemeenskap laat haar tot die gevolgtrekking kom dat die onbetrokkenheid van sommige ouers, die gebrek aan die ouers se behoefte of bedrewenheid om sy kind toereikend vir die lewe toe te rus, hul eie gebrekkige kennis asook 'n ongesonde waardestelsel, 'n groot rol speel in die gedrag en persepsie van die adolessent van sy eie toekomsverwagting.

In die Wolmer gemeenskap gebeur dit soms dat kinders wat deur hul ouers aangeraai word om nie die skool op 'n vroeë ouderdom te verlaat nie, dit bevestig omdat hul ouers self die skool vroeg verlaat het om ekonomies tot die huishouding by te dra.

In gevalle waar 'n adolessent nie kognitief daartoe in staat is om hom/haarself uit sy/haar omgewing te dink, te redeneer, te beplan en verder te neem nie, gaan hy maklik terugval in die sirkelgang van voortbestaan soos die vorige geslagte dit gedoen het. Hy moet gemotiveerd en idealisties wees en realistiese besluite kan neem. Gevolglik is dit van belang dat die adolessent in Wolmer wat nie oor die vermoë tot bogenoemde beskik nie, hierin bygestaan word en dat toekomstige programaanbieding in Wolmer doelbewus hierop sal rig om op die wyse die nuwe geslag te bemagtig.

Ouers oefen 'n groot invloed uit op die keuses van hul kinders. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale indien hul ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat in die Wolmergemeenskap hierdie bystand deur ouers ongelukkig nie 'n algemene verskynsel is nie.

Uit die twee fokusgroepe wat met adolessente gehou is, het dit geblyk dat gebrekkige ouer belangstelling, gebrekkige inligting oor hoër vlak beroepskeuses en gebrekkige finansies 'n groot invloed het op die

toekomsverwagting van die adolessent in Wolmer.

Dit word as ideaal gestel dat adolessente 'n beroep kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikheid sal pas en wat 'n positiewe selfbeeld sal bevorder. Vanwee die omstandighede is dit nie altyd haalbaar vir die adolessente van Wolmer nie. Dit gebeur egter slegs in uitsonderlike gevalle in Wolmer, aangesien die ouers se verwagtings vir hul kinders dikwels geskoei is op hul eie beroepsideale, wat in Wolmer baie laag is.

Portuurgroepdruk en portuurgroepaanvaarding het 'n groot impak op die neem van verantwoordelikheid en keuses wat gemaak word.

Ten einde toekomstige sukses te behaal, kan individue hul probleemoplossende vaardighede gebruik, hul sosiale ondersteuningsnetwerk mobiliseer en betrokke raak by vaardighede wat hul sosiale bevoegdheid bevorder.

Bogenoemde aspekte moet daadwerklik deur maatskaplike werkers aangespreek word in die ontwikkeling van programme wat rig op sosiale ondersteuning, probleemoplossende bevoegdheid, portuurgroep aanvaarding, skoolbetrokkenheid en sosio-ekonomiese aanpassing. vir adolessente in die Wolmergemeenskap. Deur vas te stel wat die toekomsverwagting van die jeugdige self is kan bemagtigingsprogramme in werking gestel word om die jeug te help om deur die jarelange kringloop te breek en hul ideale te verwesenlik.

Die navorser is ten slotte van mening dat dit baie belangrik geword het vir hulpbronne in hierdie gemeenskap om ernstig te besin oor hulle rol, wat betref die bevordering van positiewe toekomsverwagting en as uitkoms die bevordering van ekonomiese onafhanklikheid.

**SUMMARY**

**THE PERCEPTIONS OF GRADE SEVEN LEARNERS FROM THE  
WOLMER COMMUNITY WITH REGARD TO THEIR FUTURE  
EXPECTATIONS**

By

JEANNE KOTZE

PROMOTOR: DR J JOUBERT

DEPARTMENT OF SOCIAL WORK

MAGISTER ARTIUM (SOCIAL WORK) : PLAY THERAPY

It has been determined who the adolescent in the Wolmer community is. An investigation into the adolescent's relationship with the resources in this area was also done. It was determined that this community has a long history of poverty and that a large percentage of the families living here experience a variety of problems. We refer to them as multi-problem families. It has also been confirmed that social services by various organizations have been delivered on an ongoing base over the past eight years.

From the literature we have learned that the use of resource's aid programmes as means of social support, focusing on families, primary and secondary school learners, should have an impact on the future expectations of the children involved.

The aim of this study was to determine what the perception of the grade seven learners of their future expectations was. From this it would then be possible to derive what recommendations should be made with regard to social work programmes for the parents and children in the Wolmer community.

Socio-economic problems that are not addressed cause bad school performance and as a result of this children tend to leave school at an early age. Leaving school at an early age evidently leads to conflict with the police,

imprisonment and alcohol and drug abuse. These aspects tend to be a part of the life in Wolmer and ultimately have an influence on the child attaining his or her goals as well as on his or her future expectations. These will have to be addressed by appropriate school programmes.

The researcher's knowledge of this community leads her to the conclusion that the absence of parenting by the parents of these children, their lack of involvement, lack of skill to equip their children adequately for life, their own lack of adequate knowledge as well as lack of a proper value system tends to play a huge part in the behaviour and perception of the adolescent of their own future expectation.

In the Wolmer community children that are sometimes advised by their parents not to leave school at an early age, question this because of parents leaving school at an early age in order to co-provide for their families.

In cases where children do not have the cognitive ability to change their surroundings, they tend to too fall back in the vicious circle known to them and the generations before them. The child must be motivated and idealistic and be able to make realistic decisions. Because of this it is of the utmost importance that children that do not have the ability with regard to the abovementioned are assisted in doing so. Also that aid programs in future be focused on this in order to empower the new generation.

Parents have a huge influence on the choices made by their children. Regardless of social standing and ability adolescents usually have higher ideals for themselves when their parents motivate them as well as give recognition to good work. The researcher unfortunately came to realize that the assistance by their parents, are a very rare phenomenon in this community.

Out of the two focus groups being held with the adolescents, it seemed a lack of interest by the parents, lack of information on higher education as well as little financial resources, have a huge impact and influence on the future

expectation of the adolescent in Wolmer.

It would be the ideal situation if adolescents chose a career that suited their abilities, interests and personality and that would promote a higher self-esteem. Because of their circumstances this is not always possible for the adolescents in this community. These happen in vary rare cases because the parent's expectations for their children usually fit their expectations for themselves, which is usually very low.

Peer group pressure and peer group acceptance have a huge impact on taking responsibility and on the making of choices.

In order to have future success individuals can use their problem-solving abilities, mobilise their social support system and become involved in skills that will promote their social capability.

The above mentioned should be actively addressed by social workers in the development of programs that focuses on social support, problem-solving skills, peer group acceptance, school involvement and socio-economic adaptation off adolescents in die Wolmer community. By determining the future expectations of the youth, programs for the empowerment of them can be implemented in order to assist the adolescents to break away from the vicious circle of poverty and to reach their ideals.

The researcher is of the opinion that is has become of the utmost importance for the resources in this community, to assess their role presently in the promoting of future expectations and as an outcome of this the promotion of economic-self sustainability.

<b>SLEUTELWOORDE</b>	<b>KEY WORDS</b>
Toekoms	Future
Verwagting	Expectations
Persepsie	Perceptions
Wolmer-gemeenskap	Wolmer community
Graad sewe-leerder	Grade seven learner
Generasie	Generation
Disposisionele optimisme	Dispositional optimism
Ontwikkelingstake	Developmental tasks
Identiteitsontwikkeling	Identity development
Beroepskeuse	Choice of profession
Gedepriweerde milieu	Deprived milieu
Selfkonsep	Self-concept
Ondersteuning	Support
Portuurgroep	Peer group

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1: NAVORSINGSMETODOLOGIE

<b>1.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>1</b>
<b>1.2</b>	<b>MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP</b>	<b>2</b>
<b>1.3</b>	<b>PROBLEEMFORMULERING</b>	<b>4</b>
<b>1.4</b>	<b>DOELSTELLING EN DOELWITTE</b>	
<b>1.4.1</b>	<b>Doelstelling</b>	<b>6</b>
<b>1.4.2</b>	<b>Doelwitte</b>	<b>7</b>
<b>1.5</b>	<b>NAVORSINGSVRAAG</b>	<b>7</b>
<b>1.6</b>	<b>NAVORSINGSBENADERING</b>	<b>7</b>
<b>1.7</b>	<b>SOORT NAVORSING</b>	<b>8</b>
<b>1.8</b>	<b>NAVORSINGSONTWERP</b>	<b>8</b>
<b>1.9</b>	<b>NAVORSINGSPROSEDURE EN -WERKWYSE</b>	<b>9</b>
<b>1.10</b>	<b>VOORONDERSOEK:</b>	<b>11</b>
1.10.1	Literatuurstudie	11
1.10.2	Konsultasie met kundiges	11
1.10.3	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	12
1.10.4	Toetsing van die vraelys/meetinstrument	12
<b>1.11</b>	<b>OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING</b>	<b>13</b>

1.11.1	Universum	13
1.11.2	Populasie	13
1.11.3	Steekproeftrekking	13
<b>1.12</b>	<b>ETIESE ASPEKTE</b>	<b>14</b>
1.12.1	Vrywillige, ingeligte deelname	15
1.12.2	Oortreding van privaatheid	15
1.12.3	Oneerlikheid teenoor respondente	16
1.12.4	Vertroulikheid	16
1.12.5	Bevoegdheid van die navorser	16
<b>1.13</b>	<b>INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG</b>	<b>17</b>
<b>1.14</b>	<b>PROBLEME ERVAAR MET NAVORSING</b>	<b>17</b>
<b>1.15</b>	<b>DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE</b>	<b>17</b>
1.15.1	Toekoms	17
1.15.2	Verwagting	17
1.15.3	Persepsie	18
1.15.4	Wolmer-gemeenskap	18
1.15.5	Graad sewe-leerder	19
1.15.6	Generasie	19

## **HOOFSTUK 2:**

### **ADOLESENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE**

<b>2.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>20</b>
<b>2.2</b>	<b>ADOLESENSIE AS LEWENSFASE</b>	<b>20</b>
2.2.1	Eienskappe van die adolessent	21
2.2.1	Ontwikkelingstake van die adolessent	23

<b>2.3</b>	<b>LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING</b>	<b>24</b>
2.3.1	Adolesente groeiversnelling	24
2.3.2	Seksuele rypwording	24
2.3.3	Sielkundige effek van liggaamlike verandering	24
2.3.4	Tienerswangerskappe	25
<b>2.4</b>	<b>KOGNITIEWE ONTWIKKELING</b>	<b>25</b>
2.4.1	Formeel-operasionele denke	25
2.4.2	Wetenskaplike denke	26
2.4.3	Absolute denke	26
2.4.4	Egosentrisme	26
2.4.5	Geheue	26
2.4.5.1	Werkgeheue	26
2.4.5.2	Semantiese geheue	27
2.4.5.3	Episodiese geheue	27
2.4.5.4	Faktore wat geheueprestasie by adolesente beïnvloed	27
2.4.6	Effek van kognitiewe vermoëns op sekere aspekte van die adolesent se ontwikkeling	27
2.4.6.1	Ouer-kind verhouding	27
2.4.6.2	Beoordeling van sosiale, politieke en religieuse Instellings	27
2.4.6.3	Adolesente idealisme	28
2.4.6.4	Toenemende introspeksie	28
2.4.6.5	Kreatiwiteit	28
<b>2.5</b>	<b>PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING</b>	<b>28</b>
2.5.1	Identiteitsvorming	29
2.5.1.1	Ontwikkeling van 'n identiteit	29
2.5.1.2	Identiteitsverwarring	29
2.5.1.3	Faktore wat identiteitsontwikkeling beïnvloed	30

2.5.2	Invloed van ouers	30
2.5.3	Die selfkonsep	31
2.5.4	Emosies	32
2.5.5	Beroepskeuse	32
2.5.5.1	Teoretiese perspektiewe ten opsigte van beroepskeuse	33
-	Eli Ginzberg se ontwikkelingsteorie	
-	Donald Super se lewensloop-lewensruimte benadering	
-	John Holland se teorie oor persoonlikheidstipes	
2.5.5.2.	Faktore wat beroepslewe beïnvloed	34
<b>2.6</b>	<b>SOSIALE ONTWIKKELING</b>	<b>36</b>
2.6.1	Ouer-adolescente-verhouding	36
2.6.2	Portuurgroepverhoudings	37
2.6.3	Morele ontwikkeling	38
<b>2.7</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>40</b>

### HOOFSTUK 3:

#### DIE INVLOED VAN 'N GEDEPRIVEERDE MILIEU OP DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE HUIDIGE GENERASIE ADOLESSENT

<b>3.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>41</b>
<b>3.2</b>	<b>GEDEPRIVEERDE MILIEU</b>	<b>41</b>
<b>3.3</b>	<b>GENERASIES</b>	<b>41</b>
<b>3.4</b>	<b>Wêreldbekouing en waardeestelsel</b>	<b>42</b>

<b>3.5</b>	<b>GENERASIEGROEPERINGS VAN DIE TWINTIGSTE EEU</b>	<b>43</b>
3.5.1	Twintigste eeuse generasies	44
3.5.2	Voorstelling van adolessente gebore in die verskillende generasies	44
<b>3.6</b>	<b>LINIÊRE EN NIE-LINIÊRE VORMS VAN INLIGTING</b>	<b>46</b>
<b>3.7</b>	<b>DIE DERTIENJARIGE ADOLESSENT VAN DIE TEGNOLOGIESE GENERASIE EN DIE HANTERING VAN INLIGTING</b>	<b>46</b>
<b>3.8</b>	<b>INVLOEDE WAT 'N IMPAK OP DIE ADOLESSENT SE INTERAKSIE MET INLIGTING HET</b>	<b>48</b>
3.8.1	Die invloed van die generasie	48
3.8.2	Invloed van tegnologie	51
3.8.3	Adolessente-ontwikkeling en gedrag van die huidige tegnologiese generasie	52
<b>3.9</b>	<b>PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG EN HUL GESINNE</b>	<b>54</b>
<b>3.10</b>	<b>TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE ADOLESSENT BINNE 'N GEDEPRIVEERDE MILIEU</b>	<b>55</b>
3.10.1	Chroniese stress	55
3.10.2	Disposisionele optimisme	56
3.10.3	Verband tussen positiewe verwagtings en disposisionele Optimisme	56
3.10.4	Abstrakte en persoonlike verwagtings	57
3.10.5	Veranderlikes en positiewe verwagtings	57
3.10.6	Hipotetiese veranderlikes wat verandering in positiewe verwagtings in die toekoms bewerkstellig	57
3.10.7	Veranderlikes wat verandering oor tyd bewerkstellig	58

<b>3.11</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>59</b>
-------------	--------------------	-----------

**HOOFSTUK 4:  
BEVINDINGS VAN DIE EMPIRIESE STUDIE**

<b>4.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>61</b>
<b>4.2</b>	<b>DOELSTELLING VAN DIE STUDIE</b>	<b>61</b>
4.2.1	Doelwitte	61
<b>4.3</b>	<b>NAVORSINGSPROSES</b>	<b>62</b>
<b>4.4</b>	<b>KWALITITIEWE BEVINDINGS: PROSESERING, ANALISERING EN INTERPRETASIE</b>	<b>65</b>
<b>4.5</b>	<b>BEVINDINGE UIT DIE FOKUSGROEPPONDERHOUE</b>	<b>67</b>
<b>4.6</b>	<b>TEMAS EN SUBTEMAS</b>	<b>68</b>
<b>4.7</b>	<b>BESPREKING VAN TEMAS EN SUBTEMAS</b>	<b>70</b>
<b>4.8</b>	<b>GEVOLGTREKKIING</b>	<b>87</b>
<b>4.9</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>89</b>

**HOOFSTUK 5:  
SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

<b>5.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>92</b>
<b>5.2</b>	<b>EVALUERING VAN DOELSTELLING</b>	<b>92</b>
<b>5.3</b>	<b>EVALUERING VAN DOELWITTE</b>	<b>93</b>
<b>5.4</b>	<b>SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS</b>	<b>94</b>
<b>5.5</b>	<b>AANBEVELINGS</b>	<b>100</b>
<b>5.6</b>	<b>NAVORSINGSVRAAG</b>	<b>103</b>
<b>5.7</b>	<b>SLOTGEDAGTE</b>	<b>104</b>
	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>106</b>
	<b>LYS VAN FIGURE EN TABELLE</b>	<b>109</b>
TABEL 1.10.2	Konsultasie met vrywilligers	
TABEL 3. 1:	Generasies van die twintigste eeu	
TABEL 3. 2:	Die huidige geslag dertienjarige adolessente aangedui met X	
TABEL 3.3:	Liniêre en nie-liniêre vorms van inligting	
TABEL3. 4:	Adolessente ontwikkeling en gedrag van die huidige tegnologiese generasie	
TABEL 4.1:	Geslag, ouderdom en skool standaard	
TABEL 4.3:	Skematiese voorstelling van temas en subtemas	

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING

#### 1.1 INLEIDING

Binne die Wolmer-gemeenskap beskik die Direkoraat Behuisingsdienste van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit oor 225 wooneenhede vir gesinne met 'n huishoudelike inkomste van R3500 of minder per maand per gesin.

Die gemeenskap het 'n lang geskiedenis van agtergeblewenheid. 'n Baie groot persentasie van die gesinne word gekenmerk deur multi-probleme en maatskaplike dienste word voortdurend deur verskillende welsynsorganisasies hier gelewer.

Die Direkoraat Behuisingsdienste van Stad Tshwane (voorheen Stadsraad van Pretoria) het gedurende 1994 begin met die oprigting van 'n bykomende 180 sub-ekonomiese wooneenhede tot die bestaande 45 eenhede wat in daardie stadium in hierdie gebied beskikbaar was. Hierdie groter getal eenhede binne 'n reeds verarmde gebied, het 'n voor die hand liggende groter appèl op die formele welsynsektor, sowel as die kerke en skole gemaak.

As voorkomende en ondersteunende aksie was die onmiddellike gemeenskap, sowel as die omliggende gegoede gemeenskappe, gemobiliseer. 'n Aksie bekend as die Wolmer-gemeenskapsprojek is op 1 Mei 1996 gestig. Die Wolmer-gemeenskapsprojek, as inisiatief van die Direkoraat Behuisingsdienste, was vanaf sy ontstaan op die ondersteuning en ontwikkeling van die gemeenskap gerig by wyse van selfhelpgroepe, hulpprogramme en ondersteuningsdienste. Hierdie projek was bykomend tot ander bestaande hulpbronne in hierdie gebied, wat reeds voor 1996 tot stand gekom het.

Die belangrikheid van sosiale netwerke en sosiale ondersteuning word deur Unger en Powell (in Taljaard, 1994:30) uitgewys in hulle verwysing na die feit dat individue dikwels eerder van sosiale ondersteuning gebruik sal maak as van ondersteuning deur formele instansies. Hul bevinding, dat die gesin se vermoë om stresvolle situasies te hanteer sterk verband hou met die ondersteunende sosiale netwerk wat daar in die gemeenskap vir die gesin beskikbaar is, sluit hierby aan.

Volgens Taljaard (1994:29) bestaan daar 'n verband tussen die twee konsepte 'gemeenskapsgevoel' en 'toekomsverwagting', met die twee konsepte 'sosiale ondersteuning' en 'betekenisvolle interaksie'. Betekenisvolle interaksie en sosiale ondersteuning kan volgens Taljaard gemeet word aan die gemeenskapsgevoel en toekomsverwagting.

Die verwagtings ten opsigte van sosiale ondersteuning waarop die individuele gesinne in die toekoms sou kon staatmaak, soos byvoorbeeld binne die Wolmer-gemeenskapsprojek, sou dus ook 'n impak op die individue en hul gesinne hê. Die individue en huisgesinne as subsysteme pas volgens Taljaard (1994:29) hul gedrag aan indien verandering in ander sisteme of subsysteme voorkom.

Gesien in die lig van die bogenoemde sou daar aangevoer kon word dat die benutting van hierdie hulpprogramme, dit wil sê die hulpbronne as sosiale ondersteuning (wat hoofsaaklik voorsiening maak vir dienslewering aan die voorskoolse, laerskool- en vroeë hoërskoolleerders - met ander woorde die groep tussen 6 en 16 jaar), 'n impak behoort te hê op die toekomsverwagtings van die leerders wat hierby betrokke is.

Die huidige graad sewe-leerders was vanaf die ontstaan van die projek potensiële verbruikers van die ontwikkelingsaksies by onder andere die Wolmer-gemeenskapsprojek, die Goeie Nuus Klub en NPOS as hulpbronne wat reeds voor 1996 hul ontstaan binne hierdie gemeenskap gehad het. Navorser wou dus na sewe jaar vasstel wat die graad sewe-leerders se persepsies van hulle toekomsverwagtings was.

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die motivering vir die navorsing; die navorsingsprobleem is geformuleer; doelstellings en doelwitte word uiteengesit en die navorsingproses word verduidelik.

## **1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP**

As behuisingsbeampte, werksaam binne die Wolmer-woongebied sedert 1991, het die navorser die geleentheid gehad om ten nouste met die bestuurders van meer as een hulpbron saam te werk. Dit het opgeval dat die bestuur van sommige

hulpbronne die huidige geslag ouers as die “verlore geslag” ervaar. Wat hiermee bedoel word, is dat daar weinig te verander was aan die toekoms van die huidige geslag ouers, en die navorser het geredelik hiermee saamgestem.

Die navorser is egter van mening dat hierdie geslag nie die uitsondering was nie. As stigter van die Wolmer-gemeenskapsprojek, het die navorser hierdie stelling gemaak op grond van haar vertroudheid met die verskynsel van armoede oor die algemeen en in die besonder armoede binne hierdie spesifieke inwonersgemeenskap. Hierdie insig het haar gebring by die feit dat die meerderheid van die huidige huurders se ouers self ook huurders van lae koste behuising was en dat hul kinders dikwels die nuwe geslag huurders was.

Die waarskynlikheid dat die ouers van hierdie geslag, sowel as die vorige geslag se ouers op feitlik dieselfde vlak gefunksioneer het, was baie groot en die navorser is van mening dat die realiteit ‘n bouse kringloop vorm wat van geslag tot geslag herhaal word. Voor hierdie “verlore geslag” was daar reeds etlike “verlore geslagte” en die huidige geslag, soos reeds genoem, is dus nie die uitsondering nie.

Die bestuurder van nog ‘n hulpbron binne hierdie gebied het vermeld dat dieselfde tendens van herhaling van die armoedesiklus en moontlik beperkte toekomsverwagtings ook by die verbruikers van haar hulpbron ter sprake was. Sy het die hipotese onderskryf dat moontlik selfs die jong volwassenes wat wel oor die vermoëns beskik om weg te breek uit die bekende, terugkeer daarheen as gevolg van gevoelens van ontoereikendheid en waarskynlik ‘n beperkte toekomsverwagting. Die vraag het onwillekeurig ontstaan waarom leerders vir wie dit intellektueel moontlik was om uit hierdie kringloop weg te breek, dit nie gedoen het nie? Engelbrecht (1997:46) meen dat kinders dikwels die bekende patrone van hul ouers volg en dan self ook neig om te vroeg te trou, te veel kinders te hê en dan as gevolg hiervan, verhoudings- en finansiële probleme ervaar. Met hierdie ondersoek wou die navorser dus vasstel wat die jeug se persepsies oor hul toekomsverwagting was.

Dit wou verder voorkom of hier ‘n kennisleemte was wat betref geskikte programaanbieding by die hulpbronne. Hierdie navorsing was baie belangrik vir programbeplanning deur maatskaplike werkers wat groepe in hierdie gemeenskap

hanteer. Die resultate van hierdie studie kan dus die doelstellings en programme van selfhelpgroepe beïnvloed en moontlik ook vir onderwysers by skole van waarde wees.

Die navorser vermoed dat beperkte intellek, beperkte geleentede en milieu-gestremdheid van die grootste oorsake van beperkte toekomsverwagting is.

Cole en Bruner (in Fein, 1978:58) stel dit as volg: “The deficit hypothesis is the assumption that children from poor families, for example, are culturally ‘deprived’ - by inadequate mothering (by middle-class standards), by the father’s absence, by an unstimulating environment, by inadequate language skills, or by the children’s own ability to gratification. The combination of factors may vary, but the assumption remains the same: the minority group children suffer intellectual deficits when compared with the ‘more advantaged’ peers”.

### **1.3 PROBLEEMFORMULERING**

Onderliggend aan die graad sewe-leerder se bravade, blyk daar ‘n onsekerheid te wees wat dikwels in sy/haar vrees vir mislukking en verwerping gesetel is. Fein (1978:58) stel dit so: “Many important changes take place in adolescents. Physically they are growing rapidly and maturing sexually. Intellectually they are becoming used to more abstract means of thought and expression. Socially they are breaking ties with parents and forming more intense relationships with peers. Adolescence is a critical period of human development not only because of all the physical, sociological and intellectual transformations, but also because it is a vulnerable time for the child. For one thing, it is a new and sometimes frightening experience”.

Die adolessent binne hierdie gemeenskap moet dikwels aan eise van die samelewing voldoen waarvoor hy/sy emosioneel nog nie gereed is nie, of waarvoor hy/sy intellektueel nie opgewasse is nie. Indien hy/sy faal, word hy/sy blootgestel aan verguising deur volwassenes, dikwels sy/haar ouers, wat self nie oor meer potensiaal of die sosiale vaardigheid beskik om hom/haar hierin te begelei nie. Coffield (in Engelbrecht, 1997:46) verwys na Sir Keith Joseph wat die volgende mening hieroor huldig: “Inadequate people tend to be inadequate parents and inadequate parents tend to rear inadequate children”. Die vraag wat onwillekeurig

hier ontstaan, sou wees of dit korrek is van ouers om van hul kinders te verwag om op so 'n vroeë ouderdom reeds sekere verantwoordelikhede wat met volwassenheid vereenselwig word, te aanvaar. Hierdie gevorderde verantwoordelikhede stel die kind bloot en lewer hom of haar uit as iemand wat nie bevoeg is vir die lewe nie - wat nie noodwendig die geval is nie. Indien hierdie kind nie aan die onrealistiese verwagtings voldoen nie, beleef die kind hom/haarself dikwels as 'n mislukking wat negatief versterk word deur die ouer se verwerping van hom/haar vanweë sy/haar onvermoë.

Die navorser is van mening dat ander moontlike faktore wat ook 'n invloed op die kind se beperkte verwagtings met betrekking tot sy toekoms kan hê, die volgende is:

- Gebrek aan ondersteuning;
- Afwesigheid van bewusmaking van geleenthede;
- Gebrek aan aanmoediging en motivering om gebruik te maak van geleenthede; en
- Gebrek aan hulp met skoolwerk of gebrek aan begrip vir skoolwerk.

Engelbrecht (1997:183) verwys na die volgende as probleme binne die multi-probleemgesin:

- Gebrek aan ondersteuning;
- Beperkte of ontbrekende hulpbronne;
- Onvermoë om potensiaal raak te sien - vasgevang in hul eie probleme;
- Probleme as gevolg van ondoeltreffende gesinspatrone;
- Hulle het die lus verloor om uit te styg bo hul swak omstandighede; en
- Die patroon vestig 'n kringloop (met ander woorde kinders gebruik soortgelyke patrone om dit wat hulle wil hê, te bereik).

Engelbrecht (1997:370) sê dat daar tussen armoede en veelvuldige probleme by gesinne en hul vermoë om hul probleme suksesvol op te los, 'n baie duidelike verwantskap bestaan. Engelbrecht (1997:37) haal Chilman aan wat van mening is dat armoede 'n baie belangrike oorsaak van gesinsdisfunksie is. Moeilike lewensomstandighede in gehawende woonbuurte, swak gesondheidstoestande en 'n

gebrek aan gemeenskapshulpbronne, dra volgens Chilman by tot die ondermyning van die gesinslewe. Kenmerkend van jeugdige uit hierdie tipies armoedige gemeenskappe en multi-probleemgesinne, is hulle gevoelens van mislukking, aggressie, frustrasie, magteloosheid en 'n verlies aan beheer wat gewoonlik tot uiting kom in onaanvaarbare gedrag.

Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat. Vroeë skoolverlating kan weer tot konflik lei met die polisie, gevangenisstraf en alkohol- en dwelmmisbruik. Soos Chilman (in Engelbrecht, 1997:45) dit stel: "...most poor people live in crowded, inadequate housing in neighbourhoods that are marked by congestion, poor sanitation and protection services, high rates of unemployment, family breakdown, crime and addictive behaviours, violence and interpersonal exploitation and grossly inadequate health, educational, vocational and social services". Al hierdie aspekte het uiteindelik weer 'n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die lewe en sy toekomsprospektief.

Uit die bogenoemde is die navorsingsprobleem as volg geformuleer: Persone wat binne die hulpaksies by hierdie jeugdige betrokke is, weet nie wat die persepsie van die graad sewe-leerder ten opsigte van sy toekomsverwagting is nie. Deur vas te stel wat die toekomsverwagting van die jeugdige self is, kan bemagtigingsprogramme in werking gestel word om die jeug te help om deur die jarelange gevestigde kringloop te breek en hul ideale te verwesenlik.

## **1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE**

Volgens Fouché (2002:108) verwys 'n doel na die droom wat bereik wil word, terwyl die doelwitte die stappe is wat een-vir-een gevolg moet word om die droom te bereik.

### **1.4.1 Doelstelling**

Die doel van hierdie studie is:

Om vas te stel wat die persepsies van graad sewe-leerders in die Wolmer-gemeenskap oor hul toekomsverwagting is.

#### **1.4.2 Doelwitte**

Die doelstelling gaan bereik word, deur die volgende doelwitte:

- Om 'n kennisraamwerk op te bou oor die adolessente-ontwikkelingsstadium; die begrip “toekomsverwagting” en die faktore wat dit beïnvloed; armoede en agtergeblewenheid in gemeenskappe; en die invloed van multi-probleemgesinne op jeugdiges.
- Om 'n empiriese studie te doen ten einde vas te stel wat die toekomsverwagting van die graad sewe-leerders in Wolmer is.
- Om aanbevelings aan maatskaplike werkers oor hierdie jeugdiges se siening van hul toekoms en die verwagtings wat hulle koester, te maak.

#### **1.5 NAVORSINGSVRAAG**

De Vos (1998:115) noem dat 'n navorsingsvraag gevra word na aanleiding van die realiteit van die werklike situasie, terwyl hipotetiese stellings die moontlikhede verteenwoordig. De Vos en Van Zyl (1998:268) meen dat: “The research question helps to narrow down the problem to a ‘workable size’ ... It tells one what one specifically wants to focus on and what one wants to know about this subject”.

Aangesien die navorser die verkennende ontwerp gebruik, word die volgende navorsingsvraag geformuleer:

**Wat is die toekomsverwagting van graad sewe-leerders in die Wolmer-gemeenskap?**

#### **1.6 NAVORSINGSBENADERING**

De Vos (1998:100) verduidelik dat binne kwalitatiewe navorsing, die enigste realiteit die realiteit is soos wat dit deur die respondente in enige gegewe situasie weergegee word.

Fouché en Delpont (2002:79) is van mening dat: “The qualitative research paradigm in its broadest sense refers to research that elicits participant accounts of meaning, experience or perceptions. It also produces descriptive data in the participants’ own written or spoken words”.

Kwalitatiewe navorsing word deur Tutty, Rothery & Grinnell (1996:4) gedefinieer as die studie van mense in hul natuurlike omgewing soos wat hul gedrag tydens hul daaglikse bestaan na vore kom. Die navorsing poog dus om te bepaal wat mense se woorde en gedrag vir hulself beteken.

Na aanleiding van die bogenoemde, het die navorser besluit om die kwalitatiewe benadering te volg om vas te stel wat die persepsie van graad sewe-leerders ten opsigte oor hul toekomsverwagting is. Die kwalitatiewe benadering bied aan die navorser die geleentheid om hierdie inligting by die graad sewe-leerders, in hul eie woorde, te verkry. Sodoende kan akkurate aanbevelings vir die inwerkingstelling van hulpprogramme gemaak word.

### **1.7 SOORT NAVORSING**

In hierdie studie word toegepaste navorsing gebruik. Volgens Bloom (1986:56) is toegepaste navorsing daarop gerig om die wetenskaplike en tegnologiese kennis te eksploteer en uit te brei deur middel van praktiese navorsing.

Toegepaste navorsing spreek die onmiddellike probleme waarmee die professionele praktyk te doene kry, aan (De Vos, 1998:69). Die navorser het dus bestaande kennis oor armoede en agtergeblewenheid en die invloed wat multi-probleemgesinne op die jeugdiges het, gebruik om nuwe kennis te bekom.

Die navorser het derhalwe die ingesamelde inligting oor die toekomsverwagting van die graad sewe-leerders in die Wolmer-gemeenskap gebruik om aanbevelings te maak, wat deur die maatskaplike werkers in hulpprogramme benut kan word.

### **1.8 NAVORSINGSONTWERP**

De Vos en Fouché (1998:77) stel dit as volg: "... while qualitative researchers almost always develop their own designs as they go along, using one or more of the available strategies or tools as an aid or guideline ... the qualitative research design does not provide the researcher with a step-by-step plan or a fixed recipe to follow".

Volgens Collins (in Hofmeyer, 1996:1) is die doel van die navorsingsontwerp om 'n plan te verskaf om sosiale vrae te beantwoord. Die ondersoek word aan die hand

van die skema, die planne, die struktuur en strategieë gedoen. Die navorsingsontwerp bepaal ook die metodes waarvolgens die ondersoek gedoen word. In hierdie studie word 'n verkennende navorsingsontwerp binne 'n fenomenologiese strategie gebruik.

Grinnell en Williams (1990:50) is van mening dat die verkennende ontwerp gebruik word as min navorsing oor die onderwerp bestaan en bloot 'n aanvangstudie gemaak wil word. Die skrywers stel dit verder dat: "We will not come up with statistically sound data or inclusive results. We only want to build a foundation of general ideas and tentative theories which we can explore more rigorously later on".

Mouton en Marais (1990:43) noem dat die verkennende studie 'n relatief onbekende navorsingsveld ondersoek ten einde die volgende te bereik:

- Om moontlike nuwe insigte ten opsigte van die verskynsel te ontwikkel;
- Om 'n aanvangstudie as voorloper van 'n meer gestruktureerde studie te doen;
- Om die sentrale konstrakte en konsepte van die verskynsel te omskryf;
- Om prioriteite vir verdere navorsing te bepaal en/of;
- Om nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel.

Die navorser het die verkennende ontwerp gebruik om die toekomsverwagting van graad sewe-leerlinge in Wolmer vas te stel. So 'n studie is nog nie voorheen aangepak nie en die navorser het dus by die jeug self uitgevind wat hulle persepsies oor die onderwerp is. 'n Fenomenologiese strategie het ten doel om by die respondente self vas te stel wat die betekenis of persepsie is wat hulle aan 'n saak heg, asook om hulle persoonlike gevoelens en ervarings te identifiseer (Fouché, 2002:273).

## **1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN -WERKWYSE**

Navorsingsprosedure word deur De Vos (1998:394) omskryf as: "... by observing the problem and studying naturally occurring innovations and other prototypes, the researcher can identify procedural elements for use in the intervention".

Navorsingsprosedures behels volgens Bless & Higson-Smith (1995:14) sekere stappe en fases. Die navorser het inligting oor die onderwerp deur middel van die literatuurstudie ingesamel. Hierdie inligting is ook benut vir die ontwikkeling en opstel van die vrae vir die fokusgroepbespreking. Die fases van die navorsingsproses volgens die kwalitatiewe benadering, word soos volg deur De Vos (1998:43-45) aangegee:

Fase 1: Besluit op 'n navorsingsonderwerp en probleem

Fase 2: Besluit om die kwalitatiewe navorsingmetode te gebruik

Fase 3: Kies 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp

Hierdie eerste drie fases is reeds bespreek

Fase 4: Voorbereiding vir data-insameling

Om die inligting wat die rykste aan data is in te samel, het die navorser van fokusgroepe gebruik gemaak. 'n Fokusgroep volgens De Vos (1998:316) : “.....can be defined as a number of individuals between whom a distinguishable pattern of interaction exists”.

Fase 5: Data insameling en data-analisering

Vir doeleindes van hierdie studie het die navorser graad sewe-leerders gebruik van die twee omliggende laer skole, woonagtig in die Wolmer-woongebied, beide seuns of dogters (onderskeidelik in elk van die twee groepe) en verkieslik leerders wat moontlik huidige of voormalige verbruikers van hulpprogramme was, wat deur hulpbronne in die gebied tot hulle beskikking gestel is. Die fokusgroepe is gehou in die saal van Noorderpark op die terrein van die Noorderpark-Oues-Van-Dae-Skema. 'n Onderhoudskedule met spesifieke vrae is met die twee fokusgroepe, bestaande uit ses respondente elk, hanteer totdat geen nuwe inligting meer na vore gekom het nie. Die analisering van die data behels volgens Creswell (1994:154) die transkribering van onderhoude, hersiening van getranskribeerde materiaal, die interpretering en verifiëring daarvan en die skryf van die navorsingsverslag. Tesch se agt stappe is vir analisering van die data (Poggenpoel, 1998:343) gebruik.

Fase 6: Verifikasie van data

Huberman en Miles, en Rossman en La Biondo-Wood in De Vos (1998:351) noem

hoe belangrik die verifikasie van die resultate van data-analise is. Verifikasie behels die kontrolering van die mees algemene tekortkominge wat 'n invloed op die maak van gevolgtrekkings kan hê.

Fase 7: Skryf van die navorsingsverslag.

## 1.10 VOORONDERSOEK

### 1.10.1 Literatuurstudie

Volgens Rubin en Babbie (in De Vos, et al. 1998:46) is 'n literatuurstudie 'n belangrike aspek van die voorbereiding vir die studie. Die skrywers is van mening dat deur die relevante inligting in te samel, word die navorser se kennisbasis verbreed en word inligting nie herhaal nie.

Die literatuurstudie het, met die hulp van die inligtingkundige aan die Universiteit van Pretoria, die volgende ingesluit: SACAT - Suid-Afrikaanse boeke databasis; ISAP - Suid-Afrikaanse Tydskrifte; Nexus Database System; Universiteit van Pretoria katalogus; Up explore.

Plaaslike en oorsese literatuur en literatuur vanuit verskillende dissiplines soos die Sielkunde en die Maatskaplike werk is gebruik. In die literatuurstudie is veral gefokus op armoede, ondersteuning en motivering binne die multi-probleemgesin en die invloed van hipotetiese veranderlikes op die toekomsverwagting van die jeug.

Die literatuurstudie is gedoen om 'n kennisbasis vir die navorsing op te bou en om die fokusgroepe as data-insamelingsmetode sinvol, met behulp van die onderhoudskedule, te benut.

### 1.10.2 Konsultasie met vrywilligers

TABEL 1.10.2 Die volgende vrywilligers is geraadpleeg:

<b>PERSOON</b>	<b>HOEDANIGHEID</b>	<b>AARD VAN INLIGTING</b>
Mnr J Bruwer	Bestuurder: Jeugaktiwiteite Juniors en Seniors Wolmer Projek	Inligting oor graad sewe leerders se belewenis van hulself en hul toekoms

Me J Viljoen	Projekkoördineerder, Wolmer Projek	Projekverbruik deur graad sewe leerders asook ouers van graad sewe leerders
Me A le Grange	Projekbestuurder: Noordelike Pretoria Ontwikkelingskema	Projekverbruik deur ouers van graad sewe leerders

### 1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

In die uitvoering van die ondersoek is leerders wat in die Wolmer-gemeenskap woonagtig is gebruik en omdat hulle van die ontwikkelingsprogramme van die verskillende hulpbronne in hierdie gemeenskap gebruik kon maak.

Voor die aanvang van die empiriese navorsing is die skriftelike, ingeligte toestemming van die ouers en die graad sewe-leerders verkry. Toestemming van die Bestuurder Behuisingsdienste van Stad Tshwane Metropolitaanse gebied is gekry vir die gebruik van die saal te Noorderpark, wat vir die uitvoering van die empiriese werk in hierdie gebied gebruik is, omdat die Wolmer 180-skema, sowel as die Wolmer 23-skema, in hierdie woongebied geleë is. Die bestuurder is verseker dat geen blootstelling van leerders of die Raad op enige wyse sal geskied nie.

Met die uitsondering van 'n bandopnemer is geen uitsonderlike koste in die verband aangegaan nie.

Die fokusgroepe het op Woensdae gedurende die April- en Julie-skoolvakansies, wanneer dit die leerders gepas het, plaasgevind. Respondente is almal in Wolmer woonagtig en is volgens 'n nie-waarskynlikheidsseleksie en die vasgestelde kriteria geselekteer.

Die feit dat die leerders almal in Wolmer woonagtig was, het deelname in terme van tyd en die beskikbaarheid van die respondente, vergemaklik.

### 1.10.4 Toetsing van die vraelyste/meetinstrument

'n Selfontwerpte onderhoudskedule is gebruik. Die onderhoudskedule is vooraf met die hulp van twee graad sewe-leerders getoets om te verseker dat die vrae reg verstaan word en die verlangde inligting verkry sou word. Die nodige wysigings is aangebring voordat die skedule in die hoofondersoek gebruik is.

## **1.11 OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING**

### **1.11.1 Universum**

Volgens Mouton (1996:134) en Seaberg (in De Vos, et al. 1998:190) is die universum die totale versameling objekte, gebeure of individue wat die kenmerke het waarin die navorser geïnteresseerd is en waaruit die respondente of eenhede vir die studie gekies kan word. Die universum van hierdie studie sluit al die graad sewe leerders in die Wolmer gemeenskap wat hier woonagtig is en hier skoolgaan in.

### **1.11.2 Populasie**

Die populasie van hierdie studie is al die graad sewe-leerlinge in die Wolmergemeenskap wat hier woonagtig is, hier skoolgaan en verbruikers van die Wolmergemeenskapsprojek is of was.

### **1.11.3 Steekproeftrekking**

Steekproeftrekking word deur Landman (1998:43) as die proses van trekking van respondente uit universums beskryf. Steekproewe word deur Dooley (1984:246-248) in waarskynlikheid- en nie-waarskynlikheidseleksies verdeel. In hierdie studie is van die nie-waarskynlikheidseleksie gebruik gemaak. Dit behels volgens Dooley (1984:248) dat die elemente in die populasie se kans om in die steekproeftrekking ingesluit te word, ongelyk of onbekend is.

Die studie het verder van doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak. Volgens Huysamen (1994:45) behels doelgerigte steekproeftrekking “handuitgesoekte” steekproefeenhede wat vir ‘n spesifieke doel geselekteer is.

Die kriteria waaraan die respondente voldoen het, was die volgende:

- woonagtig te Wolmer;
- graad sewe-leerders;
- leerders van een van die twee omliggende laer skole (waarvan die eerste binne die onmiddellike gebied geleë is en die tweede ook ruim deur die gebied gevoed word); en

- moontlike huidige of voormalige verbruikers van programme aangebied deur hulpbronne in hierdie woongebied.

### 1.12 ETIESE ASPEKTE

Die konsepte etiek, waardes, moraliteit, gemeenskapstandaarde, wette en professionalisme verskil van mekaar sonder dat die een die ander uitsluit (De Vos, 1998:24).

Levy (in De Vos, 1998:24) beskou dit as sulks: "... values as preferences for a certain form of conduct, while ethics imply preferences which influence behaviour in human relations. Values, for instance, indicate what is good and desirable, while ethics indicate what is right and correct".

De Vos (1998;25) neem sterk standpunt in as sy sê dat 'n navorser eties daartoe verplig is om die aard van sy/haar navorsing te verander, eerder as om sy/haar respondente op enige wyse, hoe gering ookal, aan fisiese en/of emosionele skade bloot te stel.

Wanneer etiek binne die navorsingsituasie oorweeg word, word daar van verskillende etiese kwessies rakende die onderwerp kennis geneem:

- Die fisiese of emosionele skade aan die eksperimentele onderwerpe of respondente;
- Ingeligte deelname;
- Blootstelling/verraad/oneerlikheid;
- Inbreuk maak op privaatheid;
- Aksies en bevoegdheid van die navorsers;
- Samewerking met samesweerders; en
- Bekendmaking van bevindinge en rehabilitasie van die respondente .

Vir doeleindes van die studies het die volgende etiese kwessies by uitstek die nodige aandag geniet:

### **1.12.1 Vrywillige, ingeligte deelname**

Alle moontlike inligting moet vooraf aan respondente beskikbaar gestel word. Die respondente het vooraf 'n inligtings- en toestemmingsbrief ontvang, waarin alle tersaaklike aspekte bespreek is.

Die respondente is verder ingelig dat hulle in enige stadium van die ondersoek kon onttrek. Die praktiese uitvoerbaarheid van die studie is ook met die respondente gedeel.

In hierdie verband het die navorser elke respondent wat aan die studie deelgeneem het, sowel as die ouers van die respondente, se skriftelike toestemming tot deelname verkry.

### **1.12.2 Oortreding van privaatheid**

Sieber (in De Vos, 1998:27) definieer privaatheid as: “that which normally is not intended for others to observe or analyze”. De Vos (1998:270) sien privaatheid as sinoniem met self-determinasie.

Oor die kwessie van oortreding van privaatheid het De Vos met betrekking tot die praktyk 'n baie duidelike standpunt. Sy is van mening dat 'n persoon onder geen omstandighede van versteekte mediums soos videokameras, eenrigting spieëls of mikrofone gebruik mag maak sonder die (verkieslik geskrewe) toestemming van die respondent nie.

Sy voel ook dat alles moontlik gedoen moet word om die respondente se privaatheid te beskerm, en dat feitlik geen navorsing oor menslike gedrag nog gedoen kon word sonder dat selfs op die geringste wyse inbreuk gemaak is op die respondent se reg tot privaatheid nie. Dit is daarom belangrik dat alle navorsing met die respondent onderhandel word, hulle samewerking beleefd versoek word en die belangrikheid daarvan versigtig verduidelik word; indien samewerking geweier word, moet dit aanvaar en gerespekteer word (De Vos, 1998:29). Die respondent behou die reg voor om te besluit wanneer, teenoor wie en tot watter mate sy of haar houdings, persepsies en gedrag bekend gemaak mag word.

Die navorser het die bogenoemde gerespekteer. Toestemming vir die gebruik van 'n bandmasjien is skriftelik verkry. Die inligting word in 'n navorsingskripsie en -artikel bekendgemaak.

### **1.12.3 Oneerlikheid teenoor respondente**

Loewenberg en Dolgoff (in De Vos, 1998:27) beskryf oneerlikheid as die opsetlike wanvoorstelling van feite ten einde 'n ander persoon dit wat nie waar is nie te laat glo, en dus die respek waarop elke persoon geregtig is, te verontagsaam. Judd (in De Vos, 1998:27) voer die volgende drie redes aan waarom respondente bedrieg word.

- Om die werklike doel van die studie te verbloem.
- Om die werklike doel van die aksies vir die respondente weg te steek.
- Om dit wat die respondente kan beleef, te verberg.

Ten einde die bogenoemde uit te skakel, het die navorser die doel van die studie skriftelik aan die ouers van die respondente verduidelik en daar is breedvoerig in die toestemmingsbrief, wat deur die ouers en respondente voltooi moes word, verduidelik wat die aard en doel van die navorsing is. Die respondente is almal voor die aanvang van die fokusgroepe byeengebring waartydens die doel van die studie sorgvuldig aan hulle verduidelik is en geleentheid is aan hulle gebied om vrae te vra en onduidelikhede uit die weg te ruim.

### **1.12.4 Vertroulikheid**

Die navorser het ter wille van vertroulikheid die analise van die inligting self onderneem, die inligting is op 'n veilige plek bewaar en alle inligting sal na afhandeling van die studie vernietig word. Daar is verder van byname of nommers gebruik gemaak om respondente te identifiseer om vertroulikheid te waarborg.

### **1.12.5 Bevoegdheid van die navorser**

Die navorser het die vereiste kursus in navorsing, soos voorgeskryf vir die MA(MW) Speltherapie, suksesvol voltooi.

### **1.13 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG**

HOOFSTUK 1	Algemene inleiding
HOOFSTUK 2	Adolesensie as ontwikkelingsfase
HOOFSTUK 3	Die invloed van 'n gedepriveerde milieu op die huidige generasie adolessente se toekomsverwagting
HOOFSTUK 4	Empiriese bevindings
HOOFSTUK 5	Samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings

### **1.14 PROBLEME ERVAAR MET NAVORSING**

Die navorser het aanvanklik probleme ervaar om die kinders te motiveer om deel te neem aan die fokusgroepe. Die vermoede bestaan dat die feit dat dit tydens skoolvakansies plaasgevind het, een van die redes was waarom die kinders aanvanklik nie so flink gereageer het nie.

Die navorser het gevind dat kinders in die Wolmer-woongebied nie geredelik beskikbaar is tydens die skoolvakansies nie, aangesien sommige as gevolg van 'n gebrek aan lewensmiddele in die gesin, na familie - dikwels die grootouers - gestuur word vir die duur van die vakansie.

'n Verdere probleem wat die navorser ervaar het, was die deelname aan besprekings deur die vroeë adolessente. Dit het duidelik uit die besprekings geblyk dat die respondente nog nie werklik vantevore oor die onderwerp nagedink het nie en na alle waarskynlikheid nog nooit nodig gehad het om enige vrae soortgelyk aan die in die onderhoudskedule te beantwoord nie.

### **1.15 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE**

#### **1.15.1 Toekoms**

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1997:1086) word "toekoms" beskryf as dit wat nog verwag word, 'n droom, belofte, beeld of 'n verwagting. Ook as komende, eersvolgende of aanstaande. Die navorser verduidelik "toekoms" as tyd wat nog nie afgespeel het nie.

#### **1.15.2 Verwagting**

Volgens Taljaard (1994:29) bestaan daar 'n verband tussen die twee begrippe

gemeenskapsgevoel en toekomsverwagting en die twee begrippe sosiale ondersteuning en betekenisvolle interaksie. “Verwagting” word in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1997: 1201) beskryf as: tegemoet kom, reken op, vooruitsien na. Ook handeling van te verwag, hoop koester. Die navorser verduidelik “verwagting” as hoop op / uitsien na die bekende / onbekende.

Die navorser sal die term “toekomsverwagting” in hierdie studie gebruik as synde uitsien na tyd wat nog in die vooruitsig gestel word en nog nie afgespeel het nie. Toekomsverwagting sou dus ook beskryf kon word as ‘n droom, belofte of beeld oor dit wat nog moet gebeur.

### **1.15.3 Persepsie**

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1997:794) verwys na “persepsie” as die opneem van indrukke in die bewussyn, asook die resultaat daarvan. Persepsie word dus gesien as ‘n persoon se bepaalde siening van ‘n saak.

Vir die doeleindes van hierdie studie word dit as volg verklaar: die persepsies van die graad sewe-leerders oor hul toekomsverwagting handel oor die drome, beelde of ideale wat die graad sewe-leerders droom, visualiseer of koester en wat hulle in die vooruitsig stel ten opsigte van dit wat hulle graag wil hê en hoop, dat dit wat nog met hulle moet gebeur.

### **1.15.4 Wolmer-gemeenskap**

Die Wolmer-gemeenskap is ‘n klein gemeenskap noord van die Magaliesberg wat deel uitmaak van wat voorheen as ou Pretoria bekend gestaan het, met die spoorlyn as mees suidelike grens, Bakenkloofstraat as die mees westelike grens, Deetlefstraat as die mees oostelike grens en Stasiestraat as die mees noordelike grens. Dit beslaan ongeveer 20 straatblokke.

Uit die 1997-sensusopname blyk dit dat die gebied oor vyf woonstelblokke wat uit 77 eenhede bestaan, een simpleks-kompleks wat uit vyf eenhede bestaan, 71 oop erwe, 644 wonings in privaat besit en 203 laekoste behuisingseenhede beskik. Die grootste persentasie van die huishoudings binne die gemeenskap word deur swak ekonomiese omstandighede en lae maatskaplike funksionering gekenmerk. Die

Wolmer-gemeenskap het verder geen skole of susterskerke as fasiliteite of hulpbronne binne sy onmiddellike grense nie.

#### **1.15.5 Graad sewe-leerder**

Fein (1978:58) beskryf 'n kind in hierdie fase as volg: "Many important changes take place in adolescents. Physically they are growing rapidly and maturing sexually. Intellectually they are becoming use to more abstract means of thought and expression. Socially they are breaking ties with parents and forming more intense relationships with peers. Adolescence is a critical period of human development not only because of all the physical, sociological and intellectual transformations, but also because it is a vulnerable time for the child. For one thing, it is a new and sometimes frightening experience".

'n Graad sewe-leerder is 'n kind in sy laat middel-kinderjare wat besig is om die adolessente fase van sy lewe te betree. Puberteit het gewoonlik reeds 'n aanvang geneem. Die behoefte aan portuurgroep-assosiasie en -erkenning kenmerk die graad sewe-leerder. Vanweë die geskiedenis van die meeste van hierdie leerders in Wolmer, is sommige van hulle ouer as die gemiddelde kind in graad sewe. Vir die doeleindes van hierdie studie word die graad sewe-leerder dus as 'n vroeë adolessent of selfs as 'n kind in sy middel-adolessente lewensfase, gesien.

#### **1.15.6 Generasie**

Die woord "generasie" word in die Concise Oxford Dictionary (1995) as volg verklaar: "all the people born at a particular time, regarded collectively". Codrington (in Miller 2003: 6) omskryf dit as volg: "... it is the average time in which children are ready to take the place of their parents (usually reckoned at about 30 years) ... to describe groups of people characterised by similar qualities and attitude trends and generational attitude which can be discerned".

"Generasie" word deur die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1985:202) verduidelik as: "Al die individue wat behoort tot dieselfde trap in 'n afstammingsreeks. Die eerste generasie, kinders van 'n ouerpaar. Die tweede generasie, kleinkinders van die ouerpaar. 'n Generasie by die mens is gewoonlik 'n tydperk van sowat 33 jaar".

## HOOFSTUK 2

### ADOLESSENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE

#### 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is 'n algemene oorsig oor die navorsingsprosedure gegee. In hoofstukke 2 en 3 word die literatuurstudie bespreek. Ten spyte daarvan dat hierdie 'n kwalitatiewe studie is, was dit vir die navorser belangrik om eers 'n literatuurstudie te doen. Fouché en Delport (2002:266) meen: “The place of theory and literature in the (qualitative) research process depends on the type of qualitative strategies (designs) that will be utilised, as the different strategies utilise theory and a literature review in varying degrees and at different moments”. Die navorser beskou die graad sewe-leerders van Wolmer as jong adolessente. In hierdie hoofstuk volg dus 'n bespreking oor adolessensie as lewensfase.

#### 2.2 ADOLESSENSIE AS LEWENSFASE

Volgens Louw (2001:388); Thom (1990:396) en Gouws en Kruger (1994:3) is adolessensie die stadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Adolessensie is afgelei van die term *adolescere* wat beteken “om groot te word” of om tot volwassenheid te groei.

Die aanvangsouderdom vir adolessensie as ontwikkelingstadium is volgens Louw (2001:388) tussen 11 en 13 jaar terwyl die einde daarvan tussen ongeveer 17 en 21 jaar is. Ouderdomsgrense vir afbakening wissel en daarom is 'n beskrywing van fisieke, kognitiewe en emosionele ontwikkelingskenmerke, asook sosio-kulturele norme, beter.

Adolessensie begin as puberteit en op 'n vroeër ouderdom, vanaf ongeveer 11 jaar. Die navorser poog om met hierdie studie die adolessente graad sewe-leerder (binne die Wolmer-woongebied) se persepsie van sy eie toekomsverwachting vas te stel en aan die hand van die gestelde vrae te bepaal of hierdie persepsie van die adolessent negatief of positief is.

Teen dié agtergrond word adolessensie deur verskeie outeurs (vergelyk Gillis, 1999:6 ) in drie fases verdeel:

- Vroeë adolessensie (puberteit): tussen 11-14 jaar; meisies: tussen 9-15 jaar en seuns: tussen 12-16 jaar);
- Middel-adolessensie, tussen ongeveer 14-18 jaar;
- Laat-adolessensie, tussen ongeveer 17 en 21 jaar.

Die einde van adolessensie word deur sekere minder opvallende eienskappe gekenmerk:

- sosiale eienskappe : volwasse vriendskaps- en liefdesverhoudings;
- wetlike bepalings: ouerlike toestemming wat wegval;
- finansiële rolle: ekonomiese onafhanklikheid en selfonderhoudendheid; en
- beroepsbeoefening, huweliksluiting en gesin.

### **2.2.1 Eienskappe van die adolessent**

Louw (2001:390) noem dat hedendaagse adolessente gesien word as meer ankerloos, emosioneel onstabiel, seksueel promisku, minder idealisties en meer krities ten opsigte van morele waardes as die adolessente van vorige generasies. Hierdie aanname dui op adolessensie as 'n stormagtige fase. Die adolessent word egter ook beskou as beter ingelig en meer intelligent as die vorige generasie, meer idealisties, eerliker, verdraagsamer, liefdevoller, verantwoordeliker, minder sentimenteel en promisku as wat vandag se volwassenes in hulle jeug was. Adolessensie word gesien as die beste jare in terme van aantreklikheid, entoesiasme, plesier, lewenslus en aktiwiteite. Hulle word in der waarheid geïdealiseer.

Die twee sienings word as ekstreem beskou en hoewel die adolessent nie in 'n voortdurende emosionele krisis is nie, is daar ook geen gronde om adolessensie te idealiseer nie.

Paynter (1996:4) van die Africa Region Nazarene Impact Team sien die profiel van die huidige jeug in Suid-Afrika so:

- hulle beskik oor groter verantwoordelikhede: versorg jonger broers en susters;
- hulle is seksueel aktief;

- die jeugdige populasie word groter;
- baie kom uit disfunksionele huise;
- hulle word grootliks deur die media beïnvloed;
- hulle het 'n kort aandagspan;
- hulle is alleen en soek intimiteit;
- daar is 'n groter wordende druk en verantwoordelikheid op hulle;
- hulle is gestres en moeg;
- meeste van hulle is “latch-key” kinders; met ander woorde die kinders gaan met die sleutel om hul nek skool toe omdat daar niemand tuis is wanneer die skool uitkom nie;
- hulle is gewapen en gevaarlik;
- hulle is betrokke by alkohol en dwelms;
- 'n situasie van omgekeerde gesag bestaan;
- hulle is bekommerd oor politiek, opvoeding en loopbane;
- hulle is geneig tot entrepreneursvaardighede;
- heelwat van hulle beskik oor deeltydse werk;
- hulle word geraak deur familie- of kulturele gewoontes;
- hulle is geneig om wêreldneigings aan te neem;
- daar is 'n verskuiwing van tradisionele na westerse kulture en gewoontes;
- daar is 'n diversiteit van gewoontes van een gesin na 'n volgende;
- daar is 'n groeiende bewussyn van omgewingsaangeleenthede;
- hulle is belangrike verbruikers in die mark;
- baie is tot depressie geneig;
- daar is geen wedersydse vertrouwe en respek tussen die jeug en gesagsfigure nie;
- die jeug word maklik beïnvloed deur hulle portuurgroep;
- hulle volg maklik neigings na;
- hulle glo nie in absolute waarheid nie hoewel hul soekend is na die waarheid, en dit 'n betekenisvolle doel bly; en
- hulle projekteer dikwels 'n sterk uiterlike, maar is inherent onseker en kry maklik seer.

Hul houdings lyk volgens Paynter (1996:4) soos volg:

- hulle voel hulle is in die steek gelaat deur mense in gesagsposisies;
- hulle voel onverskillig, gesteurd, kwaad, opstandig, skepties en sinies;
- hulle is bang vir die toekoms;
- hulle voel hulpeloos en tog voel hul terselfdertyd dat hul hoop kan bied;
- die jeug is onseker;
- hulle is deurmekaar oor wie hulle is of behoort te wees;
- hulle dink niemand verstaan hul nie;
- hulle voel gefrustreerd; en
- hulle het 'n aktivistiese houding - hulle voel hul moet die leiding neem.

## **2. 2.1 Ontwikkelingstake van die adolessent**

Garrison (in Louw, 2001:392; Gillis, 1999:8; Bender, 1997:62-92; en Thom, 1990:395) meen om tot volwassenheid te groei, moet die adolessent sekere ontwikkelingsfases deurgaan. In die Westerse samelewing lyk hierdie fases so:

- aanvaarding van 'n veranderde liggaamlike voorkoms;
- ontwikkeling van 'n manlike of vroulike geslagsrolidentiteit;
- ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die verwerwing van kennis;
- ontwikkeling van 'n eie identiteit;
- ontwikkel onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes;
- keuse van en voorbereiding vir 'n beroep;
- ontwikkeling van sosiale verantwoordelike gedrag;
- aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe;
- aanknoop van heteroseksuele verhoudings;
- ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon;
- voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede;
- bereiking van ekonomiese onafhanklikheid;
- ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyne vir gedrag kan dien;
- ontwikkeling van 'n waardestelsel wat verband hou met 'n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing; en
- ontwikkeling van 'n lewensfilosofie.

## **2.3 LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING**

### **2.3.1 Adolessente groeiversnelling**

Twee groeiversnellingstydperke kom by die mens voor en hoewel individuele groeiversnelling voorkom, is die gemiddelde aanvangsouderdom van die tweede groeiversnelling vir dogters tussen 10-11 en vir seuns tussen 13-14 jaar (Coleman en Henry, in Louw, 2001:394).

### **2.3.2 Seksuele rypwording**

Seksuele rypwording staan ook as puberteit bekend en is die mees dramatiese ontwikkeling by die mens. As gevolg van die omvangryke liggaamlike ontwikkeling wat tydens puberteit plaasvind, word adolessente toenemend van hul seksualiteit bewus. Hulle nuut ontwikkelde seksualiteit begin ook deel van hul interpersoonlike verhoudings vorm. Gedurende hierdie fase ontdek adolessente ook hul seksuele oriëntasie. 'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef, sodat dit positief tot hul identiteitsontwikkeling bydra. Hoewel seksuele aktiwiteit 'n normale gevolg van liggaamlike ontwikkeling is, speel sosiale faktore 'n belangrike rol in die uitlewing daarvan. Die volgende faktore dra by tot diversiteit ten opsigte van seksuele houdings en gedrag: sosio-demografiese gebied; ouderdom; kultuur; geslag; sosio-ekonomiese status; opvoedkundige status; persoonlike faktore; en gesinsfaktore. Faktore soos egskeiding, enkelouergesinne (veral die met slegs 'n moeder), gesinsdisintegrasie as gevolg van seksuele, fisieke, alkohol- en dwelmmisbruik en huweliksontrouheid, onbetrokkenheid van ouers by hul adolessente, swak kommunikasie tussen ouers en adolessente en ouers se eie houding teenoor voorhuwelikse seksuele omgang, kan 'n invloed op die adolessent se seksuele houdings en gedrag hê (Cotterell, 1996:10; Louw, 2001:395 & Thom, 1990:401).

### **2.3.3 Sielkundige effek van liggaamlike verandering**

Adolessente is intens bewus van hul liggame wat verander. Die uitwerking wat vroeë of laat rypwording op die adolessent het, hou verband met veral twee faktore: liggaamlike aantreklikheid en die norme van die portuurgroep.

Aanvaarding van die "nuwe" liggaam en aanpassing by en identifikasie met

seksualiteit, is 'n belangrike ontwikkelingstaak (Louw, 2001:397).

#### **2.3.4 Tienswangerskappe**

Mussen (in Louw, 2001:412) meen dat adolessente glo dat hul magiese beskerming geniet, onaantasbaar is en daarom nie swanger sal raak nie. Heelwat blyk nie die verband te besef tussen menstruasie, fertiliteit, gemeenskap en bevrugting nie en hul kennis van seksualiteit, geboortebepערking en seksueel oordraagbare siektes is jammerlik onvoldoende.

Die navorser se kennis van die Wolmer-gemeenskap laat haar tot die gevolgtrekking kom dat die onbetrokkenheid van sommige ouers, die gebrek aan die ouers se behoefte om sy kind toereikend vir die lewe toe te rus, asook hul gebrekkige kennis, 'n groot rol in die onkunde van die adolessent speel. Wanneer die ouers self nie genoegsaam ingelig en toegerus is met die nodige kennis of nie hierdie kennis kan oor dra nie, word die kind uitgelewer aan inligting van maats, wat dikwels net so oningelig is. 'n Gebrekkige vertrouensverhouding speel ook 'n groot rol en veroorsaak dat die kind nie die vrymoedigheid het om die ouer te raadpleeg met vrae en vrese nie. Al die bogenoemde faktore is 'n resep vir 'n ramp.

### **2.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING**

Kognitiewe ontwikkeling is minder opvallend en toon 'n groter verskeidenheid. Die volwassene se kognitiewe vermoë maak voorsiening om konkrete sowel as abstrakte onderwerpe te analiseer en logies daarvoor te redeneer (Louw, 2001:417 en Thom, 1990:418).

#### **2.4.1 Formeel-operasionele denke**

Hierdie vlak van denke word op die ouderdom van 12-15 jaar bereik en word gekenmerk deur die vermoë tot abstrakte denke, hipoteties-deduktiewe denke, redenasievermoë, wetenskaplike denke, reflektiewe abstraksie, proporsionele redenering en kombinatoriese denke. Aanleg en vaardighede, sosiale interaksie en oordrag is 'n paar van die redes waarom nie alle persone in staat is tot formeel-operasionele denke nie.

#### 2.4.2 Wetenskaplike denke

Op die hoogste vlak van wetenskaplike denke is die individu in staat om tussen teorie en gevolgtrekking te onderskei en kan hulle teorie en gevolgtrekking koördineer. 'n Individu kan hom- of haarself ook distansieer van die aanvaarding of verwerping van die teorie.

#### 2.4.3 Absolute denke

Louw (2001:422) beskryf absolute denke as:

- katagoriseer dinge volgens onveranderbare kenmerke;
- glo dat die wêreld inherent stabiel en gevestig is;
- dat veranderinge die gevolg van eksterne kragte is;
- beskou individue as passief in verhouding tot omgewingsinvloede;
- die omgewing oefen met ander woorde 'n groter invloed uit as die individu;
- beskou oorsaak as linieêr en determinalisties;
- glo in absolute en universele beginsels;
- is van mening dat kennis wat hul reeds het, nie teenstrydig kan wees met kennis wat hul uit die waarneming van verskynsels kry nie; en
- plaas mense en dinge in kategorieë wat nie verander kan word nie.

#### 2.4.4 Egosentrisme

Volgens Elkind (in Louw, 2001:422) is adolessente in staat om ander persone se denke te konseptualiseer en voor te stel, maar hulle slaag nie daarin om te onderskei tussen wat vir hulle, en wat vir ander, belangrik is nie. Hierna word verwys as adolossente egosentrisme.

#### 2.4.5 Geheue

Geheue speel 'n belangrike rol in die uitvoering van vele kognitiewe aktiwiteite soos probleemoplossing, verskillende vorme van formeel-operasionele denke, byvoorbeeld in hipoteties-deduktiewe denke en ook in wetenskaplike denke. Louw (2001:425) onderskei die volgende tipe geheue:

- 2.4.5.1 Werkgeheue verwys na die aspek van geheue wat betrokke is by inligting wat gebruik word om iets te leer en te verstaan.

2.4.5.2 Semantiese geheue se taak is om kennis van die betekenis van woorde, konsepte en reëls, asook domein-spesifieke kennis, te onthou.

2.4.5.3 Episodiese geheue stel die individu in staat om persoonlike gebeurtenisse wat ervaar is te onthou, terug te dink aan die ervaring en wat, waar en wanneer dit gebeur het.

2.4.5.4 Faktore wat geheueprestasie by adolessente beïnvloed is:

- 'n Verbeterde kennisbasis;
- 'n Verbeterde metageheue; en
- 'n Verbeterde gebruik van geheuestrategieë.

#### **2.4.6 Effek van kognitiewe vermoëns op sekere aspekte van die adolessent se ontwikkeling**

Louw (2001:428) meen kognitiewe vermoëns het 'n invloed op die volgende:

##### 2.4.6.1 Ouer-kind verhouding

As gevolg van 'n toenemende strewe na outonomie kom die adolessente te staan voor verskeie alternatiewe waaruit hulle 'n keuse moet maak of die beste oplossings vir 'n probleem moet kies. Indien ouers nie bewus is van die strewe na outonomieit nie kan dit tot konflik lei. Adolessente wil graag hul eie besluite neem sonder die hulp en leiding van hul ouers. Wanneer ouers nie hierdie behoefte aan outonomieit verstaan en toelaat nie, kan dit tot konflik lei.

##### 2.4.6.2 Beoordeling van sosiale, politieke en religieuse instellings

Adolessente se toenemende vermoë om hipoteties-deduktief te redeneer, abstrak te dink en van die moontlike na die werklike te redeneer, stel hul in staat om bestaande sosiale, politieke en religieuse stelsels te beoordeel. Die houding kan ook daartoe lei dat die adolessent sy/haar ouers se gedrag bevraagteken, wat tot konflik kan lei. Argumente kan ook weens inkonsekwentheid tussen ouers se gedrag en hul waardes ontstaan.

In die Wolmer-gemeenskap gebeur dit soms dat kinders wat deur hul ouers

aangeraai word om nie die skool op 'n vroeë ouderdom te verlaat nie, dit bevestigteken omdat hul ouers self die skool vroeg verlaat het om ekonomies tot die huishouding by te dra. As gevolg van hul ouers se dikwels inkonsekwente gedrag, in soverre ouers hul kinders waarsku teen swak geselskap, alkohol- en dwelmmisbruik en ander gevare, maar dan hulle self daaraan skuldig maak, bring soms ernstige konflik tussen volwassenes en kinders mee.

#### 2.4.6.3 Adollesente idealisme

Adollesente konstrueer teorieë oor waardes, norme, sienings, rolle, sosiale en politieke stelsels. Hulle is egter idealisties en nie altyd realisties nie. Hulle gedrag wat deur hul denke gerig word, is nie noodwendig in ooreenstemming met wat realisties van hulle verwag word binne sekere gegewe kontekste of waartoe hulle realisties in staat is nie. Jong adollesente mag die ideal koester om wetenskaplikes en argitek te word, maar nie oor die kognitiewe vermoë beskik nie.

#### 2.4.6.4 Toenemende introspeksie

Adollesente raak toenemend bewus van hulself, soos hulle liggaamlike voorkoms en kognitiewe vaardighede en vergelyk dit dan met die beeld wat hulle dink hulle portuurgroep van hulle het. Hierdie selfbeeld en selfgesprek is van uiterste belang in die toekomspektief en gemotiveerdheid van die adollesent.

#### 2.4.6.5 Kreatiwiteit

Hoewel formeel-operasionele denke die adollesent se kreatiwiteit verhoog, word hierdie potensiaal nie altyd verwesenlik nie. Ross (in Louw, 2001:429) sê dat kreatiwiteit van vroeë tot middel-adollesensie afneem as gevolg van die portuurgroep wat kreatiwiteit ontmoedig. Konformering benadeel individualiteit en oorspronklikheid wat 'n groot invloed op die individu, wat uit hierdie siklus van armoede, meervoudige gesinsproblematiek en gemeenskapsbeïnvloeding wil breek, kan uitoefen.

## 2.5 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Plug (in Louw, 2001:432) verwys na identiteit as die bewustheid by 'n persoon van hom- of haarself as 'n onafhanklike, unieke mens met 'n bepaalde plek in die samelewing. Dit is ook die tydperk in die mens se lewensiklus waartydens die

grootste mate van identiteitsontwikkeling plaasvind.

### 2.5.1 Identiteitsvorming

Om 'n eie identiteit te kan vorm, moet die adolessent volgens Erikson (in Louw, 2001:430) alle psigosiale krisisse van die vorige fases opgelos hê. Met ander woorde, die adolessente moet oor basiese vertrouwe, outonomie, inisiatief en arbeidsaamheid beskik om die take wat gedurende identiteitsontwikkeling vereis word, suksesvol deur te voer.

Die soektog na 'n selfbeeld, kontinuïteit in die eie lewe en kongruensie tussen die selfbeeld en die rolverwagtings van die samelewing, word bestempel as die soeke na identiteit (Meyer, 1988:169). Marcia (in Thom, 1990:459) meen indien hierdie struktuur goed ontwikkel is, die individu bewus sal wees van sy/haar uniekheid as persoon en van ooreenkomste tussen hom/haar en ander. Hy/sy sal ook bewus wees van sy/haar vermoëns en beperkings, waardes, belangstellings en ideale. Hoe swakker hierdie struktuur ontwikkel is, hoe groter sal die adolessent se verwarring wees oor sy/haar onderskeidende kenmerke, sy/haar waardestelsel en rolle en hy/sy sal grootliks staatmaak op ander se beoordeling van hom/haar.

#### 2.5.1.1 Ontwikkeling van 'n identiteit

Ten einde 'n eie identiteit te vestig, moet adolessente volgens Erikson (in Louw, 2001:432) die volgende take bemeester:

- Die vorming van 'n kontinue, geïntegreerde geheelbeeld van die self.
- Die vorming van 'n sosio-kulturele identiteit.
- Die vestiging van 'n geslagsrolidentiteit.
- Die vorming van 'n beroepsidentiteit.
- Die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel.

#### 2.5.1.2 Identiteitsverwarring

Identiteitsverwarring ontstaan wanneer adolessente geen besluite oor hulleself of hulle rolle kan neem nie. Hulle kan die rolle nie integreer nie en wanneer hulle deur teenstrydige waardestelsels gekonfronteer word, beskik hulle nie oor die vermoë of selfvertroue om besluite te neem nie. Die toestand van verwarring wek angs, asook apatie of vyandigheid teenoor rolle of waardes (Louw, 2001:432).

### 2.5.1.3 Faktore wat identiteitsontwikkeling beïnvloed

Sekere individuele faktore beïnvloed volgens Louw (2001:235) en Cotterell (1996:20) die adolessent se identiteitsontwikkeling naamlik die adolessent se liggaamlike voorkoms, kognitiewe vermoëns en interpersoonlike verhoudings soos byvoorbeeld met hul ouers of portuurgroep en verhoudings binne die breër sosiale konteks.

Met ander woorde as 'n adolessent nie kognitief daartoe in staat is om hom/haarself uit sy/haar omgewing te dink, te redeneer, te beplan en verder te neem nie, gaan hy/sy maklik terugval in die sirkelgang van voortbestaan soos die vorige geslagte dit gedoen het. Hy/sy moet gemotiveerd en idealisties wees en realistiese besluite kan neem.

### 2.5.2 Invloed van ouers

Ouerskapstyle beïnvloed volgens Baumrind (in Louw, 2001:436) die kind se identiteitsontwikkeling ten sterkste.

- Ouers wat 'n demokratiese ouerskapstyl volg, maak 'n positiewe bydrae tot die identiteitsontwikkeling van hul kinders. Hierdie styl word gekenmerk deur kommunikasie, betrokkenheid, ondersteuning en die stel van duidelike riglyne vir gedrag. Die kind se onafhanklikheidstrewes en identiteitsontwikkeling word hierdeur aangemoedig.
- Ouers wat 'n outoritêre ouerskapstyl volg, is geneig om hul kinders te beheer sonder om hul kinders die geleentheid op 'n eie mening te bied. Een of albei ouers vervul 'n dominante leiersrol en daar is ook baie sterk druk binne die gesin om te konformeer aan gesinsnorme. Die kinders word nie aangemoedig om onafhanklik te wees en 'n eie identiteit te ontwikkel nie. Die ouers is verder geneig om besittlik en kindgesentreerd te wees (Enright in Louw, 2001:436).
- Ouers wat 'n permissiewe ouerskapstyl volg, is grootliks onbetrokke en tree verwerpend op. Hulle gee weinig aandag aan die adolessent en verwag dat hulle hul eie besluite moet neem. Hierdie ouerskapstyl dra by tot identiteitsverwarring by adolessente.

Wanneer daar dan na identiteitsontwikkeling verwys word, beteken dit dat die individu die volgende eienskappe suksesvol deur die identiteitskrisis opgelos het, en verdraagsaamheid teenoor die self en ander persone ontwikkel het:

- 'n Vermoë om besluite te neem en take deur te voer.
- Die verwesenliking van sy of haar vermoëns in 'n beroep.
- Die moed om alleen en onafhanklik te wees.
- 'n Toekomsvisie en die vermoë om nuwe realiteite en konflikte te hanteer.
- Die vermoë om ten volle mens te wees.

Die bogenoemde geld nie slegs vir adolessente nie, maar ook vir diegene wat in hul volwasse lewensjare sekerheid oor hulle identiteit het (Louw, 2001:437).

### **2.5.3 Die selfkonsep**

Gedurende adolessensie ondergaan die adolessent se selfagting sekere veranderings vanweë nuwe dimensies wat bykom. Van hierdie dimensies is veranderde liggaamlike voorkoms, seksualiteit, veranderings in sosiale verhoudings, verhoudings met die teenoorgestelde geslag en beroepskeuse.

Die adolessent se evaluering van hom/haarself ondergaan ook veranderings. Gedurende die middel-kinderjare begin hulle hulself met ander vergelyk en neem hierdie selfagting effens af, maar hulle raak meer realisties namate hulle hul fisieke, kognitiewe en sosiale vaardighede begin evalueer.

Gedurende vroeë adolessensie wanneer adolessente groeiversnellings, puberteitsveranderings en kognitiewe en sosiale ontwikkeling ondergaan, en waarskynlik ook moet aanpas by 'n hoërskoolomgewing, is hulle geneig om 'n tydelike afname in hul selfagting te ervaar (Louw, 2001:439).

Faktore soos armoede, swak behuising, oorbewoning, gesinsdisorganisasie, 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning en ouerlike liefde en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings kan adolessente se selfkonsep negatief beïnvloed.

#### **2.5.4 Emosies**

Navorsers het bevind dat adolessente geneig is om minder uitermatige positiewe en meer negatiewe emosies te ervaar as jonger kinders. 'n Toename in woede en depressie is by veral meisies geïdentifiseer. Seuns aan die ander kant, het sowel positiewe as negatiewe emosies gerapporteer. Enersyds het hulle meer energiek en gefokus gevoel, aan die anderkant meer geïrriteerd en aggressief voorgekom. Hierdie wisseling van gemoedstemming kan toegeskryf word aan veral 'n styging in hormoonvlakke (Louw, 2001:439).

#### **2.5.5 Beroepskeuse**

Om 'n beroep te kies, dra by tot die definïering van 'n identiteit en is die eerste stap in die vervulling van 'n volwasse rol. Die keuse van 'n loopbaan is egter vir baie adolessente 'n moeilike taak. Dit behels sowel 'n proses van selfondersoek as 'n deeglike ondersoek van en 'n keuse tussen 'n groot aantal beroepsmoontlikhede. In die toenemend komplekse tegnologiese samelewing, is dit noodsaaklik dat adolessente bygestaan word met die maak van hul beroepskeuse. 'n Voorlopige keuse van 'n beroepsrigting help dikwels om 'n besluit te neem oor verdere skoolopleiding en vakkeuses wat dienoreenkomstig gemaak moet word.

Ten einde 'n realistiese keuse te maak, meen Gerdes, Moore, Ochse en Van Ede (in Louw, 2001:442) dat adolessente verskeie aspekte in gedagte moet hou, naamlik die individu se vermoëns, belangstellings, waardes en persoonlikheidskenmerke. Die inwin van inligting oor verskillende beroepe, asook die vereiste kwalifikasies wat benodig word, is dus belangrik. Die eienskappe van die beroep moet by die eienskappe van die individu pas. Behalwe die gekose beroep, moet daar ook oor alternatiewe beroepe besin word.

Die ideaal is dat adolessente 'n beroep sal kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikhede pas en wat 'n positiewe beeld sal bevorder. Hierdie ideaal word egter nie maklik bereik nie, omdat die volgende faktore beroepskeuse beïnvloed: sosiale veranderings (politiek, ekonomie, industrie, ontwikkeling); sosio-ekonomiese status (prestige, verwagtinge, inkomste); invloed van die ouers se ideale vir hul kinders, ouers se aanmoediging, ouers as rolmodelle; en massamedia (tydskrifte, koerante, radio, televisie en rolprente).

#### 2.5.5.1 Teoretiese perspektiewe ten opsigte van beroepskeuse

- Eli Ginzberg se ontwikkelingsteorie

Ginzberg (in Louw, 2001:442) sien beroepskeuse as 'n ontwikkelingsproses wat reeds voor adolessensie begin. Hy onderverdeel dit in die volgende drie periodes:

- Die fantasieperiode

Die kind se beroepskeuse geskied tydens vroeë en middel-kinderjare wat op wense en fantasieë gegrond is. Aksie en opwinding vorm 'n groot deel van die kwalifiserende vereiste van die beroep.

- Die tentatiewe periode

Ander faktore word geïnkorporeer. Keuses word nou meer gemaak op grond van belangstellings. Hierna volg vermoëns en vaardighede, en laastens waardes.

- Die realistiese periode

Op ongeveer 17-18 jarige ouderdom is hul heelwat meer realisties oor die eise van die beroep van hul keuse en begin hul beplan om die nodige opleiding vir hul gekose beroepe te ontvang.

- Donald Super se lewensloop-lewensruimte-benadering

Super (in Louw, 2001:443) het die volgende vyf stadia van loopbaanontwikkeling gedurende die lewensloop geïdentifiseer.

- Die groeistadium (ongeveer geboorte tot 15 jaar)
- Die eksplorasiestadium (ongeveer 15- 25 jaar)
- Die vestigingstadium (ongeveer 25 - 45 jaar)
- Die instandhoudingstadium (ongeveer 45 - 55 jaar)
- Die afname stadium (ongeveer 55 jaar en ouer)

- John Holland se teorie oor persoonlikheidstipes

Holland (in Louw, 2001:444) gee in sy teorie meer aandag aan die verband tussen sekere persoonlikheidskenmerke en beroepskeuses. Hiervolgens onderskei Holland tussen die volgende basiese persoonlikheidstipes wat by sekere beroepe pas:

- Realistiese persoonlikheidstipes, fisies sterk byvoorbeeld praktiese beroepe.
- Intellektuele persoonlikheidstipes, teoretiese denkers byvoorbeeld wetenskap
- Sosiale persoonlikheidstipes, verbaal sterk byvoorbeeld hulpverlenende oriëntasie; soos sielkunde en verpleging.
- Konvensionele persoonlikheidstipes byvoorbeeld gestruktureerde werk soos banktellers en klerke.
- Ondernemende persoonlikheidstipes, verbaal baie sterk byvoorbeeld politiek, verkope en bestuurswese.
- Estetiese (artistieke) persoonlikheidstipes, sterk skeppende vermoë byvoorbeeld kuns.

#### 2.5.5.2 Faktore wat beroepslewe beïnvloed

Louw (2001:447) sê dat adolessente 'n beroep kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikhede sal pas en wat 'n positiewe selfbeeld sal bevorder. Dit word nie altyd maklik bereik nie as gevolg van die invloed van die volgende faktore:

- Sosiale veranderinge

Volgens Louw (2001: 447) bied politieke veranderinge in Suid-Afrika, asook veranderinge in die wêreldwye ekonomie en die veranderinge van 'n industriële na 'n inligtingsera, baie nuwe moontlikhede en uitdagings aan diegene wat die beroepswêreld betree.

- Sosio-ekonomiese status

Conger (in Louw, 2001:448) meen beroepskeuses van adolessente hou verband met hul sosio-ekonomiese agtergrond. Jeugdige uit die hoër sosio-ekonomiese klas is geneig om beroepe met 'n hoë prestige waarde te kies. Die verband tussen sosio-ekonomiese klas en beroepskeuse kan toegeskryf word aan die volgende faktore:

- In 'n sekere sosio-ekonomiese klas is sekere beroepe bekender as in ander.

Witboordjieberoepe kom meer in hoër sosio-ekonomiese klasse en blouboordjieberoepe in laer sosio-ekonomiese klasse voor.

- Ouers uit 'n middel- en hoer ekonomiese klas is byvoorbeeld geneig om hoër verwagtings van hul kinders te koester.
- Ouers uit die middel- en hoër sosio-ekonomiese klas is ook in 'n beter posisie om inligting oor hoëvlakberoepe te verstrek en die opleiding te finansier.

- Geslagsverskille

Histories was die beroepskeuse van die man belangriker geag as die beroepskeuse van die vrou, aangesien dit sy status sowel as die van die gesin bepaal het. Betekenisvolle veranderinge het egter ingetree ten opsigte van die beroepsoriëntasie van die vrou as gevolg van veranderinge in die aard van haar posisie in die man-vrou verhouding, die gesin en die samelewing, die beklemtoning van individualisme en selfvervulling, meer ondersteuningstelsels vir die werkende vrou, groter finansiële behoeftes en die invloed van vrouebewegings wat daarop fokus om diskriminasie uit die weg te ruim (Louw, 2001:448).

- Invloed van ouers

Ouers oefen 'n groot invloed uit op die keuses van hul kinders. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale indien hul ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon (Louw, 2001:449).

- Massamedia

Die massamedia soos tydskrifte, koerante, rolprente, radio en televisie beïnvloed ook adolessente se beroepskeuse. Dit is egter belangrik dat die adolessente hul nie deur die beeld wat die massamedia van 'n beroep skets, laat mislei nie. Volgens Louw (2001:450) kan dit voorkom word deur soveel inligting moontlik oor 'n beroep te bekom.

As voorbeeld kan genoem word dat 'n beroepsrigting soos die regs wetenskappe oorversadiging bereik het. As gevolg van 'n oorblootstelling aan televisieprogramme met 'n regs- of regsverwante aard, kies heelwat voornemende studente hierdie

beroepsrigting. Hierdie keuses is dikwels gebaseer op die geïdealiseerde beeld van mag, status en finansiële gewin.

## **2.6 SOSIALE ONTWIKKELING**

Volgens Louw (2001:451) en Thom (1990:437) vind al die aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik liggaamlike, seksuele, kognitiewe, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling binne 'n sosiale konteks plaas wat ontwikkeling kan bevorder of strem. Tydens adolessensie word hierdie sosiale konteks deur ander mense soos die ouers en portuurgroep gevorm.

### **2.6.1 Ouer-adolessente-verhouding**

Daar word volgens Louw (2001:451) tans gefokus op 'n meer gebalanseerde siening van die verhouding met die klem op die gehegheidsbande tussen ouer en adolessent, sowel as die ondersteuningstelsel wat ouers aan adolessente bied namate hulle 'n groter en meer komplekse sosiale omgewing betree. Volgens die siening word konflik as 'n normale faset van ontwikkeling beskou.

- Ouer-adolessente konflik

Steinberg in Louw (2001:452) meen dat die moeder meer by konflik met die adolessent betrokke is as gevolg van groter daaglikse blootstelling aan die gesin. Redes vir verandering in kommunikasie- patrone hou vermoedelik verband met die volgende:

- Biologiese veranderinge gedurende puberteit wat veroorsaak dat hormoonafskeidings aanleiding gee tot gemoedskommeling.
- Kognitiewe veranderinge wat aanleiding gee tot toenemende bevraagtekening, idealisme en argumentering
- Die ontwikkeling van 'n eie identiteit wat met eksperimentering gepaardgaan
- Sosiale ontwikkeling wat toenemende onafhanklikheidswording impliseer

- Autonomie en gehegtheid

Konflik ontstaan dikwels as 'n resultaat van die adolessent se strewe na outonomie, met ouers wat gewoonlik as reaksie daarop strenger optree wat toenemend konflik tot gevolg het. Dit is belangrik dat ouers nie hierdie strewe na

outonomie sal ervaar as verwerping van ouerlike gesag nie, maar as 'n noodsaaklike ontwikkelingstaak. In die proses van onafhanklikheid streef die adolessent daarna om die volgende doelwitte te bereik (Collins en Repinski, in Louw, 2001:453):

kognitiewe outonomie - die neem van besluite en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir hierdie besluite;

gedragsoutonomie - die neem van eie besluite ten opsigte van keuses van vriende, finansies en vryetydsbesteding;

emosionele outonomie - om onafhanklik van hul ouers op hulself te steun en hulself te beheer; en

morele outonomie - die vorming van 'n eie waardestelsel wat as riglyn vir hul eie gedrag kan dien.

- Ouerskapstyle

Volgens Baumrind (1991) en die navorsing van Lamborn et al. (in Louw, 2001:454), word die sosiale gedrag van adolessente positief beïnvloed deur ouers wat reëls neerlê eerder as om bestraffend op te tree, en deur liefde en toegeneentheid eerder as onbetrokkenheid en afsydigheid te toon.

## 2.6.2 Portuurgroepverhoudings

Die adolessent het 'n dwingende behoefte om te behoort en het daarom 'n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by die portuurgroep. Die toenemende interaksie met die portuurgroep en vriende bied belangrike interpersoonlike kontak buite die kind se gesin en speel 'n belangrike rol in die kind se psigososiale ontwikkeling.

Dit dra by tot die bevrediging van die adolessent se emosionele behoeftes, dien ook as 'n belangrike bron van inligting en bied ook geleentheid om te sosialiseer. Hierdie sosialisering geskied by wyse van vriendskapsverhoudings sowel as romantiese verhoudings, wat volgens Steinberg en Meyer in Louw (2001:462) verskillende vorms aanneem:

- groepsaktiwiteite wat die verskillende geslagte betrek, sonder dat die seuns en meisies veel werklike kontak met mekaar het;
- groepsafsprake van 'n groep seuns en 'n groep meisies wat saam uitgaan, 'n gedeelte van die tyd as paartjies deurbring en 'n gedeelte van die tyd in die groter groep;
- informele afspraak in pare; en
- ernstige betrokkenheid by 'n spesifieke meisie of seun.

Volgens Berk (in Louw, 2001:462) word die voordele van vriendskapsverhoudings oor die algemeen voortgesit in romantiese verhoudings, naamlik:

- die ontwikkeling van onafhanklikheid en identiteitsvorming;
- geleentheid vir kameraadskap;
- die aanleer van kommunikasievaardighede; en
- die aanleer van interaksie en sosiale vaardighede

Lefrancois (in Louw, 2002:455) meen ook dat die adolessente-portuurgroep in baie gevalle beskou kan word as 'n aparte kultuur wat die oorgang van die kinderfase na volwassenheid vergemaklik.

Adolessente wat min ideale koester oor die toekoms en verdere studies ten einde 'n sekere beroep te kan beoefen, kan vinniger in ernstiger verhoudings betrokke raak en trou. Omdat hy/sy nie gaan studeer nie, is hy vinniger finansiële onafhanklik en in staat tot 'n huwelik.

### **2.6.3 Morele ontwikkeling**

Aangesien adolessente se sosiale betrokkenheid toenemend uitbrei, verskaf 'n persoonlike waardestelsel riglyne vir hulle gedrag en help dit hulle om sosiaal- en moreel-verantwoordelike gedrag te openbaar (Dusek, 1987 in Louw, 2001:466).

- Faktore wat adolessente se morele ontwikkeling beïnvloed:  
(Berk [1994], Hoffman [1980], Lambert [1978] in Louw, 2001:475)
- Kognisie

Die vermoë om 'n hipotese te vorm, dit te ondersoek en te toets, sekere afleidings te maak en abstrak te dink, stel adolessente in staat om verskeie alternatiewe waardes te oorweeg en dit rasioneel te ondersoek.

- Ouerlike houdings en optrede

Of morele waardes tydens die adolessensie geïnternaliseer word al dan nie, hang in 'n groot mate af van die adolessent se verhouding met sy/haar ouers. Ouers wat warm en liefdevol is, goeie modelle vir morele gedrag is en induktiewe dissiplinêre tegnieke gebruik, sal waarskynlik die ontwikkeling van morele rypheid by hul adolessente kinders bevorder.

- Interaksie met portuurs

Interaksie tussen portuurs met verskillende sienings en wat selfs konfrontasie tot gevolg het, speel 'n rol in die ontwikkeling van outonomie ten opsigte van morele denke.

- Godsdiens

Godsdienstige jeugdige, in teenstelling met nie-godsdienstige jeugdige, toon groter morele verantwoordelikheid, hulle sien hul toekoms as voorspelbaar en seker, is minder angstig, ervaar meer sekuriteit, identifiseer in 'n groter mate met die ouers se houdings, waardes en gedrag. Voorhuwelike geslagsgemeenskap, alkohol- en dwelmgebruik kom minder onder godsdienstige jeugdige voor (Hauser in Louw, 2001:475).

- Sosio-ekonomiese status

Snarey (in Louw 2001:475) meen dat persone uit die middelklas meer geneig is om die hoër vlakke van morele redenering te bereik as persone uit laer sosio-ekonomiese klasse (Kohlberg in Louw, 2001:475).

- Egosentrisme

Die vermoë om 'n saak uit 'n ander se perspektief te beskou sonder om slegs dit wat vir hulle persoonlike voordeel inhou in hulle morele redenering in te sluit.

## 2.7 SAMEVATTING

In teenstelling met die eertydse tradisionele samelewing waarin die riglyne vir adolessensie duideliker was, bevind die huidige geslag adolessent hulle nou in 'n tegnologiese komplekse samelewing waarin die riglyne vir hulle gedrag dikwels vaag is en hulle langer finansiële afhanklik van hul ouers is, terwyl die periode van beroepsopleiding nou ook langer word (Louw, 2001:389).

Die kompleksiteit en diversiteit van die adolessente se liggaamlike en seksuele ontwikkeling, die ontwikkeling van hul denke, gevoelens, persoonlike verhoudings, gedrag en identiteit van belang by die bestudering van adolessensie.

Die ervaring van adolessensie dui egter nie net op die effek van die omvangryke liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling wat tydens hierdie oorgangsperiode plaasvind nie, maar kan ook toegeskryf word aan die veranderingsgeïntegreerde samelewing waarin hulle grootword (Louw, 2001:391).

Hierdie veranderingsgeïntegreerde samelewing word gekenmerk deur tegnologiese en sosiale veranderinge asook veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes. Hierdie drastiese veranderinge sowel as ingrypende sosiale, persoonlike en gesinsveranderinge bring geweldige aanpassings mee en die adolessent worstel voortdurend met vraagstukke wat verband hou met selfvertroue en selfagting, emosionele stabiliteit, gesondheid, gesinsinvloede, persoonlike vryheid, groepsdruk, groepsosialiteit en moraliteit.

Ongeag die strewe na 'n meer gebalanseerde siening van adolessensie wat sielkundiges tans verkies, kan dit nie ontken word dat die ingrypende liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling wat tydens adolessensie plaasvind, besondere aanpassing verg nie (Louw, 2001:392).

## HOOFSTUK DRIE

### DIE INVLOED VAN 'N GEDEPRIVEERDE MILIEU OP DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE HUIDIGE GENERASIE ADOLESSENTE

#### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is adolessensie as ontwikkelingsfase bespreek. In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die invloed van 'n gedepriweerde milieu op die toekomsverwagting van die adolessent.

#### 3.2 GEDEPRIVEERDE MILIEU

'n Gedepriweerde leefomgewing word gekenmerk aan:

- 'n Ontoereikende geografies-fisiese wêreld, byvoorbeeld die fisiese omgewing waar 'n swak woonbuurt, swak behuising en swak kultuurgoedere aan die orde van die dag is.
- Ontoereikende menslike kommunikasie wat verhinder dat die kind sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede toereikend kan verwerk.
- Die handhawing van 'n lae kulturele peil (Wiechers en Erasmus, 1992:130-131).

#### 3.3 GENERASIES

Die woord "generasie" word volgens die *Concise Oxford Dictionary* (9<sup>th</sup> ed) (1995:X ) as volg verklaar: "All the people born at a particular time, regarded collectively". Codrington in Miller (2003:6) se definisie lui as volg: "... it is the average time in which children are ready to take the place of their parents (usually reckoned at about 30 years) .....to describe groups of people characterised by similar qualities and attitude trends and generational attitudes which can be discerned".

Die individu en sy mede-jaargenote deel dus volgens Codrington se definisie sekere kenmerke wat grootliks deur die dinamika van die omgewing bepaal word. Die jeugdige wat in 'n bepaalde jaar gebore is, is dus nie net 'n individu nie, maar neem ook binne sy/haar omgewing 'n rol in as 'n individu deel van 'n groep persone binne 'n sekere jaargroep of generasie gebore. Dus deel van 'n generasie of 'n geslag. Die

*Oxford Modern English Dictionary* (1995:352) omskryf “omgewing” as: “... physical surroundings and conditions, especially as effecting people’s lives, conditions or circumstances of living”. Hierdie dinamika word beïnvloed van buite en voortdurende veranderinge vind plaas as gevolg van veranderde voorkeure, houdings, neigings en kwaliteite en veroorsaak dus dat die omgewing nie stagneer nie.

Die bogenoemde faktore, wat inherent aan die funksionering van individue is, beïnvloed egter nie slegs die dinamika binne die omgewing nie, maar ook die generasie as sulks as gevolg van die individu se funksionering binne beide die omgewing en die generasie.

### **3.4 WÊRELDBESKOUIING EN WAARDESTELSEL**

Die generasieteorie is gebaseer op die idee dat ‘n persoon oor ‘n waardestelsel beskik wat ‘n invloed het op die wyse waarop hy/sy die wêreld om hom/haar waarneem en daarmee in interaksie tree. Hierdie waardestelsel word hoofsaaklik beïnvloed deur die omstandighede binne die omgewing waarin die kind grootword (Codrington, 2003:2).

Binne die Wolmer-gemeenskap sou dus aangeneem kon word dat, aan die hand van hierdie teorie, die adolessente deur omstandighede binne hierdie gemeenskap waarin hy of sy grootword, geaffekteer word. Die waardestelsel waaroor hy of sy beskik, sal dan ook ‘n invloed hê op die wyse waarop hy of sy die gemeenskap waarneem en daarmee in interaksie tree.

Omdat mense in sekere eras grootword, kan aanvaar word dat hulle waardestelsels deur die tydperk waarbinne hul gebore word, beïnvloed word (Codrington, 2003:2).

Die generasieteorie poog om groepe wat saamwoon, te identifiseer en wat, as gevolg van sekere belangrike gebeure wat plaasvind gedurende hul volwassewording, ‘n sekere wêreldbeskouing deel. Hierdie teorie vervang nie ander teorieë wat op die segmentering van die bevolking gerig is nie, maar bied ‘n interessante en bruikbare beskouing daarvan. Hierdie teorie val dus binne die sosiale geskiedenis en beskryf en verduidelik die veranderinge in openbare

houdings oor tyd. Neil Howe en William Strauss het dit in 1991 in hul boek *Generations* vir die eerste keer sistematies beskryf, en dit later verder ontwikkel (Codrington, 2003:2).

Volgens Strauss en Howe (Corrington, 2002:3) wat 'n omvattende studie van die Amerikaanse geskiedenis gemaak het, is daar duidelike hoogtepunte en laagtepunte. Die generasieteorie verwys na die sikliese aard van die geskiedenis.

### **3.5 GENERASIEGROEPERINGS VAN DIE TWINTIGSTE EEU**

Die veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes, asook veranderinge met betrekking tot sosiale, persoonlike en gesinsveranderinge, bring sekere kenmerke mee wat tipies aan elke generasie is en waaraan elke generasie onderskei word. Hierdie spesifieke veranderinge eie aan daardie generasie stel dan ook sy eie spesifieke eise aan die geslag adollesente van die spesifieke generasie.

Die riglyne vir adollessensie was in die tradisionele samelewing duideliker. Daarteenoor bevind die huidige geslag adollesent hulle nou in 'n tegnologiese-komplekse samelewing waarin die riglyne vir hulle gedrag dikwels vaag is (Louw, 2001:389).

Die ervaring van adollessensie dui egter nie net op die effek van die omvangryke liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling wat tydens hierdie oorgangsperiode plaasvind nie, maar kan ook toegeskryf word aan die veranderingsgeoriënteerde samelewing waarin hulle grootword (Louw, 2001:391).

Hierdie veranderde rolle binne die veranderingsgeoriënteerde samelewing word deur tegnologiese en sosiale veranderinge asook veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes gekenmerk. Hierdie drastiese veranderinge sowel as ingrypende sosiale, persoonlike en gesinsveranderinge, bring geweldige aanpassings van generasie tot generasie mee.

Miller (2003:7) het in 'n studie oor die invloed van tegnologie op die huidige geslag adollesent, die volgende tabelle saamgestel ten einde 'n onderskeid te maak tussen

die verskillende geslagte adolessente van die twintigste eeu (Tabel 1), die geboortejare van die adolessente in die verskillende generasies (Tabel 2), asook die huidige geslag adolessent binne hierdie onderskeiding aangedui met 'n X (Tabel 2).

### 3.5.1 Twintigste eeuse generasies

In Tabel 3.1 word 'n uiteensetting van die twintigste eeuse generasies weergegee.

**TABEL 3. 1: Generasies van die twintigste eeu**

NAAM	GEMIDDELDE SUID-AFRIKAANSE OUDERDOMME
GI	GEBORE 1910 – 1929
SILENT	GEBORE 1930 – 1949
BOOMERS	GEBORE SWART : 1950 – 1965 ; WIT ENGELS : 1950 – 1970 ; WIT AFRIKAANS : 1950 – 1980
GENERASIE X	GEBORE 1961 – 1981
GENERASIE Y	GEBORE EINDE VAN DIE 1970'S
MILLENIUM-GEN	GEBORE SEDERT DIE VROEë 1980'S
OH-OH-TIENERS	TIENERS TUSSEN OH-OH JARE (2000 – 2009) EN GEBORE TUSSEN 1989 – 1994
NET-GENERASIE	GEBORE 1977 – 1997
NINTENDO- GENERASIE	TUSSEN OUDERDOM 3 – 18 SKOOLGAANDE EN BEïNVLOED DEUR DIE NINTENDO-TEGNOLOGIE
KINDERS VAN CHAOS	BEïNVLOED DEUR DIE NIE-LINIêRE KULTUUR MOONTLIK VANAF DIE MIDDEL 1980'S

(Miller, 2003:7)

### 3.5.2 Voorstelling van adolessente gebore in die verskillende generasies

Die generasies word in drie hoofgroepe ingedeel naamlik:

- Generasie X gebore in die sestigerjare

- Millenium-generasies (sluit in Generasie Y, die Millenium-generasie en die OH – OH-generasies) gebore vanaf die middel sewentigerjare tot die middel 1994; en
- Die Tegnologiese generasie (sluit in die Net-, Nintendo- en Chaos-generasies), gebore tussen 1997 – 1999.

Wanneer die navorser in hierdie studie na die 13-jarige adolessent van die huidige generasie verwys, is dit volgens skedule 1 en skedule 2 kinders wat in 1990 gebore is en wat kenmerke van die Net-, Nintendo- en Choas-generasies toon. Daar word ook na hierdie groep as die Tegnologiese generasie verwys. Die huidige generasie adolessent word in Tabel 3.2 aangedui met 'n X.

**TABEL 3. 2: Die huidige geslag dertienjarige adolessente aangedui met X**

	60	65	70	75	19	80	85	90	95	20	00	05
<b>GENERASIES</b>												
GENERASIE X												
GENERASIE Y												
MILLENIUM-GEN												
OH-OH-GEN								X				
NET-GEN								X				
NINTENDO-GEN								X				
KIND VAN CHAOS								X				

(Miller, 2003:7)

### 3.6 LINIÊRE EN NIE-LINIÊRE VORMS VAN INLIGTING

Die groot verskil tussen die huidige generasie adolessente en die generasie waardeur hul tans grootgemaak word, word gevind in die inligting wat nou beskikbaar is en die wyse waarop inligting beheer word soos in Tabel 4 uiteengesit.

Die vorige generasies adolessente het te doene gehad met liniêre vorms van inligting wat hoofsaaklik afkomstig was uit boeke, films, tydskrifte, koerante en die radio, wat min kontrole oor die vloeï van inligting geïmpliseer het.

Nie-liniêre inligting behels hoofsaaklik inligting wat elektronies aangebied word en waarvan die vloeï deur die verbruiker gemanipuleer en geëksploreer kan word, byvoorbeeld die internet, CD-ROMS en videospelletjies.

**TABEL 3.3: LINIÊRE EN NIE-LINIÊRE VORMS VAN INLIGTING**

		HANTERING	VOORBEELDE
Liniêre inligting	Ou	Verbruiker het min kontrole oor die vloeï van inligting.	Voorbeelde sluit in boeke, films, tydskrifte, koerante en radio.
Nie-liniêre inligting	Nuut	Verbruiker het die vermoë om die rigting van vloeï van inligting te verander en om die inligting te eksploreer in 3D.	Voorbeelde sluit in digitale kompak skywe (CD Roms) die internet (in alle vorme) videokassetspelers en videospelletjies.

(Miller, 2003: 14)

### 3.7 DIE DERTIENJARIGE ADOLESSENT VAN DIE TEGNOLOGIESE GENERASIE EN DIE HANTERING VAN INLIGTING

Blotgestel aan die Net-, Nintendo- en Chaos-periode het hierdie generasie van ongeveer 13 jaar, grootgeword in die wêreld van rekenaars en ander inligtingstegnologie (Miller, 2003:11).

Hierdie generasie kan inligting herlei, die kompleksiteit modifiseer asook die spoed

en wyse van oordrag verander. Hul manier om in interaksie te tree met inligting verskil van vorige geslagte aangesien die vorige geslagte blootgestel was aan liniêre inligting waar min beheer oor inligting uitgeoefen kon word. Die kind van die Generasie van Choas, volgens Rushkop (in Miller, 2003:12), is gebore in 'n nie-liniêre kultuur, wat deur die televisie en die rekenaar oorheers word.

Die digitale omgewing, eerder as ekonomiese, sosiale en politieke faktore, beïnvloed hierdie generasie en stel hom bekend aan die moontlikhede vir sy toekoms en die verwagtings wat hy daarvoor kan koester.

Hoewel Louw (2001:447) dit as ideaal stel dat adolessente 'n beroep kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikhede sal pas en wat 'n positiewe selfbeeld sal bevorder, word dit nie altyd maklik deur die adolessente van Wolmer bereik nie. Volgens Louw (2001:447) bied die politieke veranderinge in Suid-Afrika, die veranderinge in die wêreldwye ekonomie asook die omskakeling van 'n industriële na 'n inligtingsera, baie nuwe moontlikhede en uitdagings aan diegene wat die beroepswêreld betree.

Die massamedia soos tydskrifte, koerante, rolprente, radio en televisie beïnvloed adolessente se toekomsverwagting en beroepskeuse. Dit is egter belangrik dat die adolessente hul nie laat mislei deur die beeld wat die massamedia van 'n beroep skets nie. Volgens Louw (2001:450) kan dit voorkom word deur so veel inligting moontlik oor 'n beroep te bekom.

Adolessente in die Wolmer-gemeenskap wat oor beperkte toegang tot tegnologiese hulpmiddels beskik, gaan dikwels arm aan verwagtings as gevolg van 'n gebrek aan inligting vanweë beperkte hulpmiddels. In huishoudings waar 'n koerant die gesin aan 'n waardevolle halwe brood ontnem, is die gedagte aan toegang tot die internet tuis 'n dikwels blywende, onmoontlike droom.

Ouers oefen groot invloed uit op die keuses van hul kinders. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale wanneer die ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon (Louw, 2001:449). Dit gebeur egter slegs in uitsonderlike gevalle in Wolmer,

aangesien die ouers se verwagtings vir hul kinders dikwels geskoei is op hul eie beroepsideale, wat in Wolmer baie laag is.

### **3.8 INVLOEDE WAT 'N IMPAK OP DIE ADOLESENT SE INTERAKSIE MET INLIGTING HET**

Die dinamika tussen die adolessent en inligting word deur verskillende faktore beïnvloed, naamlik generasie, tegnologie, adolessente ontwikkelingsgedrag en bemerkingsgeletterdheid. Hierdie faktore het 'n besliste invloed op die gebruik, prosessering en produksie van inligting.

#### **3.8.1 Die invloed van die generasie**

Jongmense van die laat twintigste eeu word beskryf en gekatagoriseer op grond van demografie, neigings en houdings waarbinne hul leef en die neigings en houdings wat ontwikkel as gevolg van hierdie blootstelling aan mekaar.

Elke persoon in die wêreld het 'n waardestelsel – dit wat sê wat hy of sy beskou as positief of negatief, goed of sleg, reg of verkeerd en normaal of abnormaal. Hierdie waardestelsel is volgens Corrington (2002:2) grootliks in plek teen die tyd dat 'n persoon die ouderdom van 10 jaar bereik. Dit is wel moontlik dat sekere ingrypende gebeure lewensveranderend kan wees en die waardestelsel kan verander maar dit is uiters raar en word 'n paradigmaskuif genoem. Meeste onderliggende waardes bly egter onveranderd regdeur 'n persoon se lewe.

'n Persoon se wêreldbeskouing vorm die basis waaruit evaluasies gedoen word - daardie onderbewuste, instinktiewe reaksie wanneer 'n persoon nuwe mense ontmoet of met nuwe omstandighede gekonfronteer word. Die mens se waardestelsel word deur sy familie, vriende, gemeenskap, spesifieke gebeure en die era waarin hy gebore, grootword en gevorm word, beïnvloed.

Dit wil sê persone wat min of meer ewe oud is, min of meer dieselfde ervarings gehad het of min of meer dieselfde omstandighede deurgemaak het tydens hul kinderjare en grootgemaak is deur ouers met min of meer dieselfde beskouing van ouerskap, sal na alle waarskynlikheid vandag dieselfde waardestelsel hê.

Straus en Howe stel dit as volg: “History creates generations and generations create history. The cycle draws energy from each generation’s need to define the social role of each new phase of life it enters. And it draws circular energy from each generation’s tendency to fill perceived gaps and to correct (indeed, overcorrect) the excesses of its elders. The powerful nurturing and ‘shadow’ relationships between two-part generations are especially important. The alternation between under protection and over protection of children is also key” (Corrington, 2002: 2).

Jongmense van die Wolmer-gemeenskap word ook beskryf en gekategoriseer op grond van demografie, neigings en houdings waarbinne hul leef en die neigings en houdings wat ontwikkel as gevolg van hierdie blootstelling aan mekaar as generasie.

Elkeen kry die geleentheid om aan die hand hiervan en binne die beperkings van hierdie milieu ‘n waardestelsel – dit wat bepaal wat goed of sleg, reg of verkeerd en normaal of abnormal is – te ontwikkel. In die Wolmer-gemeenskap is dit ook moontlik dat sekere groot gebeure so lewensveranderend kan wees dat dit die waardestelsel kan verander. Meeste van hierdie adolessente se onderliggende waardes bly egter onveranderd regdeur hul adolessentefase en word grootliks gevorm deur dit waaraan hul die eerste tien jaar van hul lewens blootgestel was. Dit sou dus korrek wees om aan te neem dat enige ingrepe in die waardestelsels van adolessente uit hierdie gemeenskap, verkieslik voor die ouderdom van tien jaar moet geskied.

As die mens se waardestelsel deur sy familie, vriende, gemeenskap, spesifieke gebeure en die era waarin hy gebore en grootword, gevorm word, kan daar dus aangeneem word dat persone in Wolmer wat min of meer ewe oud is, min of meer dieselfde ervarings gehad het of min of meer dieselfde omstandighede deurgemaak het as kinders, en grootgemaak is deur ouers met min of meer dieselfde beskouing van ouerskap. Hulle sal na alle waarskynlikheid dus as generasie vandag dieselfde waardestelsel hê.

Dat die adolessent in Wolmer ‘n beroep kies wat by sy vermoëns, belangstellings en persoonlikheid sal pas en wat ‘n positiewe beeld sal bevorder, word as ideaal nie maklik bereik nie as gevolg van sosiale veranderings, sosio-ekonomiese status, invloed van die ouers en die massamedia. Dit is alles generasiegebonde faktore en

het 'n invloed op die adolessent omdat hierdie faktore 'n direkte impak op die adolessent se keuse en onmiddellike omgewing het.

Aspekte soos werkloosheid, verlaagde sosiale status en beperkte vorderingsmoontlikhede bring veranderde rolle binne die veranderingsgeörienteerde samelewing mee en word verder gekenmerk deur tegnologiese veranderinge, asook veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes binne die generasie.

'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef, sodat dit positief tot hul identiteitsontwikkeling bydra. Die waardes en norme wat die rol van die voorafgaande faktore in die lewe van die adolessent in Wolmer definieer, word grootliks deur die generasie en die onmiddellike omgewing beïnvloed.

As gevolg van 'n toenemende strewe na outonomie kom die adolossente te staan voor verskeie alternatiewe waaruit hulle 'n keuse moet maak of die beste oplossings vir 'n probleem moet kies. Dit kan tot konflik lei indien ouers nie bewus is van die strewe na outonomie nie. Adolessente wil graag hul eie besluite neem sonder die hulp en leiding van hul ouers.

Die adolessent se vraende houding met betrekking tot sosiale, politieke en religieuse instellings kan ook daartoe lei dat die adolessent sy ouers se gedrag bevraagteken, wat uiteraard tot konflik kan lei.

Hoewel formeel-operasionele denke die adolossent se kreatiwiteit verhoog, word hierdie potensiaal nie altyd verwesenlik nie. Konformering benadeel individualiteit en oorspronklikheid wat 'n groot invloed mag hê op die individu wat uit hierdie siklus (binne hierdie gemeenskap) wil breek.

Plug (in Louw, 2001:432) verwys na identiteit as 'n bewustheid van hom- of haarself as onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing. Elke generasie bevind hom in 'n situasie waar identiteit beïnvloed en gevorm word deur die neigings en giere van die oomblik. Dit is ook die tydperk in die lewensiklus

waartydens die grootste mate van identiteitsontwikkeling plaasvind.

Ook in Wolmer speel dit 'n rol en kan portuurgroepdruk en portuurgroepaanvaarding 'n impak hê op keuses wat gemaak word en die aanvaarding van verantwoordelikheid. Volgens Louw (2001:451) vind al die aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik liggaamlike, seksuele, kognitiewe, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling binne 'n sosiale konteks plaas, wat ontwikkeling kan bevorder of strem. Tydens adolessensie word hierdie sosiale konteks deur onder andere die ouers en portuur binne die generasie gevorm.

In die Wolmer-gemeenskap kan faktore soos armoede, swak behuising en oorbewoning, gesinsdisorganisasie, 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning en ouerlike liefde en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings adolessente se selfkonsep negatief beïnvloed wat 'n direkte invloed het op sy/haar toekomstige lewensverloop.

As 'n adolessent in Wolmer nie kognitief daartoe in staat is om hom/haarself uit sy omgewing te dink, te redeneer, te beplan en verder te dink nie, gaan hy/sy maklik ingetrek word by die sirkelgang van die voortbestaan soos dit in die vorige geslagte gedoen is. Hy/sy moet gemotiveerd en idealisties wees en realistiese en ingeligte besluite kan neem. Dit kan die adolessent doen deur hom/haar op die bes moontlike wyse te vergewis van alle beskikbare geleenthede wat sy/haar generasie hom/haar bied.

### **3.8.2 Invloed van tegnologie**

Die invloed van tegnologie op die drie verskillende generasie groepe, naamlik: Generasie X, Die Millenium-generasie (Gen Y, OH-OH en Millenium) en die Tegnologiese generasie (Net, Nintendo en Chaos) word soos volg deur Miller (2003:7) aangedui.

- Generasie X

Hierdie generasie het grootgeword in die teenwoordigheid van die televisie en die aanslag van die media. Die “afstandbeheer” was hulle vermaak, asook vinnige

responstoestelle soos byvoorbeeld die tellermasjien. Hulle is nie bang vir tegnologie nie. Hierdie generasie beskik as gevolg van die tegnologie oor 'n kort aandagspan, is in staat tot meervoudige inset en ly aan inligting oorlading (Kalata in Miller, 2003:9) Hierdie tegnologie bied onmiddellike behoeftebevrediging.

- Die Millenium-generasie

Kinders van die tegnologiese era met 'n ontploffende sagteware-industrie behoort aan dié generasie (Cobb in Miller, 2003:11). Hulle het grootgeword voor buise, skerms en kaste as kinderoppassers (Zoba, in Miller, 2003:11). Die tegnologie maak mense meer individualisties sodat hul nie so 'n homogene groep is nie. Die afstandbeheer simboliseer hul realiteit, konstante verandering, hul fokus is gefragmenteerd (Beck, in Miller, 2003:11).

- Tegnologiese generasie

Hierdie generasie het grootgeword in die wêreld van rekenaars. Hulle kan in interaksie tree met inligting, die vloei daarvan onderbreek, die inligting herlei, die kompleksiteit modifiseer, die spoed waarteen dit aangebied word manipuleer en die wyse waarop dit aangebied word wysig (Miller, 2003:11). Die generasie word omring deur digitale toerusting wat hoogs manipuleerbaar en nie-liniêr is in teenstelling met die vorige generasies met films, radio, koerante en boeke en tydskrifte as enigste liniêre bronne van inligting, en met weinig beheer oor die vloei van inligting. Die huidige adolessente van ongeveer 13 jaar word in hierdie generasie gekategoriseer. Die adolessent in Wolmer kan egter nie ten volle met hierdie generasie adolessent vergelyk word nie, aangesien die meeste tieners in Wolmer, weens 'n gebrek aan finansiële hulpmiddele, oorwegend nie op dieselfde vlak toegang tot hierdie tegnologie het nie. Meeste van die jeugdige uit 'n gedepriveerde milieu word dus agtergelaat wat betref die tegnologiese era.

### **3.8.3 Adolessente-ontwikkeling en gedrag van die huidige tegnologiese generasie**

Die tegnologiese generasie kan kognitief, psigomotories en affektief as volg beskryf word:

**TABEL 3. 4: Adollesente ontwikkeling en gedrag van die huidige tegnologiese generasie**

TEGNOLOGIESE GENERASIE	KOGNITIEF	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hierdie kinders is Net-slim aktief</li> <li>• Hulle is deelnemende, argumenterende, spelende, kopende, kritiese, lawwe, fantaserende, soekende en ingeligte kinders</li> <li>• Hulle wil verbruikers wees, nie slegs toeskouers of luisteraars nie.</li> </ul>
	PSIGOMOTORIESE	<p>Ten einde die Net te gebruik moet hulle:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kritiese vaardighede ontwikkel om te oordeel of inligting waarde het, aldan nie;</li> <li>• Met mekaar in 'n kletskamer of via e-mail kan gesels;</li> <li>• Evalueringsvaardighede ontwikkel ten einde te besluit of inligting feite of fiksie is;</li> <li>• Ondersoekende vaardighede ontwikkel ten einde die verlangde inligting te bekom;</li> <li>• Denkvaardighede ontwikkel om 'n aanlyngesprek in stand te hou;</li> <li>• Denkvaardighede ontwikkel om die benodigde inligting te vind;</li> <li>• Skryfvaardighede ontwikkel deur aanlyn te gesels en e-pos te stuur;</li> <li>• Die implisiete waardes bevraagteken wat inligting bevat aangesien daar te veel inligting is; en</li> <li>• Eie inligting soek.</li> </ul>
	AFFEKTIEF	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Net-generasie geniet die Net;</li> <li>• Jong mense is honger vir uitdrukking, ontdekking en hul eie selfontwikkeling;</li> <li>• Hulle beheer die media en skep hul eie omgewing, ontwikkel hul eie gevoel van</li> </ul>

		outonomie en sin vir waardes; en • Hulle leer sosiale vaardighede en sosiale verantwoordelikheid in die kletskamers.
--	--	---

(Miller, 2003:11)

### 3.9 PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG EN HUL GESINNE

Volgens 'n Jeug en Gesinne Sensus Profiel deur Codrington (1999:1) blyk "my toekoms" een van die eerste prioriteite in jongmense se lewens te wees. Daar is egter sommige kommerwekkende tendense soos byvoorbeeld versteurings in ouer-kind-verhoudings. Hoewel 96% jongmense beweer dat hul gesin die hoogste prioriteit geniet, het 72% aangedui dat daar kommunikasieprobleme bestaan (Codrington, 1999:1).

Wanneer onderwerpe van belang by ouers en kinders vergelyk word, is daar feitlik niks gemeenskaplik nie. Ouers wil hul kinders se vordering bespreek en kinders wil volwassekwessies in hul lewens bespreek.

Die ouers van die huidige generasie adolessente wil hul kinders se toekoms bespreek in soverre dit keuses oor skole, skoolvakke, na-skoolse opleiding ensovoorts behels. Daarteenoor wil kinders praat oor seks en hul verhoudingslewe, sosiale verhoudings, sport, modes, vervoermiddels, die gebruik van alkohol en dwelms, ensovoorts. Hoewel hierdie verskille tog by mekaar uitgebring kan word, is daar een gemeenskaplike faktor wat dit beïnvloed: 'n gebrek aan tyd (Codrington, 1999:1).

Die gemiddelde adolessent is besig met na-skoolse aktiwiteite en ander na-uurse bedrywigheede, soms selfs meer veeleisend as sy/haar studies. Daarteenoor bevind die gemiddelde ouer hom/haarself verswelg met eise waarvoor die adolessent nie altyd begrip het nie.

In die Wolmer-woongebied lyk die scenario dikwels iewat anders omdat baie van die ouers nie noodwendig werk nie en te midde van hierdie stryd om oorlewing, nie altyd

beskikbaar of toeganklik is met betrekking tot aangeleenthede wat uitsluitlik op die adolessent betrekking het nie. Die adolessent op sy beurt, bevind hom of haar dikwels in 'n situasie waar hul as gevolg van die ontmoedigende en neerdrukkende armoede verkies om die huishouding te vermy, en sodoende dus geleenthede om sake van gemeenskaplike belang te bespreek, verlore laat gaan.

Die Jeug en Gesins Sensus Profiel deur Codrington (1999:1) het vier punte geïdentifiseer wat die jeug kwel:

- Werkloosheid wanneer hulle die skool verlaat;
- Ouers wat afsterf;
- Om nie sukses in hul lewens te behaal nie; en
- Die verskrikking van HIV.

Die vrese van Christene en nie-Christene verskil nie beduidend nie en kan saamgevat word as vigs, God, misdaad en faal in studies.

### **3.10 TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE ADOLESSENT BINNE 'N GEDEPRIVEERDE MILIEU**

Die toekomsverwagting van die adolessent binne 'n gedepriveerde milieu word beïnvloed deur die volgende faktore, wat kenmerkend is aan die bestaan van die kind binne hierdie milieu:

#### **3.10.1 Chroniese stres**

In soverre dit kinders se blootstelling aan chroniese stres behels, blyk dit uit studies dat die identifisering van persoonlike karaktertrekke, asook gesins- en omgewingsondersteuning almal faktore is wat die kind se vermoë tot aanpassing bevorder (Haggerty in Dubow, et al. 2001:5).

Chroniese stres word byvoorbeeld veroorsaak deur inwoning in 'n verarmde stedelike gemeenskap, waar kinders makliker blootgestel word aan slegte behandeling, substandaard behuising en geweld (Dubow, et al. 2001:5). Wyman (in Dubow, et al. 2001:5) het bevind dat positiewe toekomsverwagtings as 'n beskermende faktor dien vir kinders wat aan chroniese stres onderworpe is.

Ten einde vas te stel hoe om positiewe verwagtings tot stand te bring, moes navorsing ingespan word. Hierdie navorsing deur Dubow, et al. (2001:5) het die volgende drie vrae tot gevolg gehad:

- Tot watter mate het kinders positiewe verwagtings?
- Watter veranderlikes hou verband met positiewe toekomsverwagtings?
- Watter veranderlikes sou oor tyd verandering bring in positiewe toekomsverwagting?

Carver, Reynold en Scheier, (in Dubow, et al. 2001:65) noem dat positiewe toekomsverwagting belangrik is omdat dit as fokuspunt vir 'n persoon se energie in die strewe na 'n beter toekoms dien. Ten einde toekomstige sukses te behaal, kan individue hul probleemoplossende vaardighede gebruik, hul sosiale ondersteuningsnetwerk mobiliseer en betrokke raak by vaardighede wat hul sosiale bevoegdheid bevorder (Dubow, et al. 2001:6).

### **3.10.2 Disposisionele optimisme**

Hoewel daar min navorsing oor toekomsverwagtings by adolessente gedoen is, is daar meer bekend oor disposisionele optimisme. Disposisionele optimisme volgens Dubow, et al. (2001: 6) verwys na die globale verwagting van persoonlike positiewe uitkomst in die toekoms. Shack, Carver en Blaney (in Dubow, et al. 2001:6) verwys na negatiewe globale verwagtings as synde verbandhoudend te wees met verskynsels soos nageboorte depressie; en positiewe globale verwagtings na ingrypende gebeure soos aanpassing by koronêre chirurgie en die voltooiing van 'n nasorgprogram deur alkoholiste.

### **3.10.3 Verband tussen positiewe verwagtings en disposisionele optimisme**

Carver (in Dubow, 2001:6) verwys na 'n verband tussen positiewe verwagtings en disposisionele optimisme. In hul studie het hul verwys na die identiese vrae wat deelnemers moes beantwoord oor wat hom/haar karakteriseer in terme van wat die persoon verwag om te word, hoop om te wees en bang is hy/sy in die volgende twee jaar gaan word. Die navorsers het bevind dat daar 'n verhouding tussen disposisionele optimisme en positiewe persoonlike verwagtings bestaan.

Optimisme en verwagtings hou moontlik verband met mekaar omdat die individue persoonlike verwagtings deur beide gereflekteer word. Waar optimiste en pessimiste ewe hoopvol oor die toekoms was, was die optimiste beter daartoe in staat om hul hoop oor die toekoms in verwagtings om te skakel (Dubow, et al. 2001:7).

#### **3.10.4 Abstrakte en persoonlike verwagtings**

Dit is belangrik om te let op die verskil tussen abstrakte en persoonlike verwagtings. Mickelson (in Dubow, 2001:6) het bevind dat adolessente uit lae-inkomste gesinne gelyktydig die abstrakte verwagtings huldig dat onderrig 'n waardevolle prestasie is, maar dat die persoonlike verwagting bestaan dat die akademiese prestasie hul op onrealistiese wyse ekonomies sal bevoordeel.

In die Wolmer-gemeenskap ontbreek 'n verwysingsraamwerk van ekonomiese welvaart as gevolg van akademiese prestasie en bly die waarde van akademiese onderrig dus 'n abstrakte positiewe verwagting. Dit onderskryf die vermoede dat die kans om positiewe uitkomst binne sekere kontekste te bereik, wat positiewe verwagtings vir die toekoms insluit, aansienlik verminder word. Dubow (2001:7) meen dit bevestig die noodsaaklikheid om positiewe toekomsverwagting binne die laer inkomstegroepe te bestudeer.

#### **3.10.5 Veranderlikes en positiewe verwagtings**

Wyman (in Dubow, et al. 2001:8) het bevind dat kinders met hoër vlakke van positiewe verwagtings, hoër gemeet het wat selfbevoegdheid en interne lokus van beheer betref en laer gemeet het wat betref angs/depressie.

Onderwysers het ook bevind dat kinders met hoër vlakke van positiewe verwagtings hoër vlakke van sosio-emosionele aanpassing getoon het, en dat hulle leesvaardigheid beter ontwikkel was.

#### **3.10.6 Hipotetiese veranderlikes wat verandering in positiewe verwagtings in die toekoms bewerkstellig**

Wyman in Dubow, et al. (2001:8) het 'n behoefte geïdentifiseer om veranderlikes te vind ten einde verandering in toekomsverwagting te weeg te bring. Vier kategorieë veranderlikes is hipoteties geïdentifiseer:

- interne bronne;
- ondersteunende familie- en gesinsverhoudings;
- vermyding van negatiwiteit van portuurgroep; en
- huidige aanpassing.

Veranderlikes wat wel verband hou met positiewe verwagtings het geblyk te wees: probleemoplossende bevoegdheid, eie-waarde en gesins- en portuurgroep-ondersteuning, skoolbetrokkenheid, hoër vlakke van negatiewe portuurgroep-invloede en probleemgedrag.

Hierdie bevindinge kom ooreen met vorige studies van Wyman met kinders en adolessente, toe bevind is dat 'n positiewe verhouding tussen optimisme/positiewe verwagtings en sosiale ondersteuningsoeke, probleemoplossende bevoegdheid, portuurgroepaanvaarding, skoolbetrokkenheid en sosio-emosionele en akademiese aanpassing, bestaan. (Wyman in Dubow, et al. 2001:21).

Ten einde sukses in die toekoms te behaal, kan individue hul probleemoplossende vaardighede gebruik, hul sosiale ondersteuningsnetwerk mobiliseer en betrokke raak by vaardighede wat hul sosiale bevoegdheid bevorder (Dubow, et al. 2001:6).

### **3.10.7 Veranderlikes wat verandering oor tyd bewerkstellig**

Uit die navorsing van Wyman (in Dubow, et al. 2001:21) het probleemoplossende vermoëns en probleemoplossende sukses 'n verband met positiewe verwagtings getoon.

Daar is bevind dat hoër vlakke van gesinsondersteuning bydra tot meer positiwiteit. Kinders wat swak ouerbetrokkenheid (egskeiding, vervreemding of dood) beleef het, het laer vlakke van optimisme. Ouerbetrokkenheid maak voorsiening vir die ouers se toekomsverwagting vir kinders, wat weer kinders se verwagtings vir hulleself help vorm. In Wyman se navorsing het die portuurgroep in teenstelling hiermee nie daarin geslaag om die adolessent se verwagtings ten opsigte van hom/haarself te verander nie.

Die portuurgroepondersteuning in hierdie studie het nie waardes of gedrag van die groep geassesseer nie, slegs die persepsie dat hul deel van 'n groep is, geïllustreer.

Dit kan egter 'n negatiewe impak hê aangesien deelname aan of bewyse van probleemgedrag binne portuurgroepverband kan plaasvind, wat op sy beurt 'n direkte afname in positiewe toekomsverwagting meebring (Dubow, et al. 2001:23).

Wyman (in Dubow, et al. 2001:24) het bevind dat positiewe toekomsverwagting onder die mees kragtige veranderlikes resorteer in soverre stres-geaffekteerde jeug van die meer buigsame nie-stresgeaffekteerde jeug onderskei word.

In hierdie studie is gepoog om veranderlikes te identifiseer wat positiewe toekomsverwagting mag verhoog en daardeur psigologiese buigsamheid bevorder.

Die verhoging van positiewe toekomsverwagting mag 'n belangrike aanduiding wees van wat die impak is van intervensies, wat ontwerp is om sekere faktore te bevorder wat as beskerming dien, soos sosiale ondersteuning, probleemoplossende bevoegdheid, portuurgroepaanvaarding, skoolbetrokkenheid en sosio-emosionele en akademiese aanpassing (Wyman in Dubow, et al. 2001:24).

### **3.10.8 Samevatting**

Die veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes, asook veranderinge met betrekking tot sosiale, persoonlike en gesinsveranderinge, bring sekere kenmerke mee wat tipies aan elke generasie is en waaraan elke generasie onderskei word. Hierdie spesifieke veranderinge eie aan daardie generasie stel dan ook sy eie spesifieke eise aan die geslag adollesente van die spesifieke generasie.

Die generasieteorie is gebaseer op die idee dat 'n persoon oor 'n waardestelsel beskik wat 'n invloed het op die wyse waarop hy/sy die wêreld om hom/haar waarneem en daarmee in interaksie tree. Hierdie waardestelsel word hoofsaaklik beïnvloed deur die omstandighede binne die omgewing waarin die kind grootword (Codrington, 2003:2).

Dat die adolessent in Wolmer 'n beroep kies wat by sy vermoëns, belangstellings en persoonlikheid sal pas en wat 'n positiewe beeld sal bevorder, word as ideaal nie maklik bereik nie as gevolg van sosiale veranderings, sosio-ekonomiese status, invloed van die ouers en die massamedia. Dit is alles generasiegebonde faktore en het 'n invloed op die adolessent omdat hierdie faktore 'n direkte impak op die adolessent se keuse en onmiddellike omgewing het.

In die Wolmer-gemeenskap ontbreek daar verder 'n verwysingsraamwerk van ekonomiese welvaart as gevolg van akademiese prestasie en bly die waarde van akademiese onderrig dus 'n abstrakte positiewe verwagting. Dit onderskryf die vermoede dat die kanse om positiewe uitkomst binne sekere kontekste te bereik, wat positiewe verwagtings vir die toekoms insluit, aansienlik verminder word. Dubow (2001:7) meen dit bevestig die noodsaaklikheid om positiewe toekomsverwagting binne die laer inkomstegroepe te bestudeer.

## **HOOFSTUK 4**

### **BEVINDINGS VAN DIE EMPIRIESE STUDIE**

#### **4.1 INLEIDING**

In hoofstuk 1 van hierdie navorsingsverslag het die navorser 'n uiteensetting van die navorsingsproses gegee. In hoofstuk 2 is adolessensie as lewensfase bespreek, aangesien die graad sewe leerders van Wolmer, die respondente vir hierdie studie sou wees en hierdie kinders in die eerste adolessente fase verkeer. Die ontwikkelingstake van hierdie adolessente en die gesinstake en invloed van die gesin is bespreek. In hoofstuk 3 is in die literatuur gesoek na die verskil tussen generasies en die invloed van die omgewing op die adolessent. Die invloed van 'n gedepriveerde omgewing en multi-probleemgesin is in ag geneem. Toekomsverwagting is ontleed.

In die literatuurhoofstukke (2 en 3) is aangesluit by die eerste doelwit van hierdie studie. In hierdie hoofstuk word die tweede doelwit naamlik die empiriese studie, aangespreek. Hierdie hoofstuk sluit die volgende in: navorsingsmetodologie, kwalitatiewe data insameling, data analisering en interpretasie.

#### **4.2. DOELSTELLING VAN DIE STUDIE**

Die doel van hierdie studie was om vas te stel wat die persepsies van graad sewe leerders in die Wolmer Gemeenskap oor hul toekomsverwagting is.

##### **4.2.1 Doelwitte**

Die volgende doelwitte is gestel:

'n Kennisraamwerk is opgebou oor die ontwikkeling stadia van die adolossent, die begrip "toekomsverwagting" en die faktore wat dit beïnvloed, armoede & agtergeblewenheid in gemeenskappe en die invloed van multi-probleem gesinne op jeugdiges.

'n Empiriese studie is gedoen om vas te stel wat die toekomsverwagting van die graad sewe leerders in Wolmer is.

Om aanbevelings aan maatskaplike werkers te maak oor die jeugdiges se siening van hulle toekoms en die verwagtings wat hulle koester

### **4.3 NAVORSINGSPROSES**

Die navorser het die kwalitatiewe benadering gekies (fase 2 van die navorsingsproses) om vas te stel wat die persepsie van graad sewe leerders oor hul toekomsverwachting is. Kwalitatiewe benadering het aan die navorser die geleentheid gebied om hierdie inligting van die graad sewe leerders in hul eie woorde te verkry en aan literatuur te toets.

Toegepaste navorsing is gebruik omdat toegepaste navorsing daarop gerig is om wetenskaplike en tegnologiese kennis te eksploteer en uit te brei deur middel van praktiese navorsing. Die verkennende ontwerp is gekies, (fase 3 van die navorsingsproses) aangesien navorser die persepsie van die graad sewe leerders wil verken.

Die studie is gerig na aanleiding van die navorsingsvraag, naamlik:

Wat is die toekomsverwachting van graad sewe leerders in die Wolmer gemeenskap?

#### **4.3.1 DATA INSAMELING, PROSESSERING, ANALISERING EN INTERPRETASIE**

Vorbereiding vir data-insameling vorm die 4de fase van die navorsingsproses. Om die inligting wat die rykste aan data is in te samel, het die navorser van twee fokusgroepe gebruik maak met ses respondente elk. Die fokusgroepe het gedurende die Julie vakansie plaasgevind. Die navorser het gebruik gemaak van graad sewe leerders van die drie omliggende laerskole, woonagtig in die Wolmer woongebied, Die groepe het bestaan uit seuns en meisies. Hulle is huidige of was voormalige verbruikers van hulpprogramme wat deur hulpbronne in die gebied tot hulle beskikking gestel is/was. Doelgerigte selektering is gebruik.

Navorser het die doel van die studie skriftelik aan die ouers van die respondente verduidelik deurdat daar breedvoerig in die skriftelike toestemmingsbrief wat deur die ouers en respondente voltooi moes word, 'n volledige verduideliking gebied was oor die aard en doel van die navorsing. Die respondente is ook almal, alvorens die

fokusgroepe plaasgevind het, byeengebring waartydens die doel van die studie sorgvuldig aan hulle verduidelik is. Daar was ook voor aanvang van die fokusgroep 'n geleentheid aan die kinders gebied om vrae te stel en onduidelikhede uit die weg te ruim.

Die fokusgroepe is gehou in die saal van Noorderpark op die terrein van die Noorderpark-Oues-Van-Dae-Skema.

Data insameling en data-analising vorm fase 5 van die navorsingsproses.

'n Onderhoudskedule met spesifieke vrae, is met die fokusgroepe bestaande uit 6 respondente elk, hanteer totdat geen nuwe inligting meer na vore gekom het nie.

Die fokusgroepe het rondom die volgende vrae gesentreer:

Hoe voel jy oor die gemeenskap waar jou gesin woon?

Wie moedig jou aan om 'n sukses van jou lewe te maak?

As jy groot is, sou jy anders wou lewe as jou ouers?

Wat beplan jy na jou skoolopleiding voltooi is?

Watter ideale het jy vir jou lewe?

Hierdie vrae is uit die literatuur geselekteer. Dit was veral Engelbrecht (1997:183) se samevatting van die volgende as probleme binne die multi-probleem gesin, wat die navorser se gedagtes gerig het:

- Gebrek aan ondersteuning;
- Beperkte of ontbrekende hulpbronne;
- Onvermoë om potensiaal vir moontlikhede raak te sien – vasgevang in hul eie probleme;
- Probleme as gevolg van ondoeltreffende gesinspatrone;
- Hulle het die lus verloor om uit te styg bo hul swak omstandighede; en
- Die patroon vorm 'n kringloop (met ander woorde kinders gebruik soortgelyke bekende patrone om dit wat hulle wil hê, te bereik)

By nadere bestudering van die literatuur het dit egter geblyk dat daar ook ander faktore is wat hierop 'n invloed het. Wyman (1993) in Dubow (2001: 8) het in sy navorsing sekere veranderlikes geïdentifiseer ten einde verandering in

toekomsverwagting te weeg te bring.

Vier kategorieë veranderlikes is hipoteties geïdentifiseer om verandering te weeg te bring:

- interne bronne (internal resources)
- ondersteunende familie en gesins-verhoudings
- vermyding van portuurgroep negatiwiteit
- huidige aanpassing (current adaptation)

Onderhoudsvaardighede soos vraagstelling, luister en waarneming van die nie-verbale was baie belangrik. Die hantering van die respondente in die fokusgroep as groep, het aandag en voorbereiding geverg. 'n Geskikte tyd wat al ses respondente op 'n keer gepas het, moes gevind word. Die doel van die groep is verduidelik.

'n Bandmasjien was, met die toestemming van die ouers en respondente, gebruik om die fokusgroeponderhoude op te neem.

Die analisering van die data behels volgens Creswell (1994:154) die transkribering van onderhoude, hersiening van getranskribeerde materiaal, die interpretering van en verifiëring daarvan en die skryf van die navorsingsverslag.

Die data wat ingesamel is, is getranskribeer en daarna met behulp van Tesch se agt stapbenadering geanaliseer (Poggenpoel, 1998:343-344). Die stappe kan soos volg weergegee word:

Die navorser moet ten einde 'n geheelbeeld te kry, aanvanklik aandagtig en versigtig deur al die transkriberings lees.

Die navorser selekteer een onderhoud (groepgesprek). Die navorser vra dan vrae soos: "Waaroor handel hierdie alles?" en dink ook aan die onderliggende betekenis. Dit wat by die navorser opkom, word in die kantlyn geskryf.

Wanneer die taak voltooi is, maak die navorser 'n lys van al die onderwerpe. Ooreenstemmende onderwerpe word saam gegroepeer en in kolomme geplaas in verskillende soorte.

Die navorser neem die lys en keer terug na die data. Die onderwerpe word gekodeer en langs die toepaslike gedeeltes van die geskrewe teks ingeskryf.

Die navorser vind die mees beskrywende bewoording vir die onderwerpe en verander die kategorieë. Die navorser volhard in die vermindering van die kategorieë op die lys deur onderwerpe wat verwant is, saam te groepeer. Verbande word tussen onderwerpe getrek.

Die navorser neem 'n finale besluit met betrekking tot die afkorting vir elke kategorie en rangskik die kodes alfabeties.

Die datamateriaal wat by elke kategorie hoort, word saamgevoeg en 'n voorlopige analise word uitgevoer.

Die navorser herkodeer die oorblywende data indien nodig.

Met inagneming van bogenoemde stappe sal die kwalitatiewe bevindings wat tydens die fokusgroeponderhoude versamel is, bespreek word.

Fase 6 van die navorsingsproses is die verifikasie van data. Huberman & Miles, en Rossman & La Biondo-Wood in De Vos (1998: 351) verwys na die belangrikheid van die verifikasie van die resultate van data-analise. Verifikasie behels die kontrolering van die mees algemene tekortkominge wat 'n invloed op die maak van gevolgtrekkings kan hê.

#### **4.4 KWALITATIEWE BEVINDINGS**

Die kwalitatiewe bevindings word in hierdie afdeling bespreek. Die data word geïnterpreteer in terme van die relevante bevindings en met literatuur ondersteun.

**TABEL 4.1: Geslag, ouderdom en skool standerd**

RESPONDENT	GESLAG	OUERDOM	GRAAD
1	MANLIK	13 j 4 mde	Graad 7
2	MANLIK	13 j 6 mde	Graad 7
3	MANLIK	12 j 9 mde	Graad 7
4	MANLIK	13 j 4 mde	Graad 7
5	VROULIK	13 j 8 mde	Graad 7
6	VROULIK	12 j 4 mde	Graad 7
7	MANLIK	13 j 5 mde	Graad 7
8	MANLIK	12 j 6 mde	Graad 7
9	MANLIK	13 j 9 mde	Graad 7
10	MANLIK	14 j 2 mde	Graad 7
11	VROULIK	12 j 8 mde	Graad 7
12	VROULIK	13 j 4 mde	Graad 7

Uit tabel 4.1 is dit duidelik dat die respondente gemiddeld 13 jaar oud is tydens die uitvoering van die onderhoudskedule almal in graad 7 is.

Ten spyte daarvan dat die behoefte aan die gebruik van en blootstelling aan tegnologiese hulpmiddels binne die Wolmer woongebied tot 'n mate onderskep word deur die omliggende skole, bevind die graad sewe leerder woonagtig binne hierdie woongebied homself in 'n materieël gedepriveerde omgewing waar die toeganklikheid tot die tegnologie wat kenmerkend van sy generasie is, ontbreek.

Die graad sewe leerder vanuit 'n ekonomies gedepriveerde omgewing soos Wolmer, kan probleme met sy aanpassing ondervind wanneer hy hom binne 'n tegnologiese omgewing bevind waaraan hy nie genoegsame blootstelling gehad het en waarvoor hy nie toereikend toegerus is nie.

Cole en Bruner (in Fein, 1978:58) stel dit as volg: "The deficit hypothesis is the assumption that children from poor families, for example, are culturally "deprived" - by inadequate mothering (by middle-class standards), by the father's absence, by an

unstimulating environment, by inadequate language skills, or by the children's own ability to gratification. The combination of factors may vary, but the assumption remains the same: the minority group children suffer intellectual deficits when compared with the "more advantaged" peers".

Deur vas te stel wat die toekomsverwagting van die jeugdige self is, kan bemagtigingsprogramme in werking gestel word om die jeug te help om deur die jarelange kringloop te breek en hul ideale te verwesenlik.

#### **4.5 BEVINDINGS UIT DIE FOKUSGROEPONDERHOUD**

Erikson (In Louw, 2001:117) verdeel die lewensloop in agt stadia, waarvan elkeen gekenmerk word deur 'n krisis, dit wil sê 'n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Elke krisis word daargestel deur 'n spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en sosiale omgewing. Die individu beskik in elke fase oor nuwe behoeftes en moontlikhede en die samelewing stel nuwe vereistes en bied nuwe moontlikhede. Die krisisse soos op die adolessent van toepassing is: vertrouwe teenoor wantroue; outonomie teenoor twyfel; inisiatief teenoor skuld; arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid en vir die adolessent, identiteit teenoor verwarring. Al die voorafgaande krisisse moet suksesvol opgelos wees voordat die individu die krisis van die lewensfase waarin hy verkeer suksesvol kan afhandel. Wat vir hierdie respondente van belang is, is dat die vorige ontwikkelingskrisis, naamlik arbeidsaamheid, suksesvol afgehandel moet wees op hierdie stadium, anders sal die teenpool, naamlik minderwaardigheid teenwoordig kan wees. Die respondente moet tans besig wees met die ontwikkeling van hul eie identiteitsvorming. Die invloed van die omgewing, mag 'n invloed hierop uitoefen.

#### 4.6 TEMAS EN SUBTEMAS

Die response van die respondente is na aanleiding van die vyf vrae in temas en subtemas ingedeel en word skematies soos volg in tabel 4.2 voorgestel:

TABEL 4.3: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN TEMAS EN SUBTEMAS

VRAAG	TEMA	SUBTEMA
Vraag 1. Hoe voel jy oor die gemeenskap waar jou gesin woon	1. Positiewe belewenis van aanvaarding	1. Positiewe belewenis van die self
		2. Positiewe belewenis van ondersteuningstelsel: Gesin
		3. Positiewe belewenis van ondersteuningstelsel: Familie
		4. Positiewe belewenis van ondersteuningstelsel: samelewing
	2. Negatiewe belewenis van aanvaarding	1. Eie negatiewe belewenis
		2. Negatiewe belewenis van steunstelsel: Familie
		3. Negatiewe belewenis van steunstelsel: Vriende
		4. Negatiewe belewenis van steunstelsel: gemeenskap
		5. Belewenis van negatiewe elemente in woonbuurt
Vraag 2: Wie motiveer, ondersteun en moedig jou aan om te presteer, 'n sukses van jou lewe te maak en help jou met take.	1. positiewe ervaring van steunstelsel, al is dit beperk	1. Steunstelsel: Ouers

		2. Steunstelsel: Sibbe
	2. Negatiewe belewenis van ontbrekende steunstelsel	1. Ontbrekende steunstelsel: Ouers
		2. Ontbrekende steunstelsel: Sibbe
Vraag 3. Wat sal jy eendag in jou lewe anders wil hê as in die van jou ouers	1. Negatiewe belewenis van omstandighede in geheel	1. Ontoereikende finansiële omstandighede
		2. Versugting na ander lewe met meer materiële
	2. Positiewe belewenis van huidige	1. Genoeg is genoeg
		2. Geluk gevind in basiese
Vraag 4. As jy jou skoolopleiding voltooi het, wat beplan jy om na skool te doen?	1. Bewussyn van verdere studie/ loopbaan geleenthede	1. Ondersteuning van ouers
		2. Gebrekkige ondersteuning deur ouers
	2. Kinders wat klaarmaak met skool gaan werk	1. Positiewe betrokkenheid van ouers
		2. Afwesigheid van belangstelling van ouers en gesin
		3. Gebrekkige eie belangstelling
	3. Verwysingsraakwerk beïnvloed keuses	1. Onbekend maak onbemind
		2. Bekend maak bemind
		3. Bekend maak onbemind

Vraag 5. As jy ideale het, hoe kan jy probeer om dit te verwesenlik.	1. Harde werk verseker sukses	1. Begrip verseker sukses
		2. Bewussyn van aansprake
		3. Geleenthede is beperk
	2. Ondersteuning bevorder sukses	1. Benut my hulpbronne
		2. Neem persoonlike verantwoordelikheid
	3. Ideale kan bereik word	1. Verantwoordelikheid neem vir my lewe

#### 4.7 BESPREGING VAN TEMAS EN SUB TEMAS

##### Vraag 1: Hoe voel jy oor die gemeenskap waar jou gesin woon?

Engelbrecht (1997:370) stel dit dat daar 'n baie duidelike verwantskap is tussen armoede en veelvuldige probleme by gesinne en hul vermoë om hul probleme suksesvol op te los. Chilman (in Engelbrecht, 1997:37) is van mening dat armoede 'n baie belangrike oorsaak van gesinsdisfunksie is. Moeilike lewensomstandighede in gehawende woonbuurte, swak gesondheidstoestande en 'n gebrek aan gemeenskapshulpbronne, dra volgens Chilman by tot die ondermyning van die gesinslewe. Jeugdige uit hierdie tipiese armoedige gemeenskappe en multi-probleem gesinne word gekenmerk deur gevoelens soos mislukking, aggressie, frustrasie, magteloosheid en 'n verlies aan beheer wat tot uiting kom in wangedrag.

##### Tema 1: Positiewe belewenis van aanvaarding

Volgens Louw(2001:439) kan faktore soos armoede, swak behuising, oorbewoning, gesinsdisorganisasie, 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning en ouerlike liefde en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings adolescent se selfkonsep negatief beïnvloed.

Sub-tema 1: Positiewe belewenis van die self

Een van die respondente het die volgende positiewe belewenis uitgespreek:

“Hulle (ander mense) hou van ons al het ons nie geld nie.”

Sub-tema 2: Positiewe ondersteuningstelsel : familie

Uit die bespreking het geblyk dat die respondente bewus is van min positiewe ondersteuning deur die familie. Ondersteuning word ook bevraagteken. Die volgende twee positiewe response het wel voorgekom:

“My ma se familie bly almal hier.”

“Die familie help ons wanneer ons sukkel.”

Sekere individuele faktore beïnvloed volgens Louw (2001:235) en Cotterell (1996:20) die adolessent se identiteitsontwikkeling naamlik die adolessent se liggaamlike voorkoms, kognitiewe vermoëns en interpersoonlike verhoudings soos byvoorbeeld met ouers of portuurgroep en verhoudings binne die breër sosiale konteks. Gebrekkige ondersteuning impliseer dat daar weinig bygedra word tot verhoudings wat weer negatief impakteer op die interpersoonlike verhoudings van die adolessent.

Sub-tema 3: Positiewe ondersteuningstelsel : vriende

Van die respondente het waardering vir die ondersteuning wat hulle van vriende ontvang en verduidelik dit soos volg:

“My ma en pa het baie vriende en hul kuier baie veral oor naweke.”

“My ma sê ware vriende help mekaar in nood.”

“Ons het goeie vriende wat ons help as ons sukkel.”

Dit blyk dat hierdie gemeenskap simpatiek is teenoor die fisiese behoeftes van andere. Lede van die gemeenskap maak dan ook aanspraak op mekaar se ondersteuning en hulp. Die respondente bespreek hierdie tema asof dit ‘n algemene verskynsel is dat oorlewing op gee en ontvang berus. Dit is duidelik dat die respondente reeds van jongs af bewus is van wedersydse afhanklikheid van andere.

Sub-tema 4: Positiewe ondersteuningstelsel: samelewing

Die respondente blyk dit nie snaaks te vind dat die samelewing verantwoordelikheid vir hulle fisiese behoeftes neem nie. Sonder om selfbewus te wees, word die

volgende antwoorde verstrek:

“Mense gee vir ons kos by Huis Judea.”

“My ma sê die bure het genoeg om te deel.”

Die respondente is ook bewus daarvan dat aanspraak gemaak word daarop dat die samelewing die gesin se oorlewingsverantwoordelikhede moet deel. ‘n Gesindheid van “ons ken ons hulpbronne en maak daarvan gebruik” is opgemerk.

Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat. Vroeë skoolverlating lei weer tot konflik met die polisie, gevangenisstraf en alkohol- en dwelmmisbruik. Soos Chilman (in Engelbrecht, 1997:45) dit stel: “....most poor people live in crowded, inadequate housing in neighbourhoods that are marked by congestion, poor sanitation and protection services, high rates of unemployment, family breakdown, crime and addictive behaviours, violence and interpersonal exploitation and grossly inadequate health, educational, vocational and social services”. Al hierdie aspekte het uiteindelik weer ‘n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die lewe en sy toekomspektief.

## Tema 2: Negatiewe belewenis van nie-aanvaarding

### Sub-tema 1: Adollesent se eie negatiewe belewenis:

Van die respondente spreek ‘n negatiewe belewenis oor hulle omgewing uit:

“Ek wil nie vir altyd hier bly nie want ek dink mense kyk op ons neer.”

“Ek hou nie van Wolmer nie want mense kyk jou snaaks aan as hulle hoor jy kom van Wolmer af.”

“My ma is gelukkig hier maar my pa nie.”

“My pa wil op ‘n ander plek bly.”

Van die respondente beleef ‘n minderwaardigheidsgevoel en ervaar dat ander op hulle neerkyk omdat hulle in daardie omgewing woon. Van die ouers van die respondente beleef die omgewing ook negatief, maar ander ouers verkies om daar te woon.

Sub-tema 2: Negatiewe belewenis van steunstelsel: Familie

Dit wil voorkom asof familie nie werklik as steunstelsel dien nie, waarskynlik omdat sommige familie in dieselfde oorlewingstryd gewikkel is.

“My pa se die familie vra meer as wat hulself bereid is om te gee.”

Sub-tema 3: Negatiewe belewenis van ondersteuningstelsel: Vriende

Ook vriende word nie deur almal as positiewe steunstel beleef nie. Vriendskappe word bevraagteken. Daar bly selfsugtige verwagtings van vriende as hulpbronne. ‘n Gesindheid van: Ek neem wat ek kan kry van enige een wat wil gee, ter wille van oorlewing. Die volgende response is gevind:

“My ma sê die mense kuier net as dit “pay-day” is.”

“My ma sê die bure het genoeg om te deel.”

Sub-tema 4: Negatiewe belewenis van ondersteuningstelsel: Gemeenskap

Respondente beleef ‘n negatiewe gesindheid teenoor hulle en hulle gesinne omdat daar teen Wolmer gediskrimineer word deur die gemeenskap daar buite. Die respondente stel dit soos volg:

“My ma sê sy kan nie werk kry as mense hoor dat sy van Wolmer af kom nie.”

“Die kinders in die skool is baie gemeen en terg die kinders van Wolmer.”

“Die mense by my pa se werk sien op hom neer omdat hy van Wolmer kom.”

‘n Minderwaardigheid word waargeneem oor hulle self, hul ouers en hul gemeenskap.

Engelbrecht (1997:370) sê dat daar tussen armoede en veelvuldige probleme by gesinne en hul vermoë om hul probleme suksesvol op te los, ‘n baie duidelike verwantskap bestaan. Engelbrecht (1997:37) haal Chilman aan wat van mening is dat armoede ‘n baie belangrike oorsaak van gesinsdisfunksie is.

Moeilike lewensomstandighede in gehawende woonbuurte, swak gesondheids-toestande en ‘n gebrek aan gemeenskapshulpbronne, dra volgens Chilman by tot die ondermyning van die gesinslewe. Kenmerkend van jeugdiges uit hierdie tipies armoedige gemeenskappe en multi-problematiese gesinne, is hulle gevoelens van mislukking, aggressie, frustrasie, magteloosheid en ‘n verlies aan beheer wat gewoonlik tot uiting kom in wangedrag.

Sub-tema 5: Belewenis dat negatiewe elemente deel vorm van Wolmer

Van die respondente motiveer ook dat hulle nie in daardie woongebied wil bly nie, omdat daar negatiewe elemente is en ander mense en gemeenskappe assosieer dan ook hulle woongebied met negatiewe elemente.

“Ek wil nie hier bly nie want hier is baie dwelms in Wolmer.”

“By die parkie kan jy dwelms koop as jy genoeg geld het.”

“Van ons klasmaats gebruik dwelms en het baie moeilikheid by die skool.”

“My pa sê die Wolmer mense drink hul toekoms weg.”

Uit die bespreking word daar afgelei dat hoewel die kinders in hul eie omgewing aanvaar word, daar tog 'n sterk bewussyn is dat hierdie aanvaarding slegs binne die grense van Wolmer voorkom. Die kinders voel die afkeer aan, hoewel hierdie afkeer moontlik nie werklik deur hulself ervaar word nie maar eerder oorgehoor is uit gesprekke tussen volwassenes binne Wolmer woonagtig. Die skole wat die gemeenskap bedien het Wolmer as voergebied sodat die armoede baie sigbaar is.

Die belangrikheid van sosiale netwerke en sosiale ondersteuning word deur Unger en Powell (in Taljaard, 1994:30) uitgewys in hulle verwysing na die feit dat individue dikwels eerder van sosiale ondersteuning gebruik sal maak as van ondersteuning van die formele instansies. Hulle het ook aangevoer dat die gesin se vermoë om stresvolle situasies te hanteer 'n sterk verband het met die sosiale netwerk wat daar vir die gesin beskikbaar is.

**Vraag 2: Wie motiveer, ondersteun en moedig jou aan om te presteer, om 'n sukses van jou lewe te maak en help jou met take, huiswerk en ander bedrywighe?**

Tema 1: Positiewe belewenis dat daar wel 'n steunstelsel is, al is dit beperk

Fein (1978:58) stel dit so: “Many important changes take place in adolescents. Physically they are growing rapidly and maturing sexually. Intellectually they are becoming used to more abstract means of thought and expression. Socially they are breaking ties with parents and forming more intense relationships with peers. Adolescence is a critical period of human development not only because of all the physical, sociological and intellectual transformations, but also because it is a

vulnerable time for the child. For one thing, it is a new and sometimes frightening experience". Dit is belangrik dat die adolessent ervaar dat hy/sy ondersteuning vanuit sy/haar gemeenskap kry aangesien hy volgens Fein (1978:58) besig is om bande met die ouers te breek en stelselmatig hul rol binne die portuurgroep en dus ook gemeenskap in te neem.

#### Sub-tema 1: Ondersteuningstelsel: ouers

Van die respondente het aangedui dat hulle ouers hulle wel help. As gevolg van hulle eie agtergrond en onvoldoende skoolstudiese opleiding, is ouers nie altyd in staat om die kinders met hulle skoolwerk te help nie. Coffield (in Engelbrecht, 1997:46) verwys na Sir Keith Joseph wat die volgende mening hieroor huldig: "Inadequate people tend to be inadequate parents and inadequate parents tend to rear inadequate children".

Motivering blyk dan ook gering te wees. Ouers heg self nie baie waarde aan skoolprestasie en verdere opleiding nie. 'n Gesindheid van die staat en gemeenskap moet maar help as ons nie in ons eie behoeftes kan voorsien nie.

"Soms help my ouers my as hulle die werk verstaan."

"My ouers wil help maar kan nie altyd nie."

"Soms verstaan my ma nie die werk nie al wil sy graag help."

"Net my pa verstaan die wiskunde en kan my help wanneer hy wel tuis is."

#### Sub-tema 2: Ondersteuningstelsel: sibbe

Van die respondente is positief en noem dat hulle hulp van sibbe ontvang, maar die hulp is nooit gratis of vrywillig nie. Hulp word altyd geruil vir iets anders.

"Ek het oer broers en susters wat soms vir my verduidelik as ek nie verstaan nie."

"As my broer my help moet ek sy slaaf wees."

"Ek moet in ruil vir sy hulp, hom help om hondebolle op te tel of die gras sny as dit sy beurt is".

"Ek moet my selfoon vir hom leen om SMS'se te stuur wanneer hy nie meer kostes op sy selfoon kan aangaan nie."

Dit wil voorkom asof die kinders van kleins af ingestel is dat alles 'n prys het. 'n Gesindheid van ek sal vir jou iets doen, maar dan verwag ek dat jy weer iets vir my

sal doen, kom voor.

### Tema 2: Negatiewe belewenis aan 'n ontbrekende ondersteuningstelsel

Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat. Vroeë skoolverlating lei weer tot konflik met die polisie, gevangenisstraf en alkohol- en dwelmmisbruik. Soos Chilman (in Engelbrecht, 1997:45) dit stel: "...most poor people live in crowded, inadequate housing in neighbourhoods that are marked by congestion, poor sanitation and protection services, high rates of unemployment, family breakdown, crime and addictive behaviours, violence and interpersonal exploitation and grossly inadequate health, educational, vocational and social services". Al hierdie aspekte het uiteindelik weer 'n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die lewe en sy toekomstperspektief.

### Subtema 1: Ontbrekende steunstelsel: ouers

Ouers oefen 'n groot invloed uit op die keuses van hul kinders. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale indien hul ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon (Louw, 2001:449).

Uit die bespreking wil dit voorkom of ouers wat wel behulpsaam wil wees, nie altyd daartoe in staat is nie.

Die meeste van die respondente het aangedui dat hulle nie op hulp van hulle ouers kan staatmaak nie.

"Daar is niemand wat my help nie."

"Ek het soms geen hulp nie omdat my ouers nie altyd kan nie."

"My ma was in 'n spesiale klas toe sy op skool was en het meeste van die skoolwerk wat ek doen nog nooit self gedoen nie."

"My ma is by die huis maar stel nie in my of die skoolwerk belang nie."

"My pa is soms ongeduldig wanneer ek nie verstaan nie en hy moeg is."

"My ma verstaan nie die wiskunde nie."

"My ma sal eerder slaap as wat sy huiswerk doen want sy sê sy het klaar skool gegaan."

“My pa kan help maar hy is meestal nie tuis nie of nie altyd lus wanneer hy wel by die huis is nie.”

“Wanneer my pa by die huis is, is hy meestal moeg en raas dan omdat my werk nie klaar is nie.”

“My pa kom net naweke huistoe en dan is my huiswerk laat as ek tot naweke moet wag.”

“Net my pa verstaan die wiskunde en kan my help wanneer hy wel tuis is.”

Engelbrecht (1997:46) meen dat kinders dikwels die bekende patrone van hul ouers volg en dan self ook neig om te vroeg te trou, te veel kinders te hê en dan as gevolg hiervan, verhoudings- en finansiële probleme ervaar.

Cole en Bruner (in Fein, 1978:58) stel dit as volg: “The deficit hypothesis is the assumption that children from poor families, for example, are culturally “deprived” - by inadequate mothering (by middle-class standards), by the father’s absence, by an unstimulating environment, by inadequate language skills, or by the children’s own ability to gratification. The combination of factors may vary, but the assumption remains the same: the minority group children suffer intellectual deficits when compared with the “more advantaged” peers”.

Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat. Vroeë skoolverlating lei weer tot konflik met die polisie, gevangenisstraf en alkohol- en dwelmmisbruik. Soos Chilman (in Engelbrecht, 1997:45) dit stel: “....most poor people live in crowded, inadequate housing in neighbourhoods that are marked by congestion, poor sanitation and protection services, high rates of unemployment, family breakdown, crime and addictive behaviours, violence and interpersonal exploitation and grossly inadequate health, educational, vocational and social services”. Al hierdie aspekte het uiteindelik weer ‘n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die lewe en sy toekomsprospektief.

### Sub-tema 2: Ontbrekende ondersteuningstelsel: Sibbe

Van die respondente beleef ook ‘n negatiewe gesindheid van sibbe as hulle om hulp vra.

“Hy is partykeer baie ongeduldig met my wanneer hy vir my verduidelik.”

“Hy is soms baie haastig want hy wil rondloop.”

“Partykeer is hy haastig omdat hy ook baie huiswerk het.”

Uit die bespreking word daar afgelei dat daar nie werklik heelwat akademiese ondersteuning is vanuit die gesin nie. Die grootste beperkende faktor blyk te wees begrip van die hedendaagse leerplanne, gebrekkige insig en opleiding van die ouers self en afwesigheid van die ouers as gevolg van ekonomiese voorsiening buitenshuis. Dit wil voorkom asof die ouer sibbe nie bereid is om verantwoordelikheid vir die ander kinders te neem nie.

### **Vraag 3: Wat sal jy eendag in jou lewe anders wil hê as in die van jou ouers?**

Engelbrecht (1997:46) meen dat kinders dikwels die bekende patrone van hul ouers volg en dan self ook neig om te vroeg te trou, te veel kinders te hê en dan as gevolg hiervan, verhoudings- en finansiële probleme ervaar.

#### Tema 1: Negatiewe belewenis van omstandighede in geheel

Uit die bespreking het dit geblyk dat die respondente bewus is van hulle finansiële onvermoë om 'n beter lewe te lei. Die respondente is baie sterk ingestel op die basiese behoeftes van kos, behuising en vervoermiddele. Die meeste maak nie melding van luukses nie.

#### Subtema 1: Ontoereikende finansiële omstandighede

Die respondente bespreek die volgende sake openlik en deel 'n gemeenskaplike gevoel hieroor:

“Ons het nie genoeg geld om in ons eie huis te bly nie.”

“Ons het nie mooi meubels in die huis nie”

“As my ma ook gewerk het hoef ons nie in Wolmer te gebly het nie.”

“My ma sê as sy gewerk het kon ons sakgeld gekry het, maar nou is dit broodgeld.”

“Ma ma raas met my pa as hy min geld huistoe bring, maar sy bring niks nie.”

“My ma sê dis die politiek se skuld dat sy nie werk het nie.”

Sub-tema 2: Versugting na ander lewe met meer materiële middele

Weereens het hierdie bespreking aangedui dat die respondente rondom die basiese behoeftes ander verwagtinge het. Nie een het aan luukse gedink nie. Daar bestaan wel 'n versugting by die respondente om 'n beter lewe as hulle ouers te mag lei.

“Ek wil eendag in my eie huis bly, maar in 'n ander woonbuurt.”

“Dit is nie lekker om in iemand anders se huis te bly nie, want ons moet vra voor ons enige iets kan doen.”

“My ma sê ons bly in Wolmer omdat sy met my pa getrou het.”

“Die stadsraad gee nie verf om ons huis te verf nie.”

“Ek is skaam vir ons huis al is ons huis buite netjies en al het ons goed in die huis.”

“Ek sal graag 'n garage wil hê want my maats se huise het garages.”

Tema 2: Positiewe belewenis van huidige omstandighede

Subtema 1: Genoeg is genoeg.

Voorsiening in die basiese behoeftes bring geluk:

“As mens genoeg het om van te leef is jy gelukkig.”

“Ons kry kos by Huis Judea en hoef nie meer honger te slaap nie.”

“Die familie help ons soms met kos.”

Subtema 2: Geluk word gevind in die basiese

“As mens nie vir ander hoef te vra vir kos of busgeld nie, is jy gelukkig”

“My ma sê sy is te trots om vir kos te bedel, al is daar min is daar darem nie niks nie.”

“As ons elektrisiteit in die huis het, is ons gelukkig want die donker maak my bang.”

Uit die bespreking word daar afgelei dat dit wat kinders meeste in hulle lewens begeer anders as wat hul ouers dit gehad het is hul eie huise, 'n eie motor, 'n goeie werk en genoeg geld. Die wat aangedui het dat hul geluk eerste stel se geluk is gesetel in genoeg kos, elektrisiteit en busgeld. Dit sentreer baie om die konkrete byvoorbeeld lewensmiddele en maak nie voorsiening vir ouers wat afwesig is, stabiele gesonde verhoudings, ensovoorts nie.

Die vraag het onwillekeurig ontstaan hoekom leerders vir wie dit intellektueel moontlik was om uit hierdie kringloop weg te breek dit nie gedoen het nie?

Engelbrecht (1997:46) meen dat kinders dikwels die bekende patrone van hul ouers volg en dan self ook neig om te vroeg te trou, te veel kinders te hê en dan as gevolg hiervan, verhoudings- en finansiële probleme begin ervaar.

**Vraag 4: As jy jou skoolopleiding voltooi het, wat beplan jy om na skool te doen?**

Tema 1: Bewussyn van verdere studiegeleenthede

Subtema 1: Eie behoefte aan verdere opleiding

Tydens die bespreking, wil dit voorkom asof die minderheid respondente al aan verdere opleiding en loopbane gedink het. Die toekoms is nog vaag en ongemotiveerd. Die volgende positiewe antwoorde is wel gevind:

“Ek wil graag na skool verder leer.”

“Ek wil graag ‘n argitek word.”

“Ek wil graag ‘n sterrekundige word.”

Subtema 2: Ondersteuning van ouers.

Volgens Baumrind (1991) en die navorsing van Lamborn et al. (in Louw, 2001:454), word die sosiale gedrag van adolessente positief beïnvloed deur ouers wat reëls neerlê eerder as om bestraffend op te tree, en deur liefde en toegeneentheid eerder as onbetrokkenheid en afsydigheid te toon.

Van die respondente het wel ondersteuning van hulle ouers ervaar, al blyk dit nie in alle gevalle realisties te wees nie.

“My ma het my gehelp om inligting te kry en wanneer ek vakke kies, doen ek dit met my belangstellings en my talente in gedagte.”

“Ek wil my in ‘n tegniese rigting bekwaam want ek het al baie daarvan by my pa geleer.”

Ek wil vir argitek leer want my ma sê ek teken goed.”

Om ‘n beroep te kies dra by tot die definïering van ‘n identiteit en is die eerste stap in die vervulling van ‘n volwasse rol. Die keuse van ‘n loopbaan is egter vir baie adolessente ‘n moeilike taak. Dit behels sowel ‘n proses van selfondersoek as ‘n

deeglike ondersoek van en 'n keuse tussen 'n groot aantal beroepsmoontlikhede. In die toenemende komplekse tegnologiese samelewing, is dit noodsaaklik dat adolessente bygestaan word met met die maak van hul beroepskeuse. 'n Voorlopige keuse van 'n beroepsrigting help dikwels om 'n besluit te neem oor verdere skoolopleiding en vakkeuses wat dienooreenkomstig gemaak moet word.

### Subtema 3: Gebrekkige ondersteuning deur ouers

Van die respondente het te kenne gegee dat nie hulleself of hulle ouers nog oor toekomstige beroepe gedink of gepraat het nie.

“Ek het nog nie daarvoor gelees nie en weet ook nie baie daarvan af nie ek ken ook niemand wat dit doen nie.”

“Ons praat nie daarvoor nie.”

Ten einde 'n realistiese keuse te maak, meen Gerdes, Moore, Ochse & Van Ede (in Louw, 2001:442) dat adolessente verskeie aspekte in gedagte moet hou, naamlik die individu se vermoëns, belangstellings, waardes en persoonlikheidskenmerke. Die inwin van inligting oor verskillende beroepe, asook die vereiste kwalifikasies wat benodig word is dus belangrik. Die eienskappe van die beroep moet by die eienskappe van die individu pas. Behalwe die gekose beroep, moet daar ook oor alternatiewe beroepe besin word.

Die ideal is dat adolessente 'n beroep sal kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikhede sal pas en wat 'n positiewe beeld sal bevorder. Hierdie ideaal word egter nie maklik bereik nie, omdat die volgende faktore beroepskeuse beïnvloed: sosiale veranderings (politiek, ekonomie, industrie, ontwikkeling); sosio-ekonomiese status (prestige, verwagtinge, inkomste); invloed van die ouers se ideale vir hul kinders, ouers se aanmoediging, ouers as rolmodelle; en massamedia (tydskrifte, koerante, radio, televisie en rolprente).

## Tema 2: Kinders wat klaar maak met skool gaan werk.

### Subtema 1: Positiewe betrokkenheid deur kinders se ouers

By die meeste repondente blyk dit 'n aanvaarde saak te wees dat kinders na skool gaan werk. Vanwee die finansiële situasie van hierdie gemeenskap, wil dit voorkom

asof daar nie veel aandag aan verdere opleiding gegee word nie. Beroepvoorligting is 'n saak wat nog weinig of geen aandag geniet het nie.

“Ek wil vir 'n veearts gaan werk want my ma sê ek is baie lief vir diere.”

“Ek het nie geweet dat jy opgelei kan word om 'n veearts te help nie. My ma sê ek is net so lief vir diere soos sy.”

“Ek wil saam met my pa plaagbeheer toepas en hom help bome afsny.”

### Subtema 2: Afwesigheid van belangstelling deur ouers en gesin

Oor hierdie tema, het die respondente het soos volg gereageer:

“Niemand in my gesin het al vir my gevra wat ek wil word nie of dit met my bespreek nie.”

“My ma sê dit maak nie saak wat ek wil word nie.”

“My pa sê ek kan enige iets word solank ek self vir my gesin sorg.”

### Subtema 3: Gebrek aan eie belangstelling

Van die respondente het 'n eerlike mening gelug dat hulle nog nie aan 'n toekomstige beroep gedink het nie.

“Ek het nog nooit daarvoor gedink nie.”

### Tema 3: Verwysingsraamwerk beïnvloed keuses

In teenstelling met die eertydse tradisionele samelewing waarin die riglyne vir adolessensie duideliker was, bevind die huidige geslag adolessent hulle nou in 'n tegnologiese komplekse samelewing waarin die riglyne vir hulle gedrag dikwels vaag is en hulle langer finansieel afhanklik van hul ouers is, terwyl die periode van beroepsopleiding nou ook langer word (Louw, 2001:389).

Hierdie tegnologiese komplekse samelewing impliseer ook 'n veranderingsgeörienteerde samelewing wat gekenmerk word deur tegnologiese en sosiale veranderinge asook veranderinge ten opsigte van rolle, gedragse norme, ideologieë en waardes. Hierdie drastiese veranderinge sowel as ingrypende sosiale, persoonlike en gesinsveranderinge bring geweldige aanpassings mee en die adolessent worstel voortdurend met vraagstukke wat verband hou met selfvertroue en selfgating, emosionele stabiliteit, gesondheid, gesinsinvloede, persoonlike vryheid

groepsdruk, groepsosialiteit en moraliteit.

#### Subtema 1: Onbekend maak onbeminde

Van die respondente verkies om die bekende pad as hulle vaders te volg. Weinig van die respondente se moeders beoefen 'n beroep. Een respondent verkies om so lank as moontlik by haar ouers te bly en een weet nie wat hy na skool gaan doen nie.

“Ek wil nie ander werk as my pa doen nie.”

“Ek wil nie vir 'n assistent leer nie omdat ek net daar wil werk”

“Ek het nie geweet jy kan opgelei word om 'n veearts te help nie.”

“Ek wil so lank moontlik by die huis bly.”

“Ek hou nie van tale nie en wil met my hande werk soos my pa.”

“Ek weet glad nie wat ek na skool gaan doen nie.”

#### Subtema 2: Bekend maak beminde

Daar was wel van die respondente wat blootgestel was aan beroepe deur ander familieledes. Hierdie blootstelling blyk 'n hunkering na iets anders te bring. Dit mag die antwoord wees naamlik om hierdie respondente bloot te stel aan 'n beroepslewe waarvan hulle nie bewus is nie.

“Ek wil graag 'n argitek word. My oom is een en ek gaan baie saam met hom kantoor toe.”

“Ek wil in 'n tegniese rigting studeer.” (Pa is ook 'n tegnikus)

“Ek sal daarvan hou om iets te doen wat ek ken, omdat ek nie van onbekende goed hou nie.”

“Ek wil so lank moontlik by die huis bly.”

#### Subtema 3: Bekend maak onbeminde

Dit wil voorkom asof van die respondente reeds beluit het dat die bekende nie vir hulle aanvaarbaar is nie.

“Ek wil nie trou en kinders hê nie.” (So ek gaan nie vir 'n gesin hoef te sorg nie en daarom hoef ek nie noual daarvoor te dink nie)

Uit hierdie ontleding is daar duidelik drie temas onderskei. Die keuse om te gaan studeer, te gaan werk en die duidelike invloed wat verwysingsraamwerk op keuses

het.

Die keuse van 'n loopbaan is egter vir baie adolessente 'n moeilike taak. Dit behels sowel 'n proses van selfondersoek as 'n deeglike ondersoek van en 'n keuse tussen 'n groot aantal beroepsmoontlikhede.

In die toenemende komplekse tegnologiese samelewing, is dit nodig dat adolessente met die maak van hul beroepskeuse bygestaan word 'n Voorlopige keuse van 'n beroepsrigting help dikwels met die besluit oor die skoolopleiding en die vakkeuses wat dienooreenkomstig gemaak moet word.

Sommige van die respondente wil gaan studeer, maar beskik nog glad nie oor inligting oor waar hulle wil gaan studeer, waarmee hul hul studies gaan betaal en in sommige gevalle, selfs wat hul gaan studeer nie.

Diegene wat wil gaan werk maak die keuse soms onbewus van die feit dat daar studiemoontlikhede in hul belangstellingsveld is. Vir sommige maak hierdie inligting egter steeds nie 'n verskil nie en stel dit nie 'n nuwe geleentheid daar wanneer hulle dit wel weet nie. Ander wil bloot gaan doen wat vir hul bekend is en het geen aspirasies nie.

Aan sommige bied die feit dat hul ouers en dikwels ook die se ouers deur die staat "versorg" was die valse gerusstelling dat hul dieselfde voordeel sal geniet.

**Vraag 5: As jy ideale het, hoe kan jy probeer om dit te verwesenlik**

Tema 1: Harde werk verseker sukses.

Subtema 1: Verantwoordelikheid sal sukses verseker.

Een van die respondente was baie positief en neem reeds verantwoordelikheid vir haar keuse om verder te gaan studeer. 'n Ander respondent wil nie die ervaring beleef om 'n standerd te herhaal nie. Daar is dus tog van die respondente wat reeds gemotiveerd is om 'n sukses van hul skoolloopbaan te maak. Hulle beseft dat harde werk die antwoord is.

“Ek gaan iets bereik in die lewe deur hard te leer en my huiswerk te doen.”

“As ek slap lê dan moet ek my standard herhaal en ek sal nie daarvan hou nie”

#### Subtema 2: Reik uit na bestaande hulpbronne

Van die respondente is bewus daarvan dat daar wel hulpbronne buite die gesin bestaan om sukses in die skool te verseker. Dit sou dus 'n belangrike hulpmiddel wees om vir die jong adolessent in hierdie gemeenskap het help om kennis te neem van bestaande steunstelsels en hulpbronne, ook en veral ook buite die gesin.

“Ek sal iets bereik as ek betyds hulp vra wanneer ek iets in die klas nie verstaan nie.”

“Ek moenie skaam wees om hulp te kry nie.”

#### Subtema 3: Bewussyn van aansprake

Die respondente moet bewus gemaak word dat hulpbronne beskikbaar is en gebruik moet word. Respondente moet geleer word dat hulpbronne nie vir selfsugtige redes benut moet word nie, maar wel vir die doel waarmee dit daargestel is.

Een van die respondente het soos volg gereageer:

“My ma sê die onderwysers word betaal en daarom moet ek seker maak dat ek die skoolwerk verstaan.”

#### Subtema 4: Geleenthede moet benut word

Een van die respondente het oor hierdie tema soos volg opgemerk:

“Ek moet my geleenthede wat ek kry, gebruik asof ek dit nie weer gaan kry nie.”

### Tema 2: Ondersteuning bevorder sukses

#### Sub-tema 1: Benut my hulpbronne

Van die respondente is bewus dat hulle gebruik moet maak van die ondersteuning en hulpbronne wat beskikbaar is. Die bespreking was soos volg:

“Deur iemand te vra om my met my skoolwerk te help wanneer ek hulp nodig het, sal ek iets bereik.”

“Ek sal iets bereik as ek my maats wat meer weet, gebruik om vir my te verduidelik.”

“Ek moet bereid wees om hulp te vra aangesien niemand my kan help as hulle nie weet dat ek sukkel nie.”

“Indien ek nie bereid is om hulp te aanvaar nie, soos byvoorbeeld beurse ensovoorts

sal ek nêrens kom nie.”

“Ek kan my ideale bereik deur ouer kinders se inligting en kennis te gebruik en deur uit hulle foute te leer”

### Sub-tema 2: Neem persoonlike verantwoordelikheid

Van die respondente was bewus daarvan dat sukses op die neem van verantwoordelikheid en vermyding van sake wat hulle kan benadeel, berus.

“Ek kan my ideale bereik deur nie met dwelms deurmekaar te raak nie.”

“Ek kan my ideale bereik deur weg te bly van satanisme en alle ander goed wat jou lewe deurmekaar maak.”

### Sub-tema 3: Glo in myself

Van die respondente het die volgende waarhede genoem:

“Ek kan my ideale bereik deur aansoek te doen vir beurse of lenings.”

“Ek kan my ideale bereik deur te glo in myself.”

“Ek kan my ideale bereik deur nie moed op te gee nie.”

“Ek kan my ideale bereik deur geleenthede te ondersoek.”

“Ek kan my ideale bereik deur nie net met my lewe tevrede te wees”

Uit die bespreking wil dit voorkom of sommige van die adolessente die sleutel tot sukses tot hulself en hul eie insette beperk. Louw (2001:447) stel dit dat adolessente ‘n beroep kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikheid sal pas en wat ‘n positiewe selfbeeld sal bevorder.

‘n Tweede groep beweeg verder as hul onmiddellike self en sal hulp van buite aanvaar in hulle soeke na sukses. Ouers oefen ‘n hoë mate van invloed uit op die keuses van hul kinders. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale wanneer die ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon (Louw, 2001: 449).

Die derde groep besef daar is groter moontlikhede en sal geleenthede in die gemeenskap ondersoek ten einde sukses te behaal. Volgens Louw (2001: 447) bied politieke veranderinge in Suid-Afrika, asook veranderinge in die wêreldwye ekonomie en die veranderinge van ‘n industriële na ‘n inligtingsera, baie nuwe

moontlikhede en uitdagings aan diegene wat die beroepswêreld betree.

Conger (in Louw, 2001:448) meen beroepskeuses van adolessente hou verband met hul sosio-ekonomiese agtergrond. Jeugdige uit die hoër sosio-ekonomiese klas is geneig om beroepe met 'n hoë prestige waarde te kies.

#### **4.8 GEVOLGTREKING**

Uit die bespreking word daar afgelei dat hoewel die kinders in hul eie omgewing aanvaar word, daar tog 'n sterk bewussyn is dat hierdie aanvaarding slegs binne die grense van Wolmer voorkom.

Die kinders voel die afkeer aan, hoewel hierdie afkeer moontlik nie werklik deur hulself ervaar word nie maar eerder oorgehoor is uit gesprekke tussen volwassenes binne Wolmer woonagtig. Die skole wat die gemeenskap bedien het Wolmer as voergebied sodat die armoede baie sigbaar is. Uit die bespreking word daar afgelei dat daar nie werklik heelwat akademiese ondersteuning is vanuit die gesin nie.

Die grootste beperkende faktor blyk te wees begrip van die hedendaagse leerplanne, gebrekkige insig en opleiding van die ouers self en afwesigheid van die ouers as gevolg van ekonomiese voorsiening buitenshuis en die dikwels ongewone werkure wat dit meebring. Histories was die beroepskeuse van die man belangriker geag as die beroepskeuse van die vrou, aangesien dit sy status sowel as die van die gesin bepaal het. Betekenisvolle veranderinge het egter ingetree ten opsigte van die beroepsoriëntasie van die vrou as gevolg van veranderinge in die aard van haar posisie in die man-vrou verhouding, die gesin en die samelewing, die beklemtoning van individualisme en selfvervulling, meer ondersteuningsstelsels vir die werkende vrou, groter finansiële behoeftes en die invloed van die vrouebewegings wat daarop fokus om diskriminasie uit die weg te ruim (Louw, 2001:448).

Uit die bespreking word daar afgelei dat dit wat kinders meeste in hulle lewens begeer anders as wat hul ouers dit gehad het is hul eie huise, 'n eie motor, 'n goeie werk en genoeg geld. Die wat aangedui het dat hul geluk eerste stel se geluk is gesetel in genoeg kos, elektrisiteit en busgeld. Dit sentreer baie om die konkrete

byvoorbeeld lewensmiddele en maak nie voorsiening vir ouers wat afwesig is, stabiele gesonde verhoudings, ensovoorts nie.

.

Uit die bespreking blyk dit dat die antwoorde in die tipiese drie kategorië val. Diegene wat wil gaan studeer maar nog glad nie oor inligting beskik oor waar hul gaan studeer, waarmee hul hul studies gaan betaal en in sommige gevalle selfs wat hul gaan studeer nie. Diegene wat wil gaan werk maak die keuse soms onbewus van die feit dat daar studiemoontlikhede is in hul belangstellingsveld is.

Vir sommige maak hierdie inligting egter steeds nie 'n verskil nie en stel dit nie 'n nuwe geleentheid daar wanneer hulle dit wel weet nie. Ander wil bloot gaan doen wat vir hul bekend is en het geen aspirasies nie. Die wete dat hul ouers en dikwels ook die se ouers deur die staat "versorg" was bied aan hulle die valse gerusstelling dat hul dieselfde voordeel sal geniet.

Uit die bespreking wil dit voorkom of sommige van die adolessente die sleutel tot sukses tot hulself en hul eie insette beperk. 'n Tweede groep beweeg verder as hul onmiddellike self en sal hulp van buite aanvaar in hulle soeke na sukses. Die derde groep besef daar is groter moontlikhede en sal geleenthede in die gemeenskap ondersoek ten einde sukses te behaal.

Dit was opvallend dat die kinders met ouers wat baie betrokke in hul kinders is ewens is, kinders is wat hoër aspirasies het en vir wie dit veilig is om aan 'n toekoms weg van die bekende te dink. Hierdie verteenwoordig egter 'n baie klein persentasie en is vër in die minderheid.

Hierdie kinders wil nie sodanig wegkom van die minder aangename bekende waarmee hul omring is nie, maar wil dit waag om die onbekende te ondersoek en hulself omring met wat hul agtergekom het meer inhou as die minder aangename bekende.

#### 4.9 SAMEVATTING

Uit Wynan se studie blyk dit dat in soverre dit kinders se blootstelling aan chroniese stress behels, chroniese stress die gevolg is van blootstelling aan inwoning in 'n verarmde stedelike gemeenskap waar kinders meer geneig is om uitgelewer te word aan swak behandeling, substandaard behuising en geweld. (Dubow, et al. 2001:5) Wyman (in Dubow, et al. 2001:5) het bevind dat positiewe toekomsverwagtings dien as 'n beskermende faktor vir kinders wat lei onder chroniese stress.

Carver, Reynold en Scheier, (in Dubow, et al. 2001:65) stel dit dat positiewe toekomsverwagting belangrik is en dat dit dien as fokuspunt vir 'n persoon se energie in die strewe na die toekoms. Ten einde toekomstige sukses te behaal, kan individue probleemoplossende vaardighede gebruik, hul sosiale ondersteuningsnetwerk mobiliseer en betrokke raak by vaardighede wat bevoegdheid bevorder (Dubow, et al. 2001: 6).

Adolesent in die Wolmer gemeenskap wat oor beperkte toegang tot tegnologiese hulpmiddels beskik, gaan dikwels arm aan verwagtings as gevolg van inligting wat hom ontbreek as resultaat van beperkte hulpmiddels. In huishoudings waar 'n koerant die gesin van 'n waardevolle halwe brood ontnem, is die gedagte van toegang tot die Internet tuis 'n dikwels blywende onmoontlike droom.

In die Wolmer gemeenskap ontbreek 'n verwysingsraamwerk van ekonomiese welvaart as resultaat van akademiese prestasie en bly die waarde van akademiese onderrig dus 'n abstrakte positiewe verwagting.

Hierdie onderskryf die vermoede dat om positiewe uitkomst te bereik, dit wil sê positiewe verwagtings vir die toekoms, binne sekere kontekste soos byvoorbeeld die akademie, aansienlik verminder word.

Dubow (2001:7) meen hierdie onderskryf die noodsaaklikheid om positiewe toekomsverwagting binne die laer inkomstegroepe te bestudeer.

Veranderlikes wat wel verband hou met positiewe verwagtings het geblyk te wees

probleem-oplossende bevoegdheid, eie-waarde en gesins en portuurgroep ondersteuning, skool betrokkenheid, hoër vlakke van negatiewe portuurgroep invloed en probleemgedrag.

Hierdie bevindinge kom ooreen met vorige studies deur Wynan met kinders en adolessente waardeur daar bevind was dat 'n positiewe verhouding bestaan tussen optimisme/positiewe verwagtings en sosiale ondersteuning-soeke, probleemoplossende bevoegdheid, aanvaarding deur die portuurgroep, skoolbetrokkenheid en sosio-emosionele en akademiese aanpassing. (Wynan et al, 1999 in Dubow, 2001:21)

Hoër vlakke van gesinsondersteuning is bevind dra by tot hoër positiwisme. Kinders wat verminderde ouerlike betrokkenheid beleef het (egskeiding, vervreemding of dood) het laer vlakke van optimisme tot gevolg gehad. Ouerlike betrokkenheid maak voorsiening vir die ouers se toekomsverwagting vir kinders, wat weer kinders se vewagtings vir hulself help vorm.

Ten spyte daarvan dat die behoefte aan die gebruik van en blootstelling aan tegnologiese hulpmiddels binne die Wolmer woongebied tot 'n mate onderskep word deur die omliggende skole, bevind die graad sewe leerder woonagtig binne hierdie woongebied homself in 'n materieël gedepriveerde omgewing waar die toeganklikheid tot die tegnologie wat kenmerkend van sy generasie is. Hierdie faktor word vermoed werk ook tot 'n mate beperkend in op sy eie verwagtings van sy toekoms en kan as 'n bykomende hipotetiese veranderlike beskou word.

Die navorser poog om met hierdie studie aan die hand van die gestelde vrae die adolessente graad sewe leerder (binne die Wolmer woongebied) se persepsie van sy eie toekomsverwagting vas te stel.

Na aanleiding van die bevinding sal daar in 'n opvolg studie gepoog word om te bepaal watter intervensie benodig word om met sukses die toekomsverwagting van die graad sewe leerder in hierdie gedepriveerde milieu te manipuleer en te bevorder; hetsy deur 'n negatiewe persepsie positief te verander deur middel van die bevordering van sekere faktore wat hipoteties as beskerming dien of 'n positiewe

verwagting verder te verhoog indien dit reeds positief blyk te wees.

## **HOOFSTUK 5**

### **SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

#### **5.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk sal die samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings vanuit die bevindinge gemaak word. Uit die bevindinge wat vanuit die fokusgroepe met die jong adolessente verkry is, kon die navorser die navorsingsprobleem wat gestel was, hanteer.

In hoofstuk 1 is 'n algemene inleiding tot die studie gegee. Die keuse van die onderwerp is gemotiveer en die probleem is geformuleer. Die doel van die studie, die navorsingsvraag en –metodologie is uiteengesit. Die navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp, prosedure en werkwyse, die voorondersoek en steekproefneming is verduidelik. Etiese kwessies wat aandag moes geniet is aangespreek en hoofkonsepte soos in hierdie navorsing van toepassing, is gedefinieer.

In hoofstuk 2 is adolessensie as lewensfase bespreek. Die invloed van persoonlikheid, opvoeding en omgewing op die toekomspektief en beroepskeuse het aandag geniet.

In hoofstuk 3 is die invloed van 'n gedepriveerde omgewing op die adolessent uiteengesit. Die toekomsverwagting van die huidige generasie adolessente is verduidelik.

In hoofstuk 4 is die empiriese gegewens uiteengesit. Die data wat tydens die fokusgroepe ingesamel is, is volgens temas en subtemas geanaliseer en geïnterpreteer na aanleiding van literatuur.

#### **5.2 EVALUERING VAN DOELSTELLING**

Die doel van hierdie studie was:

Om vas te stel wat die persepsies van graad sewe leerders in die Wolmer Gemeenskap oor hul toekomsverwagting is.

Hierdie doelstelling het gerealiseer deurdat die navorser 'n literatuurstudie gedoen het, waaruit die fokusgroepe saamgestel is wat gefokus het op die adolessent se persepsie van sy toekomsverwagting. Die aanbevelings vir maatskaplike werkers word in hierdie hoofstuk gemaak.

### **5.3 EVALUERING VAN DOELWITTE**

Die doelstelling is bereik deurdat daar uitvoering aan die volgende doelwitte gegee is:

- Om 'n kennisraamwerk op te bou oor die adolessente-ontwikkelings-stadium; die begrip "toekomsverwagting" en die faktore wat dit beïnvloed; armoede en agtergeblewenheid in gemeenskappe; en die invloed van multi-probleemgesinne op jeugdige.

'n Kennisraamwerk is opgebou en in die literatuurhoofstukke (2 en 3) bespreek. Die literatuurstudie is aangewend vir die opstel van die fokusgroepe. Die kwalitatiewe empiriese data is aan die hand van literatuur geëvalueer.

- Om 'n empiriese studie te doen ten einde vas te stel wat die toekomsverwagting van die graad sewe-leerders in Wolmer is.

'n Empiriese studie is gedoen waarmee daar vasgestel is wat die toekomsverwagting van die graad sewe leerders in Wolmer is. Soos in hoofstuk 4 bespreek, het die fokusgroepe gerealiseer, data is ingesamel en aan die hand van Tesch se stappe geanaliseer en geïnterpreteer.

- Om aanbevelings aan maatskaplike werkers oor die jeugdige se siening van hulle toekoms en die verwagtings wat hulle koester, te maak

Aanbevelings aan maatskaplike werkers oor hierdie jeugdige se siening van hul toekoms en die verwagtings wat hulle koester, sal vervolgens in hierdie hoofstuk gemaak word.

#### **5.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS**

Na aanleiding van die navorsing, kan die volgende samevattende gevolgtrekkings gemaak word:

- Daar is inleidend ondersoek gedoen na wie die adolessent in Wolmer is en waar die adolessent hom bevind in terme van ingrepe deur hulpbronne. Daar is vasgestel dat die gemeenskap 'n lang geskiedenis van agtergeblewenheid het en dat 'n baie groot persentasie van die gesinne gekenmerk word deur multi-probleme. Daar is ook bevestig dat maatskaplike dienste voortdurend hier gelewer word deur verskillende welsynsorganisasies.
- Daar is ondersoek ingestel na voorkomende en ondersteunende aksies wat gerig is op die ondersteuning en ontwikkeling van die gemeenskap by wyse van selfhelpgroepe deur die onmiddellike gemeenskap, sowel as die omliggende gegoede gemeenskappe.
- Die belangrikheid van sosiale netwerke en sosiale ondersteuning binne die Wolmergemeenskap is uitgewys.
- Individue maak dikwels eerder van sosiale ondersteuning gebruik as van ondersteuning deur formele instansies.
- Die verwagtings ten opsigte van sosiale ondersteuning waarop die individuele gesinne in die toekoms sou kon staatmaak, soos byvoorbeeld binne die Wolmer Gemeenskapsprojek, behoort dus ook 'n impak op die individue en hul gesinne te hê.
- Die individue en huisgesinne as sub sisteme pas hul gedrag aan indien verandering in ander sisteme of sub sisteme voorkom.
- Die benutting van hierdie hulpprogramme, dit wil sê die hulpbronne as sosiale ondersteuning wat hoofsaaklik voorsiening maak vir dienslewering aan die voorskoolse, laerskool- en vroeë hoërskoolleerders behoort 'n impak te hê op die toekomsverwagtings van die leerders wat hierby betrokke is.

- Met hierdie studie is dus vasgestel wat die graad sewe leerders se persepsies van hulle toekomsverwagting is en vanuit hierdie bevindinge kon aanbevelings gemaak word met die oog op programme vir ouers en kinders in die Wolmergemeenskap.
- Dit blyk dat daar tussen armoede en veelvuldige probleme by gesinne en hul vermoë om hul probleme suksesvol op te los, 'n baie duidelike verwantskap bestaan. Armoede blyk 'n baie belangrike oorsaak van gesinsdisfunksie te wees. Moeilike lewensomstandighede in gehawende woonbuurte, swak gesondheidstoestande en 'n gebrek aan gemeenskapshulpbronne, kan bydra tot die ondermyning van die gesinslewe.
- Kenmerkend van jeugdige uit tipies armoedige gemeenskappe en multi-problematiese gesinne, is hulle gevoelens van mislukking, aggressie, frustrasie, magteloosheid en 'n verlies aan beheer wat gewoonlik tot uiting kom in wangedrag.
- Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat. Vroeë skoolverlating lei weer tot konflik met die polisie, gevangenisstraf en alkohol- en dwelmmisbruik. Hierdie aspekte blyk deel te wees van die lewe in Wolmer en het uiteindelik weer 'n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die lewe en sy toekomsperspektief en sal deur programme aangespreek moet word.
- Faktore soos egskeiding, enkelouergesinne (veral die met slegs 'n moeder), gesinsdisintegrasie as gevolg van seksuele, fisieke, alkohol- en dwelmmisbruik en huweliksontrouheid, onbetrokkenheid van ouers by hul adolessente, swak kommunikasie tussen ouers en adolessente en ouers se eie houding teenoor voorhuwelikse seksuele omgang, kan 'n invloed op die adolessent se morele waardes en seksuele houdings en gedrag hê.
- Sekere seksuele roekelose gedrag wat by die adolessente mag voorkom, is nie altyd die gevolg van ontoereikende inligting nie aangesien hierdie tot 'n groot mate onderskep behoort te word deur geslagsvoorligtingprogramme by die skole. 'n Gebrekkige waardestelsel en gebrekkige ouerlike betrokkenheid kan verreikende gevolge op die adloesent hê.
- Die navorser se kennis van die Wolmer gemeenskap laat haar tot die

gevolgtrekking kom dat die onbetrokkenheid van sommige ouers, die gebrek aan die ouers se behoefte om sy kind toereikend vir die lewe toe te rus, hul eie gebrekkige kennis asook 'n ongesonde waardestelsel, 'n groot rol speel in die gedrag en persepsie van die adolessent van sy eie toekomsverwagting.

- Wanneer die ouers self nie genoegsaam ingelig en toegerus is met die nodige kennis of nie hierdie kennis kan oor dra nie, word die kind uitgelewer aan inligting van maats, wat dikwels net so oningelig is.
- 'n Gebrekkige vertrouensverhouding speel ook 'n groot rol en veroorsaak dat die kind nie die vrymoedigheid het om die ouer te raadpleeg met vrae en vrese nie.
- In die Wolmer gemeenskap gebeur dit soms dat kinders wat deur hul ouers aangeraai word om nie die skool op 'n vroeë ouderdom te verlaat nie, dit bevraagteken omdat hul ouers self die skool vroeg verlaat het om ekonomies tot die huishouding by te dra.
- As gevolg van hul ouers se dikwels inkonsekwente gedrag, in soverre ouers hul kinders waarsku teen swak geselskap, alkohol- en dwelmmisbruik en ander gevare, maar dan hulle self daaraan skuldig maak, bring soms ernstige konflik tussen volwassenes en kinders mee.
- Identiteitsverwarring ontstaan wanneer adolessente geen besluite oor hulleself of hulle rolle kan neem nie. Hulle kan die rolle nie integreer nie en wanneer hulle deur teenstrydige waardestelsels gekonfronteer word, beskik hulle nie oor die vermoë of selfvertroue om besluite te neem nie. Die toestand van verwarring wek angs, asook apatie.
- Ouerskapstyle beïnvloed die kind se identiteitsontwikkeling ten sterkste.
- Outokratiese ouerskap, soos wat dit uit gesprekke met die adolessente geblyk, dikwels in laer-sosio ekonomiese gesinne voorkom, het 'n ernstige beperkende invloed op die besluitnemingsvermoë van die adolessent. Ook in Wolmer het hierdie 'n beperkende invloed op die toekomverwagting van die adolessent aangesien die adolessent se ontwikkeling van selfvertroue regstreeks hierdeur geraak word.
- Sekere individuele faktore beïnvloed die adolessent se identiteitsontwikkeling naamlik die adolessent se liggaamlike voorkoms, kognitiewe vermoëns en

interpersoonlike verhoudings soos byvoorbeeld met ouers of portuurgroep en verhoudings binne die breër sosiale konteks.

- In gevalle waar 'n adolessent nie kognitief daartoe in staat is om hom/haarself uit sy/haar omgewing te dink, te redeneer, te beplan en verder te neem nie, gaan hy maklik terugval in die sirkelgang van voortbestaan soos die vorige geslagte dit gedoen het. Hy moet gemotiveerd en idealisties wees en realistiese besluite kan neem.
- Gevolglik is dit van belang dat die adolessent in Wolmer wat nie oor die vermoë tot bogenoemde beskik nie, hierin bygestaan word en dat toekomstige programaanbieding in Wolmer doelbewus hierop sal rig om op die wyse die nuwe geslag te bemagtig.
- Faktore soos armoede, swak behuising, oorbewoning, gesinsdisorganisasie, 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning en ouerlike liefde en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings kan adolessente se selfkonsep negatief beïnvloed.
- Om 'n beroep te kies dra by tot die definiering van 'n identiteit en is die eerste stap in die vervulling van 'n volwasse rol. Die keuse van 'n loopbaan is egter vir baie adolessente 'n moeilike taak.
- In die toenemende komplekse tegnologiese samelewing, is dit noodsaaklik dat adolessente bygestaan word met met die maak van hul beroepskeuse.
- 'n Voorlopige keuse van 'n beroepsrigting help dikwels om 'n besluit te neem oor verdere skoolopleiding en vakkeuses wat dienooreenkomstig gemaak moet word. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat In die Wolmergemeenskap hierdie bystand deur ouers ongelukkig nie 'n algemene verskynsel is nie.
- Uit die fokusgroepe het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat gebrekkige ouer belangstelling, gebrekkig inligting oor hoër vlak beroepskeuses en gebrekkige finansies 'n groot invloed het op die toekomsverwagting van die adolessent in Wolmer.
- Ouers oefen 'n groot invloed uit op die keuses van hul kinders. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale indien hul ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon.

- Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie afwesigheid van ideale deur die ouers, 'n wesentlike invloed op die kinders in Wolmer het.
- Sosio-emosionele behoeftes wat nie aangespreek word nie, werk mee dat die kind skolasties swak presteer en te vroeg die skool verlaat.
- Hierdie aspekte het uiteindelik weer 'n invloed op die kind se bereiking van sy doel in die lewe en sy toekomspektief.
- Adollesente wat min ideale koester oor die toekoms en verdere studies ten einde 'n sekere beroep te kan beoefen, kan vinniger in ernstiger verhoudings betrokke raak en trou.
- Omdat hy/sy nie gaan studeer nie, is hy vinniger finansieël onafhanklik en in staat tot 'n huwelik.
- In die Wolmergemeenskap is dit wel die geval dat adollesente as gevolg van 'n gebrek aan verdere studies vinniger in ernstige verhoudings betrokke raak en trou. Na etlike jare blootstelling aan die gemeenskap het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat adollesente in die Wolmergemeenskap nie noodwendig finansieël selfversorgend is nie en dit wil sê dus in werklikheid nie instaat tot 'n huwelik is nie.
- Die generasieteorie poog om groepe wat saamwoon, te identifiseer en wat, as gevolg van sekere belangrike gebeure wat plaasvind gedurende hul volwassewording, 'n sekere wêreldbeskouing deel.
- Dit word as ideaal gestel dat adollesente 'n beroep kies wat by hul vermoëns, belangstellings en persoonlikheid sal pas en wat 'n positiewe selfbeeld sal bevorder. Vanwee die omstandighede is dit nie altyd haalbaar vir die adollesente van Wolmer nie.
- Adollesente in die Wolmer gemeenskap wat oor beperkte toegang tot tegnologiese hulpmiddels beskik, gaan dikwels arm aan verwagtings as gevolg van 'n gebrek aan inligting vanwee beperkte hulpmiddels. Skole moet aangemoedig word om in hierdie behoeftes te voorsien.
- Ouers oefen 'n groot mate van invloed op die keuses van hul kinders uit. Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adollesente gewoonlik hoë beroepsideale wanneer die ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon.
- Dit gebeur egter slegs in uitsonderlike gevalle in Wolmer, aangesien die ouers

se verwagtings vir hul kinders dikwels geskoei is op hul eie beroepsideale, wat in Wolmer baie laag is.

- Dit is wel moontlik dat sekere ingrypende gebeure lewensveranderend kan wees en die waardestelsel kan verander maar dit is uiters raar en word 'n paradigmaskuif genoem. Meeste onderliggende waardes bly egter onveranderd regdeur 'n persoon se lewe.
- Die mens se waardestelsel word deur sy familie, vriende, gemeenskap, spesifieke gebeure en die era waarin hy gebore, grootword en gevorm word, beïnvloed. Daarom dat kinders se lewens dikwels nie veel van hul ouers sin verskil nie omdat dieselfde waardes dikwels vir geslagte lank oorgedra word.
- In die Wolmer gemeenskap is dit ook moontlik dat sekere groot gebeure so lewensveranderend kan wees dat dit die waardesistiem kan verander. Meeste van hierdie adolessente se onderliggende waardes bly egter onveranderd regdeur hul adolessentefase en word grootliks gevorm deur dit waaraan hul die eerste tien jaar van hul lewens blootgestel was.
- Die afleiding kan dus gemaak word dat enige ingrepe in die waardestelsels van adolessente uit hierdie gemeenskap, verkieslik voor die ouderdom van tien jaar moet geskied en toekomstige programme moet dus daarvolgens aangepas word.
- Identiteit as 'n bewustheid van hom- of haarself as onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing.
- Portuurgroepdruk en portuurgroepaanvaarding het 'n groot impak op keuses wat gemaak word en die neem van verantwoordelikheid.
- In die Wolmer gemeenskap kan faktore soos armoede, swak behuising en oorbewoning, gesinsdisorganisasie, 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning en ouerlike liefde en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings adolessente se selfkonsep negatief beïnvloed wat 'n direkte invloed het op sy/haar toekomstige lewensverloop.
- Die adolessent moet gemotiveerd en idealisties wees en realistiese ingeligte besluite kan neem. Dit kan die adolessent doen deur hom/haar op die bes moontlike wyse te vergewis van alle beskibare geleenthede wat sy/haar generasie hom/haar bied.
- As gevolg van neerdrukkende armoede verkies adolessente soms om die

huishouding te vermy, en sodoende dus geleentede om sake van gemeenskaplike belang te bespreek, verlore laat gaan.

- Bekommernisse onder die jeug word as volg geïdentifiseer: werkloosheid wanneer hulle skool verlaat; ouers wat sterf; om nie suksesvol in hul lewe te wees nie; en die verskrikking van HIV.
- Die toekomsverwagting van die adolessent binne 'n gedepriveerde milieu word beïnvloed deur die verskillende faktore wat kenmerkend van die bestaan van die kind binne hierdie milieu is.
- Ten einde toekomstige sukses te behaal, kan individue hul probleemoplossende vaardighede gebruik, hul sosiale ondersteuningsnetwerk mobiliseer en betrokke raak by vaardighede wat hul sosiale bevoegdheid bevorder.
- In die Wolmer gemeenskap ontbreek 'n verwysingsraamwerk van ekonomiese welvaart as gevolg van akademiese prestasie en bly die waarde van akademiese onderrig dus 'n abstrakte positiewe verwagting. Dit onderskryf die vermoede dat die kans om positiewe uitkomst binne sekere kontekste te bereik, wat positiewe verwagtings vir die toekoms insluit, aansienlik verminder word..
- Daar is bevind dat hoër vlakke van gesinsondersteuning bydra tot meer positiwiteit. Kinders wat swak ouerlikebetrokkenheid beleef het (egskeiding, vervreemding of dood), het laer vlakke van optimisme.
- Ouerlikebetrokkenheid maak voorsiening vir die ouers se toekomsverwagting vir kinders, wat weer kinders se verwagtings vir hulleself help vorm.

## 5.5 AANBEVELINGS

Met inagneming van die doelstelling van die studie en aan die hand van die gevolgtrekkings kan die volgende aanbevelings gemaak word:

- Die volgende aspekte moet daadwerklik deur maatskaplike werkers aangespreek word in die ontwikkeling van programme vir adolessente in die Wolmergemeenskap:
  - Die gebrek aan ondersteuning deur ouers, sibbe en ander sisteme;
  - Die identifisering van beperkte of ontbrekende hulpbronne en die

bewusmaking van adolessente van bestaande hulpbronne, intern en ekstern;

- Die ontwikkeling van die potensiaal om moontlikhede te identifiseer ten spyte van hul eie probleme;
- Probleme as gevolg van ondoeltreffende kommunikasiepatrone binne familie- en gesinsverhoudings;
- Motivering om uit te styg bo hul swak omstandighede;
- Motivering om uit te styg bo die kringloop van hul historiese ontwikkeling (met ander woorde kinders gebruik soortgelyke bekende patrone om dit wat hulle wil hê, te bereik;
- Vermyding van kultuurgroep negatiewiteit;
- Die behoefte aan die gebruik van en blootstelling aan tegnologiese hulpmiddels binne die Wolmer woongebied moet wyer en meer gereedlik onderskep word deur die omliggende skole en hulpbronne om toeganklikheid tot die tegnologie, wat kenmerkend van hierdie generasie is, te verhoog.
- Voorsiening moet gemaak word vir hulpbronne waardeur die graad sewe leerder vanuit 'n ekonomies gedepriveerde omgewing soos Wolmer, nie probleme met sy aanpassing sal ondervind wanneer hy hom binne 'n tegnologiese omgewing bevind waaraan hy nie genoegsame blootstelling gehad het en waarvoor hy nie toereikend toegerus is nie.
- Deur vas te stel wat die toekomsverwagting van die jeugdige self is, kan bemagtigingsprogramme in werking gestel word om die jeug te help om deur die jarelange kringloop te breek en hul ideale te verwesenlik.
- Daarwerklike beroepsvoorligtingsgeleenthede waar die adolessente blootgestel word aan die beroep waarin hy belangstel en ander soortgelyke beroepe, moet gereël word.
- Uit die bespreking het geblyk dat die respondente bewus is van min positiewe ondersteuning deur die familie. Ondersteuning word ook bevestig. Ouerprogramme moet 'n realiteit word en daarwerklik aangespreek word.
- Bykomende huiswerksentrums, waar adolessente ook na skoolure leiding en ondersteuning kan ontvang, kan deur vrywilligers uit ander gemeenskappe beman word.
- Werkskeppingsgeleenthede moet ondersoek word vir adolessente wat nie in

aanmerking kan kom vir verdere opleiding nie.

- Adolescente moet die positiewe belewenis ervaar dat daar wel 'n steunstelsel is, al is dit beperk. Dit is belangrik dat adolessente ervaar dat hy/sy ondersteuning vanuit sy/haar gemeenskap kry aangesien hulle besig is om bande met die ouers te breek en stelselmatig hul rol binne die portuurgroep en dus ook gemeenskap sal inneem.
- Ongeag sosiale klas en eie vermoëns het adolessente gewoonlik hoë beroepsideale indien hul ouers hoë ideale vir hul koester, hul aanmoedig en goeie skoolprestasie deur erkenning beloon. Hierdie aspek kan die tema van 'n oerleidingsprogram uitmaak.
- 'n Voorlopige keuse van 'n beroepsrigting help dikwels met die besluit oor die skoolopleiding en die vakkeuses wat dienooreenkomstig gemaak moet word en onderwysers moet die verantwoordelikheid neem om hierdie adolessente by te staan in die keuse van vakke sodat hulle nie later by gebrek aan die nodige vakke, benadeel word ten opsigte van beroepsmoontlikhede nie.
- Hierdie adolessente is soms onbewus van die feit dat daar studiemoontlikhede in hul belangstellingsveld binne bereik van hul beskikbare finansiële ondersteuning bestaan.
- Aan sommige bied die feit dat hul ouers en dikwels ook die se ouers deur die staat "versorg" was die valse gerusstelling dat hul dieselfde voordeel sal geniet. Programme waarin die adolessent se selfbeeld gebou word en hulle gemotiveer word om verantwoordelikheid vir hulle lewe te aanvaar, moet ingestel word. Gemotiveerd om 'n sukses van hul skoolloopbaan te maak moet hoë prioriteit geniet.
- Adolescente moet bekend gestel word aan hulpbronne buite die gesin wat kan meehelp om sukses in die skool te verseker. Dit sou dus 'n belangrike hulpmiddel wees om vir die jong adolessent in hierdie gemeenskap het help om kennis te neem van bestaande steunstelsels en hulpbronne, veral ook buite die gesin.
- Respondente moet geleer word dat hulpbronne nie vir selfsugtige redes benut moet word nie, maar wel vir die doel waarvoor dit daargestel is en as 'n hulpmiddel bykomend tot hul eie inset.
- Die grootste beperkende faktor blyk te wees begrip van die hedendaagse

leerplanne, gebrekkige insig en opleiding van die ouers self en afwesigheid van die ouers as gevolg van ekonomiese voorsiening buitenshuis en die dikwels ongewone werkure wat dit meebring. Ouerprogramme moet aangepas word om hierdie probleem op te vang.

- Navorsers wil aanbeveel dat die ouers van adolessente ook ingelig word in die moontlikhede wat vir adolessente beskikbaar is in terme van beroepskeuses.
- In die Wolmer gemeenskap ontbreek 'n verwysingsraamwerk van ekonomiese welvaart as resultaat van akademiese prestasie en bly die waarde van akademiese onderrig dus 'n abstrakte positiewe verwagting. Hierdie is nog 'n tema wat in programme aangespreek moet word.
- Positiewe verwagtings vir die toekoms, binne sekere kontekste soos byvoorbeeld die akademie en beroepslewe moet aandag geniet.
- Onderwysers moet bewusgemaak word dat leerders wat hoër vlakke van positiewe verwagtings koester, dikwels beter sosio-emosioneel aangepas is en as gevolg daarvan meer toereikend ingerig sal wees om aan die hoër eise/verwagtings wat aan hul gestel kan word, te voldoen.
- Daar word aanbeveel dat daar in die Wolmergemeenskap deur toekomstige programaanbieding gefokus word op sosiale ondersteuning, probleemoplossende bevoegdheid, portuurgroep aanvaarding, skoolbetrokkenheid en sosio-ekonomiese aanpassing.
- Daar word verder aanbeveel dat die opleiding/onderrig/inligting aan ouers wat betref kinders se toekomsverwagting, wesenlik aandag geniet wanneer programaanbieding, gerig op die bevordering van die toekomsverwagting van adolessente, aangespreek word.

## **5.6 NAVORSINGSVRAAG:**

Die navorsingsvraag vir hierdie studie was:

Wat is die toekomsverwagting van graad-sewe-leerders in die Wolmergemeenskap?

In hierdie studie is hierdie navorsingsvraag gestel, al is dit nie die doel van verkennende navorsing om hierdie vrae te beantwoord nie, is die vrae tog beantwoord. Die antwoorde op hierdie navorsingsvraag is in die gevolgtrekkings en aanbevelings hanteer. Vir verdere navorsing kan die volgende vrae gestel word:

Watter rol speel die hulpbronne in die Wolmer-gemeenskap in die bevordering van 'n positiewe toekomsverwagting onder jeugdige?

Is dienslewering deur hulpbronne in die Wolmer-gemeenskap gerig op die werklike behoefte van die huidige generasie adolessente?

Is die hulpbronne in die Wolmer-gemeenskap toerekenbaar in hul dienslewering aan die huidige generasie adolessente, die toekomstige generasie volwassenes?

Watter rol speel hulpbronne in die Wolmer-gemeenskap in die bevordering van 'n onafhanklikheids-kultuur wat betref die toekomstige generasie volwassene?

## **5.7 SLOTGEDAGTE**

Bestaande hulpbronne lewer 'n onontbeerlike en dikwels uiters ondankbare diens in die gemeenskappe wat hulle bedien. Etlke kosbare manure word afgestaan in die proses wat diens gelewer word deur die verskillende aksiegroepe (wat sinoniem geraak het met hierdie soort instellings) binne die hulpbronne. Die moontlikheid dat van hierdie aksies nie noodwendig hul doel bereik nie maak hierdie kosbare manure in effek 'n vermorsing van kosbare tyd. Gegewe die huidige ekonomiese klimaat, het hierdie verseker onbekostigbaar geraak vir enige hulpbron of gemeenskapaksie.

Die feit dat baie van hierdie hulpbronne uitsluitlik gemeenskap gedrewe is en waarskynlik ook finansieël afhanklik van die gemeenskap funksioneer, maak die aanwending van fondse 'n saak wat te alle tye met groot oorleg, nugterheid en oordeelkundige beplanning benader moet word. Toerekenbaarheid aan die gemeenskap dus 'n alomteenwoordigheid.

Die waarskynlikheid dat aan aksies wat geen dividende lewer nie finansiële steun toegewys word, kom onverantwoordelik voor en grens feitlik aan roekeloosheid. Word die kringloop van afhanklikheid aangemoedig deur spesifiek die lewering van dienste wat nie die doelbewuste wegbreek uit die kringloop van armoede bevorder nie en moontlik selfs as kernbesigheid van hulpbronne bedryf word, moet die

gemeenskap homself die vraag afvra of daar nog bestaansreg vir hierdie hulpbronne is.

Daar is in die toenemend verslegtende ekonomiese omstandighede waarin die gesinne van etlike van die huidige generasie adolessent hom of haar bevind, nie ruimte vir vermorsing nie. Lewensmiddele het in baie huishoudings 'n baie skaars kommoditeit geraak en steun aan die armes 'n realiteit wat geen samelewing kan vryspring nie.

Eerlike introspeksie deur hulpbronne in die gemeenskap oor hul werklike inset wat betref die aanmoediging van die onafhanklike funksionering van die verbruikersgemeenskap sowel as oor die onmiddellike rol wat hulpbronne tans inneem in die bevordering van positiewe toekomsverwagting by die huidige generasie adolessent, kan as barometer dien vir hul bydrae tot die nuwe generasie armlastige.

Die navorser is ten slotte van mening dat dit baie belangrik geword het vir hulpbronne in hierdie gemeenskap om ernstig te besin oor hulle rol, wat betref die bevordering van positiewe toekomseverwagting en as uitkoms die bevordering van ekonomiese onafhanklikheid.

## BIBLIOGRAFIE

1. Bender, C.J.G. 1997. Kinderontwikkeling vanuit 'n opvoedkundige perspektief. Klasaantekeninge K.I.O. Pretoria: Universiteit van Pretoria
2. Bloom, M. 1986. The Experience of Research. New York: MacMillan.
3. Codrington, G. 1999. Profile of SA Youth and Families.  
<http://www.youth.co.za/profile/christian.htm>
4. Codrington, G. 1997. Generations from Silent, through Boomer and X to Millenium.  
<http://www.home.pix.za/gc/gc12/generations.htm>
5. Cotterell, J. 1996. Social networks and Social Influence in Adolescence. London: Routledge.
6. Cresswell, J.W. 1994. Research Design: Qualitative and Quantative approaches. Thousand Oaks: Sage.
7. de Vos, A.S; Shurink, E.M. en Strydom, H. 1998. Research at Grass Roots. A primer for the caring professions. in de Vos A.S. (Editor). 1998. Pretoria: van Schaik.
8. Doodley, D. 1984. Social Research Methods. New Jersey: Prentice-Hall.
9. Dubow, EF. 2001. Predictors of future expectations of inner-city children: a 9 month prospective study. Journal of Early Adolescence 21, (1) February 2001: 5-28.
10. Engelbrecht, E.L. 1997. Maatskaplike hulpverlening aan multi-probleem gesinne. Pretoria: Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde verhandeling.
11. Fein, G.G. 1978. Child Development. New Jersey: Prentice-Hall.

12. Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. 2002 In de Vos, A.S. (Editor) Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions 2 nd edit. Pretoria: Van Schaik.
13. Gillis, H. 1999. Couselling Young People. Cape Town: Kagiso.
14. Gouws, E. & Kruger, N. 1994. The Adolescent: An Educational Perspective. Pretoria: Butterworth Publishers.
15. Grinnell, R.M.E. & Williams, M. 1990. Research in Social Work: a primer. Istasca: Peacock.
16. Hofmeyer, L. 1996. Navorsingsontwerpe MWT422 Pretoria:Universiteit van Pretoria. Departement Maatskaplike Werk.
17. Huysamen, G.K. 1994. Methodology for the Social Behavioral Sciences. Halfway House: Sciences International Thimson Publishing.
18. Landman, W.A. 1988. Navorsingsmetodologiese grondbegrippe. Pretoria: Serva-Uitgewers.
19. Louw, DA; Van Ede, DM; Louw, EA. 2001. Menslike ontwikkeling (3de uitgawe). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.
20. Meyer, W.F. 1988. Die ego-sielkundige teorie van Erikson. In Meyer, W.F; Moore, C. & Viljoen, H.G. (Reds.) Persoonlikheidsteorieë – van Freud tot Frankl. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
21. Miller, P. 2002 Influences affecting the information interaction of South African FET learners.  
<http://www.wcape.school.za/subject/CS/PHS/pmiller/talk3.doc>
22. Mouton J. & Marais, H.C. 1990. Basiese begrippe : Metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RAN.

23. Mouton, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: Van Schaik
24. Odendaal, F.F. 1997. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand: Perskor uitgewery.
25. Paynter, K. 1996. Profile of Youth Ministry in the 90's.  
<http://wwwbtc.co.za/youth/ymprof.htm>
26. Taljaard, D.J. 1994. 'n Houingsopname oor gemeenskapgevoel en toekomsverwagting in 'n geslote gemeenskap as profielstudie vir 'n sosiale-impakanalise. Pretoria: Universiteit van Pretoria. Departement Sielkunde.
27. Thom, D.P. 1990. Adolesensie. In Louw, D.A. (Red.) Menslike Ontwikkeling. 2de Uitg. Kaapstad:Haum.
28. Thomlinson, MM and Swartz, L. 2001. The "Good Enough Community": Power and Knowledge in Sa Community Psychology.  
[http://www.hrscpublishers.co.za/e-library/Reflective\\_Practice/text.pdf](http://www.hrscpublishers.co.za/e-library/Reflective_Practice/text.pdf)
29. Tutly, L.M; Rothery, M.A. 7 Grinnell, R.M. 1996. Qualitative Research for Social Workers. Needham Heights: Allyn & Bacon.
30. Wiechers, E & Erasmus, G. 1992. Die milieugeremde voorskoolse kind: enkele probleme rakende toereikende onderwysvoorsiening. Educare, 21(1):129-136.

#### **LYS VAN BYLAES**

- Bylaag A Brief aan die respondent en sy/haar ouers  
Bylaag B Toestemmingsbrief  
Bylaag C Vraelys

BYLAAG A

BYLAAG B

## BYLAAG C

	VRAAG	TEMA	SUBTEMA
<b>OPENING</b>	A. Wie motiveer ondersteun en moedig jou aan om te presteer, om 'n sukses van jou lewe te maak en help jou met take, huiswerk en ander bedrywighede?		
<b>INLEIDEND</b>	B. As jy jou skoolopleiding voltooi het, wat beplan jy om na skool te doen?		
<b>OORGANG</b>	C. Wat sal jy eendag in jou lewe anders wil hê as in die van jou ouers?		
<b>SLEUTEL</b>	D. Hoe dink jy voel jou maats en die kinders in die gemeenskap oor jou en jou gesin en hoe voel jy oor die gemeenskap waar jou gesin woon?		
<b>END</b>	E. As jy ideale het, hoe kan jy probeer om dit te verwesenlik		